#98 **BIERPLESIER** KOOK EN BRAAI MET MOUT EN LAGER

APRIL **2017**

# Weg Sleep

HAAK AAN...



ONS TOETS
**JURGENS XPLORER**
Nuwer, beter, mooier

MAHINDRA XUV500
**Sakpas-sleepkrag**

# Witsand

**KAMP BY DIE SEE OF IN DIE BERG**

Serengeti toe
**1 vakansie**
**5 lande**
**15 000 km**

R38,00 (BTW ingesluit)
Namibië N$40,50
APRIL 2017

DINOKENG
Soek die Groot 5 by
3 nuwe kampplekke
**in Gauteng**

Hou jou wa koel
**Die ABC van lugreëlaars**

KAMPSKOUE
Hier is al die nuwe waens!
Bl. 62

**TOERUSTING** MAAK DIT MAKLIK MET 'N WOONWASKUIWER


'N TENT VIR ELKE TIPE KAROO TERREIN
18 grond tente om van te kies • Beskikbaar in 2 – 8 man • Vanaf R995
CAMPWORLD
GET UP AND GO
www.campworld.co.za
52
Met Campworld kan jy
52 vakansies per jaar hou

# Inhoud

'So het ek self 'n paar jaar gelede 'n spiksplinternuwe wa teruggegee omdat dit 27 fabrieksfoute gehad het.' 14



ONS TOETS Die Xplorer is Jurgens se Marco Polo-antwoord op die bos... 42



SLEEPTOETS Mahindra se XUV500 trap vas voor die wa. 46



KAMPKOS Bier is ook mos kos! 56

**WegSleep** HAAK AAN...

**April 2017 #98**


**REDAKTEURSBRIEF EN REDAKSIELYS** .................... 4

**PRAAT SAAM:** Ontmoet ons vierbeen-leser... én pasop vir dié Kgalagadi-sandpad ..... 6

**PLAN B:** Gee jou wa se gordyne nuwe lewe, en laat jou leer hand bysit in die kombuis ... 10

**DIGITAAL:** Skoon en goeie badkamergeriewe is tien teen een altyd 'n vereiste .......... 12

**NEELS SE STOEPTENT:** Jurgens Ci, help! ......... 14

**WITSAND:** Kies tussen twee kampplekke by die see, of mik vir stilte in die berg .................. 16

**DINOKENG:** Almega, die Dinokeng-oord en Tshikwalo is nuut in dié Groot Vyf-park ......... 28

**JAN TUISBLY SE DINGES:** Oos, wes, tuis bes in die Vrystaatse suidwes ........................................ 36

**TOERUSTING:** 'n Woonwaskuiwer is so nuttig soos 'n fiets met 'n enjin ............................................ 52

**SLEEPDOKTER:** Kry lugreëling vir jou wa......... 60

**SLEEPNUUS:** Soveel dae, soveel waens ......... 62


## HIER HET ONS AFGEHAAK





**MY STORIE:** Van PE na die Serengeti en terug - ja,15 000 km deur 5 lande se sleep ...... 70

**MY SLEEPGOED:** Slepers wys hulle wiele ..... 74

**VISHOEKIE:** Al 'n hond en 'n haai gekruis? ... 78

**MY STAANPLEK:** Sentraal in die Middeland 80

**SOSIAAL:** Verjaardagfoto's in die kampplek 82

**PRETBLAD:** Voltooi ons blokraai ........................ 83

**RUBRIEK:** Waar jong manne saam kamp en jag, is daar moeilikheid, sê Dirk Kok .................. 96

**SLEEPSEL:** Wors op wiele ........................................... 98



# Dis puik(er)!

Verlede jaar dié tyd was die opskrif op dié bladsy: "Die kampeerbedryf staan nie stil nie." Dit was nadat ek die bloei en vooruitgang van die woonwa- en kampeerbedryf op die twee groot Februarie-skoue – die kykNET-buite-ekspo by Malmesbury en die Beeld-vakansieskou in Midrand – gesien en beleef het.

En wat sê ek nou?

Dié twee skoue het vanjaar behoorlik uit hulle nate gebars. Die plate en plate geparkeerde karre buite die Malmesbury-skou en die duisende mense wat daar rondgekyk het, was ongelooflik. En die rekordgetal van 28 486 besoekers op vanjaar se Beeld-skou was puik – dis 6% meer as verlede jaar se bywoningsyfer.

Die verblydende ding was dat mense nie net gekom het om te kyk nie – hulle het ook gekoop! Enigiets van kampstoele tot die duurste wa.

Ons weet van 'n wavervaardiger wat op die Beeld-skou digby 50 waens verkoop het. Ja, verkoop. Die deposito's is betaal.

Die ander verblydende ding is al die nuwe waens wat vanjaar weer op die skoue bekend gestel is – en dis oor die hele spektrum: van nuwe sleepwaens en woonwaens tot drie nuwe dubbelas-woonwaens en ryhuise. Daarmee saam is 'n klomp ander waens verbeter. Leon vertel jou op bl. 62-68 alles hieroor. (Ja, dis ons meeste nuusblaaie tot nog toe.)

Ek is dus verheug om vanjaar weer te kan sê: Die kampeerbedryf staan nie stil nie! Ja, dié slag met 'n uitroepteken.

Dit was lekker om van julle op die skoue te sien en ook lekker om nuwe vriende te maak op die skou.

Lekker lees aan jou April-*WegSleep*. Sien jou op wegsleep.co.za en facebook.com/WegSleep. Óf gesels met my by dirk.kok@wegsleep.co.za.

Dirk

**REDAKTEUR**




42

"Die Safari Xplorer is een van Jurgens Ci se gewildste modelle en draf al 'n hele paar jaar op die land se paaie. Nou het Jurgens hom opgekikker."

**Plek** Kommetjie, Kaapstad **Fotograaf** Leon Botha




WegSleep

**REDAKSIE**
**REDAKTEUR** DIRK KOK dirk.kok@wegsleep.co.za
**JOERNALISTE** LEON BOTHA leon.botha@wegsleep.co.za
SCHALK JONKER schalk.jonker@wegsleep.co.za
**UITLEGKUNSTENAAR** DOMINIC WIENAND
**TEKSREDAKTEUR** PETER VAN NOORD
**HOOF: DIGITAAL** ZIGI EKRON zigi.ekron@wegsleep.co.za
**WEBREDAKTEUR** ANNEMIE LOMBARD

**HOOF: MEDIA24 DRUKMEDIA** ISHMET DAVIDSON
**UITVOERENDE FINANSIËLE HOOF: LEEFSTYL** RAJ LALBAHADUR
**HOOFBESTUURDER: SPORT EN ONTSPANNING** LOUISE MENY-GIBERT
**UITGEWER** NERISA COETZEE
**FINANSIËLE BESTUURDER** MUNEEB ADAMS
**SIRKULASIEHOOF** LEONI VOLSCHENK
**KLEINHANDELSHOOF: SIRKULASIE** ANDRELINE VAN TONDER
**SIRKULASIEBESTUURDER** RIAAN WEYERS riaan.weyers@media24.com

**HOOFBESTUURDER: ADVERTENSIES** DAVID HAY
**SAKEBESTUURDER DURBAN** THERESA LAVERY 031 566 2442 theresa.lavery@media24.com

**ADVERTENSIEVERKOPE**
**NASIONALE VERKOOPSBESTUURDER: MOTOR- EN REISTYDSKRIFTE** DANIE NELL danie.nell@media24.com
JEANINE KRUGER 082 342 2299 jeanine.kruger@media24.com
LIZEL PAUW 082 876 8189 lizel.kok@media24.com
NICK FITZELL 071 430 6311 nick.fitzell@media24.com
SANETHA MEINTJIES 084 416 5797 sanetha.meintjies@media24.com
SHARLENE SMITH 083 583 1604 sharlene.smith@media24.com
THEA THOMAS 078 450 7771 tthomas@media24.com

**BEMARKING** LISE COETSEE lise.coetsee@media24.com
**UITLEG: ADVERTENSIES** PAIGE VILJOEN
**TEKSREDAKTEUR** BRIGITTE BLANCKENBERG

**PRODUKSIE** KERRY NASH en GERDA ENGELBRECHT
**AANLYNWINKEL** KELYN DONOUGH kelyn.donough@media24.com

**KONTAK ONS**
DONVÉ MYBURGH 021 443 9830 donve.myburgh@media24.com

**KAAPSTAD**
**POSADRES** *WegSleep*, Posbus 740, Kaapstad 8000
**STRAATADRES** 4de verdieping, Absa-gebou, h.v. Adderley- en Riebeeckstraat, Kaapstad 8001
**JOHANNESBURG**
**POSADRES** *WegSleep*, Posbus 785266, Sandton 2146
**STRAATADRES** Kikuyustraat 6, Sunninghill 2191

INTEKENINGE, HERNUWINGS EN NAVRAE
**GEDRUKTE UITGAWE**
087 740 1035 of 021 065 0033 (internasionaal)
021 405 1103 | wegsleepsubs@media24.com
"wegsleepinteken" na 32361 (R1 per sms)
mysubs.co.za/wegsleep
**INBELSENTRUM-URE**
Maandae-Vrydae 08:00-17:00
**DIGITAAL**
0861 697 827 | mysubs.co.za/wegsleep
suppport@mysubs.co.za

Printed by paarlmedia A division of Novus Holdings
**DRUKWERK**
Paarl Media Kaap, 'n afdeling van Novus Holdings
Tel. 021 550 2440
Alle regte word voorbehou.

**VERSPREIDING**
ON THE DOT

*WegSleep* se geouditeerde sirkulasiesyfer vir die tydperk Julie-September 2016 is **22 253**


© Kopiereg *WegSleep*. Alle regte voorbehou. Gedeeltelike of algehele reproduksie sonder die skriftelike toestemming van die redakteur is streng verbode.

MEDIA24

CAMPWORLD

# Loftus Caravan City

## SUID-AFRIKA SE GROOTSTE VERKOPER HET DIT ALLES!







***Volle reeks nuwe Sprite, Gypsey, Jurgens en Safari veelterreinwoonwaens. *Baie gehalte-gekeurde gebruikte woonwaens. *Campworld-winkel met alle buitelewetoerusting en bykomstighede, asook woonwa-onderdele. *Volle reeks veelterreinsleepwaens, sowel as bagasiesleepwaens. Groot uitstalling van Howling Moon-kamp- en daktente. *Volledige fabrieksgekeurde werkswinkel.**

JURGENS | Gypsey Distinctly different | Sprite LIGHT YEARS AHEAD | JURGENS SAFARI | HOWLING MOON | VALUE VANS PRE-OWNED CARAVANS

**150 Republiekweg, h/v Rabiestraat, Fontainebleau, Randburg.**

**TEL (011) 792-1456 FAX (011) 793-2312 E-POS: INFO@LOFTUSCARAVANS.CO.ZA**

**WEB: WWW.LOFTUSCARAVANS.CO.ZA S26 06.240 E27 58.580**

# Briewe

Ons hoor graag wat jy op die hart het! Skryf vir ons by wegsleep@weg.co.za of *WegSleep*, Posbus 740, Kaapstad, 8000. Onthou asseblief om jou volledige adres en kontakbesonderhede te gee. *WegSleep* behou hom die reg voor om briewe te redigeer en verkort – en na goeddunke in die tydskrif, op die webwerf en elders te gebruik.

## Bieliebrief

**Tienie de Jager** wen 'n *WegSleep* Escape Gear-sak ter waarde van R950. Elke mens het 'n behoorlike toksak nodig, al speel jy lankal nie meer vir Bapsfontein se tweedes in die streekliga nie. Hierdie 65 ℓ-sak het genoeg pakplek vir twee weke se jeans, PT-broeke, T-hemde en 'n warm trui of twee. Die boonste flap rits groot oop sodat jy maklik kan pak en nie hoef te grawe vir sokkies nie. Die sak is van sterk seil gemaak met duursame YKK-ritssluiters. Jy kan die sak in 'n sandkleur of donkergrys bestel. Loer gerus op ons webwerf **winkel.weg.co.za**




## Dankie vir goeie mense!



Op 'n onlangse vakansie leer ek op 64 nóg 'n les in menswees, en ek staan verstom oor hoeveel mense omgee en help.

Ek is fiks en het 'n hele paar Comrades-marathons agter die blad, maar kort voor Kersdag kry ek 'n hartaanval terwyl ek en my vrou, Trix, met ons woonwa by Canon Rocks in die Oos-Kaap kamp. Eers wil ek nie dokter toe nie, maar teen Kersdag besef ek dit kan my einde beteken.

Vriende van ons, Leon en Cecile Theron, ry toe al die pad uit Villiers om my na die Green Acres-hospitaal in Port Elizabeth te bring waar ek in die harteenheid opgeneem word.

Toe die familie en vriende in die Vrystaat hoor wat gebeur het, spring Fred en Alida Schabort in hulle motor en ry al die pad van Parys af om ons te kom haal. Hulle sal ook die woonwa terugsleep Frankfort toe. In die kampplek maak Lourens en Annelie de Klerk, 'n predikantspaar van Centurion, intussen vir ons kos. Pieter Claasen, 'n ouditeur van Bloemfontein, kom slaan ons kamp op, pak alles weg en haak die woonwa vir Fred.

Twee dae later is ons by die huis en ek staan sprakeloos.

Willie en Zanne Raubenheimer van Vrede kook vir ons Sondagmiddagete en bring dit Frankfort toe. Ander vriende kom kuier en bring melktert en koek saam. Die telefone lui, predikante bid vir my van die kansel af en ek kry 30-40 Whatsapp-boodskappe per dag met goeie wense.

Pastt. Willem en Efraim Mofokeng van die Aan die Brand-kerk hier in Namahadi kom sê die Here gee jou 'n nuwe hart, een beter as die een met die pasaangeër wat ek op 16 Januarie gekry het.

'n Verdere dankie aan my swaer en skoonsuster, Richard en Louisa Nortier, wat ons in hierdie dae gehuisves en na ons omgesien het. Hulle het hulle eie vakansie opgeoffer sodat hulle kon hand bysit.

Wat kan meer kosbaar wees as goeie vriende – én die beste vrou? Baie dankie aan almal wat my in dié tyd gedra en ondersteun het. Al gaan dit party dae nog rof, is my lewe gespaar.

**TIENIE DE JAGER**
**Frankfort**

## Dometic, jou doring!

Ons het die afgelope Desember by Yellow Sands in Oos-Londen gekamp.

Op 'n Saterdagmiddag hoor ek ons woonwa se waterpomp hou aan pomp, al gebruik ons geen water nie.

Ek spoor die fout op: Die pomp se drukreguleerder het die gees gegee.

Die wa is nog nuut – 6 maande – en ek bel die agente. Ek kom egter nie reg nie en kan ook nie 'n soortgelyke pomp in Oos-Londen opspoor nie.

Ek besluit om met die mense van Dometic te praat en verduidelik my probleem aan hulle verkoopsbestuurder, Willem de Lange.

Willem gee my oor die foon raad om die pomp na te gaan, maar dit blyk die enigste oplossing gaan 'n nuwe een wees. Dometic sal dit oornag Oos-Londen toe stuur.

Die volgende oggend terwyl ek nog in die kooi lê en wonder waar ek die nuwe pomp moet gaan oplaai, kry ek so wraggies 'n oproep van Yellow Sands se hekwag om te sê daar is 'n pakkie vir my!

'n Mens kan nie glo 'n nuwe pomp is so spoedig afgelewer nie. Dis sowaar uitmuntende diens – dankie, Willem en die mense van Dometic.

**JOHAN DU PREEZ**
**Boksburg**



## Bienkie lees saam

Ons wil julle graag aan Bienkie, ons bokserhond, voorstel. Sy is nog nie eens 'n jaar oud nie en het ons voorgespring toe ons *WegSleep* by die huis afgelewer word.

Toe sy hom in die hande – of dan in die kake – kry, lees sy hom tot daar niks van die tydskrif oorbly nie.

Dit was darem nie die einde van die wêreld nie. Ons het nog 'n uitgawe gaan koop sodat ons saam met haar kon lees.

**WILLIE EN GERDA STEYN**
**Vanderbijlpark**

*Ons is bly almal in die Steyn-huis geniet* WegSleep. *– Red.*





## Dis nié snaaks nié

My seun Anton bestuur 'n lodge in die Okavango-delta in Botswana.

Ons sien hom elke derde maand wanneer hy kom kuier (en 'n slag goeie kos eet). Anton is 'n kranige Land Rover-ondersteuner en die eienaar van 'n Defender wat hy Larry gedoop het. Volgens Anton "kom niks naby 'n Landie nie".

Ek ry 'n Toyota Fortuner.

Nou die dag toe Anton weer 'n draai by die huis maak, sien hy die nuwe *WegSleep* op die koffietafel.

Hy tel die tydskrif op, blaai daardeur en sê die boek beïndruk hom. Ek sien 'n geleentheid vir 'n grappie en sê vir hom *Weg* gaan nou ook 'n tydskrif vir Landie-eienaars uitbring. Hy stel dadelik belang en sê dit sal 'n interessante tydskrif wees.

"Nou wanneer verskyn hy?," wil hy weet.

"Eersdaags," antwoord ek.

En toe wil hy weet: "Wat gaan die titel wees?"

"*InSleep*," sê ek.

Anton was erg knorrig. Dit was vir hom glad nie snaaks nie.

**RUDI GEYER**
**Randburg** >






## Maak plek, asseblief

Ons bly op Parys en ry N1 langs wanneer ons op Heroldsbaai gaan kamp. Op dié roete is daar heelwat groot vulstasies langs die pad, maar vir woonwakampeerders soos ons is parkeerplek by van die vulstasies soms 'n kopseer.

Die meeste van die groot vulstasies het dubbelle parkeerplekke waarop jy jou sleepvoertuig en wa kan trek, maar nie-slepers parkeer ook hier.

Ek dink nie die nie-slepers is moedswillig nie, want hier is nie kennisgewings op om te wys die dubbelplekke is vir sleepkombinasies nie. As gevolg hiervan moet ons slepers met die woon-, kamp- en bagasiewaens dikwels ver eenkant 'n stilhouplek soek.

Kan vulstasie-eienaars nie asseblief kennisgewingborde opsit sodat van die parkeerplekke vir slepers uitgehou word nie?

**JOHANN BOSMAN**
**Parys**

## Engen se 1-Stop is dié stop

Wie het nog nie by die Engen-1-Stop met sy Wimpy-kitskosplek net buite Mosselbaai op die N2 afgetrek nie?

Ons kamp jaarliks by Jongensfontein en trek altyd by dié 1-Stop af om 'n laaste keer bene te rek op ons reis van Pretoria na die kampplek.

Ja, voor dit hou ons ook by ander plekke langs die pad stil, maar hier by die 1-Stop begin ons vakansie rêrig.

Die diens van Dirkie van Niekerk, mede-eienaar, en sy span is voortreflik.

'n Mens voel welkom hier, want die petroljoggies is vriendelik en die Wimpy is net so 'n gawe eetplek. Verder is hier vir ons slepers meer as genoeg parkeerplek, en al die geriewe – binne én buite – is netjies.

Dié vulstasie is net 90 km voor ons bestemming, maar ons ry nooit verby nie. Ons trek al jare hier af.

Dirkie en sy mense weet hoe om jou te laat ontspan en jy ry met 'n glimlag hier weg.

Ons laaste besoek, met die lekkerste koffie, was weer 'n hoogtepunt. Carol Duitsjan, wat al 20 jaar hier werk, het ons bedien. 'n Mens kan sommer sien sy geniet haar werk.

'n Groot pluimpie aan Dirkie en sy span, want hulle het 'n wenresep beet.

Ons sien uit om nog jaar ná jaar by hulle in te loer!

**NANDES EN HANRIA ERASMUS**
**Pretoria**




## Wag so 'n bietjie...

'n Mens kan jou vakansieverblyf, hetsy dit 'n chalet of kampstaanplek is, gewoonlik teen die middag eers beset – by sekere plekke tot so laat as 4 nm. eers. Die dag wanneer jy vertrek, verwag die oordmense gewoonlik dat jy teen tienuur die oggend uit moet wees. Dis mos om jou plek gereed te kry vir die volgende gaste.

In my ervaring laat kampeerders hulle staanplek in dieselfde toestand agter as wat hulle dit gekry het. Die oordmense hoef nie die plek gereed te kry vir die volgende kampeerders nie, want dit is klaar skoon. Hoe is dit dan dat jy teen tienuur moet uit wees, maar jy mag dit nie voor twee beset nie?

'n Mens betaal per dag vir jou verblyf, maar jy het nie 'n volle dag se gebruik van jou staanplek nie. As jy vir 'n week bespreek, het jy eintlik net vyf volle dae se kamptyd, want die eerste dag is jy teen laatmiddag in en op die laaste dag moet jy vroeggegend uit wees. Is ek al een wat hierdie uitbuiting raaksien?

**CHRISTO SNYMAN**
**(per e-pos)**

## Pasop vir dié sandpad




Ons gaan na die Kgalagadi-oorgrenspark toe, maar min weet ons van die nagmerrierit wat voorlê. 'n Groot deel van die park lê aan die Botswana-kant, en dis presies waarheen ons op pad is.

Uit die park kan 'n mens Botswana binnery waar immigrasiebeamptes jou by die Twee Rivieren-ruskamp help. Al ons permitte en papierwerk is in orde, en een van die beamptes gee raad en sê ons moet eerder nie die pad van die Nossob-kamp af na Mabuasehube aan die Botswana-kant neem nie.

Hulle beveel die pad verby die Ta Shebube Polentswa-lodge tot by die Kaa-hek aan, want dis glo die pad wat die plaaslike mense gebruik. Dis 'n tweespoorsandpad en net vir eenrigtingverkeer. Die beampte merk nogal dié 187 km-roete tot by die Kaa-hek met sy pen vir ons op die kaart uit.

Ons val op 'n Sondag-oggend net ná sewe in die pad. Ek sleep ons Afrispoor Cheetah-boswoonwa met my Ford Ranger 3.2-4x4 met sy outomatiese ratkas. 'n Groot pad loop verby die Ta Shebube Polentswa-lodge en daarna word dit sandpad.

By die afdraai is nie 'n behoorlike rigtingaanwyser nie en die pad is vol van die oulike waaierstertmeerkaaie se gate gegrou.

Die eerste 10 km is 'n geweldige gestampery, en die Ranger en die Cheetah voel die houe. Ons byt die eerste uur vas, maar die pad is naderhand só begroei dat die bosse ons bakkie en wa lelik krap.

Sonder waarskuwing draai die sandpad oor 'n hoë duin en dan is dit erg losgetrap. Ons moet sonder veel spoed hieroor en daar is nie omdraaiplek nie.

Die ouens wat voor ons met hulle 4x4's hier oor is, het die sandpad behoorlik vol gate gegrou waar hulle vasgesit het.

Ek verloor hier en daar momentum en moet dan terugstoot en weer vorentoe om vordering te maak.

Maar die duin wen en ons val vas en moet onsself uitgrawe. Estelle het later genoeg van die sandryery gehad en selfs gedreig om die laaste 50 km eerder te stap. Maar hier is leeus en ander wilde diere en 'n mens kan ook nie jou wa net hier in die vreemde los nie.

Woonwaslepers moet hierdie pad eerder vermy. Ons beveel dit glad nie aan nie. Ons het heeltyd in tweede of derde rat gesleep en kon nie vinniger as 30 km/h in die dik sand ry nie. Ná 'n gespook van amper agt uur het ons uitgeput en verlig by die Kaa-hek aangekom.

Nooit weer só alleen nie!

**LUCAS EN ESTELLE PRINSLOO**
**Pretoria**






Plan B*
* B vir 'n blink plan

# Bobaas planmakers

As 'n ding nie is soos jy van hom hou nie, dan máák jy hom soos jy van hom nou. Net soos dié twee *WegSleep*-lesers.



Wenwenk

## Maak jou gordyne mooi

Die Jurgens-woonwaens wat ná 2002 gemaak is, het baie mooi grys-en-room gordyne gehad wat met vier horisontale tappenne (*dowels*) opgerol het soos Romeinse blindings. Die vervaardiger het dit later vervang, en die gordyne in modelle ná 2005 het vir my soos 'n goiingsak gelyk. Dit was dalk vir die binnehuisversierder mooi, maar dit het nie vir ons gewerk nie.

Nadat ek my 2002-model Fleetline vir 'n 2009-model Palma verruil het, moes ek 'n plan maak om my wa se gordyne minder soos 'n hangende sak te laat lyk. Ons het vier voue ingewerk waar die vervaardiger reeds die gordyne op die kante gestik het, en in die boonste drie voue 12,5 mm-houttappenne ingesit.

In die onderste vou het ons 12,7 mm-aluminiumpyp gesit om die gordyn mooi af te trek en plat te laat vertoon. Dit lyk sommer baie netjies.





Ons moet nog die kantvensters se gordyne doen, en daavoor gaan ek 8 mm-tappenne gebruik met die aluminiumpyp in die onderste vou om meer gewig te gee. Indien die aluminiumpyp nie swaar genoeg is nie, kan jy 'n 8 mm-tappen in die 12,7 mm-pyp sit om hom nog 'n bietjie swaarder te maak.

**CHARLES VILJOEN**
**Kempton Park**

## LEER DIE POT 'N DING OF TWEE

Ons is pensioentrekkers en kamp gereeld vir maande aaneen. Wanneer ons só lank op 'n plek staan, moet jy jou pak ken en elke ding moet sy plek hê.

Die meeste langtermynkampeerders ry in elk geval 'n klein trapleertjie saam wanneer hulle kamp, en ek het begin om myne sommer as 'n potterak ook te gebruik. Dit los die probleem op oor waar die leer gebêre en sommer ook waar die potte gesit moet word.

**JAKKIE JONKER**
**Klerksdorp**



Wenwenk

**Charles** wen 'n Camp Cover-geskenkbewys ter waarde van R500. **Camp Cover** maak duursame sakke van skeurvrye materiaal vir kampgereedskap soos jou swartpot en braairooster. Dié sakke beskerm jou gereedskap en hou jou pakplek skoon as jy dit gebruik. Gaan kyk na nog van hulle produkte by campcover.co.za

CAMP COVER




HOOFKANTOOR - PRETORIA - Echo 4x4 Centre - Tel: +27 12 345 3333 | E-pos: echoacc@echo4x4.co.za
KAAPSTAD - Echo 4x4 Centre - Tel: +27 21 910 3737/4025 | E-pos: echocapetown@echo4x4.co.za
ZAMBESI - Echo 4x4 Centre - Tel: +27 87 654 4960 | E-pos: echoacc@echo4x4.co.za

WWW.ECHO4X4.CO.ZA

Besoek ons webwerf vir n volle lys van ons handelaars

Digitaal

# Wat maak ’n kampplek lekker?

## Wat moet ’n kampplek hê en hoe moet dit lyk vóór jy besluit om daar te gaan kamp?

### Ons Facebook-vriende vertel meer oor wat hulle alles oorweeg voor hulle by ’n woonwapark of kampplek gaan kamp opslaan.



**Cornelia Grobler**
Eerstens soek ek skoon en netjiese ablusiegeriewe. Tweedens groen gras. Derdens duld ek nie ’n geraas nie en vierdens moet dit bekostigbaar wees.



**Susan Bronkhorst**
Ons verkies kampplekke wat netjies, gerieflik, skoon, troeteldiervriendelik en teen ’n goeie prys beskikbaar is. Én waar ’n mens kan visvang. ’n Groot bonus is ’n warmwaterswembad.



**Suzette Lambrechts**
By die see soek ek beslis ’n uitsig, koeltebome, netjiese ablusiegeriewe wat gereeld skoongemaak word, en reëls wat toegepas word. As orde gehandhaaf word en ek kamp op gras en voel terselfdertyd veilig, sal die plek my weer sien.



**Jan van Dyk**
Ons kyk na dinge soos die pad daarheen, die gehalte van die staanplekke en ablusiegeriewe, en dan natuurlik die sekerheid: Is dit veilig?



**Johan de Klerk**
Ek vra net dat die pad mooi en die ablusiegeriewe skoon en netjies is. En dan natuurlik vir koelte en iets vir die gesin om te doen.



**Chris en Alida Laing**
Veiligheid is die belangrikste. Daarna kyk ons na goed soos skaduwee en ablusiegeriewe – dit kan oud wees, maar moet skoon lyk. By plekke soos Mokala ry jy die laaste 21 km op ’n slegte pad, maar die kampplek vergoed daarvoor. Dit is ook lekker as die oordpersoneel vriendelik is.



**Thea Bester-Swanepoel**
Sommige plekke voel net reg. Dit is sulke plekke waar ons keer op keer weer gaan kamp. Eienaars en oordpersoneel wat betrokke en pro-aktief is, is gewoonlik die grootste rede vir ’n plek se sukses. En dan gaan dit basies oor die instandhouding van dinge soos die paaie en geriewe.



**Christine Ferreira**
’n Skoon ablusieblok – dit hoef nie eens private geriewe te wees nie – en gelyk staanplekke met gras. En dan is skaduwee altyd ’n bonus.



**Mandi van den Berg**
Buiten die voor die handliggende dinge soos skoon ablusiegeriewe kyk ons of die staanplekke skaduwee het en of daar ’n swembad vir die kinders is.



**Pieter Rheeder**
Goeie sekerheid is noodsaaklik. Dan kyk ’n mens na dinge soos die toestand van die pad, of die geriewe skoon is, hulpvaardige personeel, ruim en gelyk staanplekke en veilige elektriese installasies. Ek vermy plekke wat dagbesoekers toelaat en hou my oë oop vir dié met spesiale aanbiedinge vir pensioentrekkers.

**Kom gesels saam op die web**
Loer in op ons webblad **wegsleep.co.za**
Volg ons op Facebook **facebook.com/WegSleep**
Volg ons op Twitter **twitter.com/WegSleepTweet**
Teken aanlyn in **mysubs.co.za/wegsleep**

**Kry jy al ons nuusbrief?**
Vir die jongste *WegSleep*-nuus gaan na **wegsleep.co.za** en teken in!




Lede van die Rhinoman familie:



Rhino-SuperLite
vanaf R16500 insl.



Rhino-Lite
vanaf R20900 insl.



Rhino-Cab
vanaf R22750 insl.

Voertuig graad aluminium en vlekvrye kappies word vir al die groot handelsmerke vervaardig.

- Isuzu
- VolksWagen
- Ford
- Toyota
- Nissan
- Mahindra

Ander produkte beskikbaar:

- Laaie / stoor stelsels.
- Dakrakke en bykomstighede.
- Kombuis eenhede en bykomstighede.
- Aluminium daktente
- Sonskerms

Rhino-cab ALL ALU

Beskikbaar by alle groot 4 x 4 verskaffers en installasie sentrums.

Rhino www.rhinoman.co.za

Vir meer inligting sien ons webwerf:
**www.rhinoman.co.za**
e pos: sales@rhinoman.co.za
Tel: +27 (0) 10 010 0060
rhinoman.co.za

SAFARI CENTRE 4X4 STORES · Rhino www.rhinoman.co.za · AFC · OL opposite lock · LA Sport 4WD MEGASTORES · 4x4 Mega World

Neels se stoeptent

# *Asseblief, mnr. Kyriacou*

**In 'n ope brief aan Paul Kyriacou, die nuwe eienaar van Jurgens Ci, vra Neels van Heerden dat die behoeftes van woonwakampeerders eerste gestel word.**

Geagte mnr. Kyriacou

In 2015 het ek in die verbygaan gehoor u het stil-stil u buiging in die kampbedryf gemaak met die koop van Comet Caravans en later ook Sensation Caravans. Wat my laat regop sit en baie opgewonde maak, is u onlangse aankoop van ons grootste woonwavervaardiger, Jurgens Ci, van Imperial Holdings.

Imperial het gesê hy verkoop die besigheid omdat Jurgens Ci nie sy kernbesigheid is nie, maar klante kan rustig bly, want niks verander nie en sake gaan voort soos altyd. Dít bekommer my. Die kampbedryf het gestagneer en ek hoop u sal met vernuwende idees na vore kom om die hele bedryf te bevorder en nie net waens verkoop wat van die fabrieksvloer af rol nie.

U het die Spar Spirit of Leadership-eerbewys ontvang, onder meer omdat u bemarkingsbeginsels ken. U sukses met kleinhandelkettingwinkels spreek ook van 'n gevorderde sakekennis. Ek som u op as 'n bedryfsleier van formaat in die kleinhandel. U het in alle waarskynlikheid oor die jare ook geleer 'n onderneming moet fokus op die verbruiker se behoeftes.

> "Die kampeerbedryf het gestagneer en ek hoop u sal met vernuwende idees na vore kom om die hele bedryf te bevorder..."

**BEMARKINGSTUDENTE LEER** vroeg-vroeg die vier verskillende benaderings in die evolusie van bemarking: die produksie-, produk-, verkoops- en geïntegreerde bemarkingsgerigte benadering.

In die eerste benadering geld 'n filosofie van "as ons dit kan maak, sal dit verkoop". Produksieteikens geniet voorkeur en soms word produkgehalte en -afwerking asook verbruikers se behoeftes afgeskeep. So het ek self 'n paar jaar gelede 'n spiksplinternuwe wa teruggegee omdat dit 27 fabrieksfoute gehad het.

In die tweede benadering word dikwels op onnodige fieterjasies gefokus. Dan kry jy vreemde produkidees soos 'n spesifieke skuifbed in 'n wa, 'n sjokoladekleurskema vir 'n spesifieke reeks waens of die vreemde plasing van 'n wa-yskas wat selfs gesoute handelaars die kop laat skud.

In die derde benadering verskuif die fokus na verkoopsteikens, en dan word naverkopediens dikwels as 'n mors van kosbare verkooptyd beskou. Soms word foefies soos 'n "spesiale" reeks ingespan om verkope 'n hupstoot te gee.

In die laaste benadering – die geïntegreerde benadering – val die fokus daarop om eers die verbruiker te vra wat sy behoeftes is en dan produkte te vervaardig wat aan hierdie behoeftes voldoen. Sakesukses hang grootliks af van laasgenoemde, want anders as met die ander drie is dié benadering meer langtermyn en toekomsgerig.

Daarmee saam moet 'n handelaarsnetwerk ook as klante met behoeftes beskou word. Die handelaars is die mense wat voortdurend in kontak is met die verbruiker en presies weet wat die behoeftes is. Met 'n geïntegreerde bemarkingsbenadering moet álmal in die onderneming – en nie net die bemarkingsafdeling nie – ingestel wees op verbruikersbehoeftes. En dis nie slegs die beste handelaar en verkoopspersoon wat aan die einde van die jaar 'n prys moet kry nie, maar ook die administratiewe personeellid wat die beste klantediens lewer. Groepe woonwa-eienaars kan ook genooi word om saam met verkoopspersoneel te kamp om verhoudinge te bou.

**MNR. KYRIACOU,** wil u nie asseblief die kampomgewing deeglik verken nie? Voor u ooname is die tentpen misgeslaan met 'n verduideliking dat die voltent nie by 'n wa se vloergewig getel word nie, kwansuis omdat kampeerders net met 'n tentdak wil kampeer. Sal u asseblief ook werk maak van die debakel oor die onakkurate gewig van woonwaens wat in die mark gestoot is? Nog 'n knellende probleem is die enorme uitdagings vir jonger kampeerders om 'n EB-rybewys te kry.

As die grootste vervaardiger kan Jurgens Ci saam met sy handelaars 'n leidende rol speel om dié probleme op te los.

Dankie vir u tyd.
**Neels**




www.safarioutdoor.co.za
SAFARI OUTDOOR
"Safari Outdoor is my gunsteling bestemming wanneer ek toebehore benodig vir my avonture en reise"
Dave Pepler
Omgewingskundige
SAFARI OUTDOOR
OOS-RAND
NOU OOP
SAPPI VOËLS VAN SA
MET KLANKLESER
R1 499
OOK BESKIKBAAR IN ENGELS
SALOMON
SPEEDCROSS 4 CS
Mans Bruin
R2 199
BEPERKTE KLEURE
SALOMON
SPEEDCROSS 4 W
Dames Swart
R2 199
BEPERKTE KLEURE
BUSHNELL POWERVIEW
10x42 VERKYKER
R2 495
STANLEY GESKENKPAK
MET SOPIEGLASE EN
FLES STEL
R949
SUUNTO TRAVERSE
ALPHA FOLIAGE
R6 995
NIKON PROSTAFF 5
20-60x82mm TELESKOOP
WAS R9 900
NOU R8 995
LEATHERMAN
SKELETOOL CX
R1 550
HUNTER STEWEL
NORRIS
Dames Vlootblou
WAS R1 799
NOU R1 499
Mans Swart
WAS R1 899
NOU R1 499
SWAROVSKI CL 10X25 KOMPAKTE
VERKYKER NOU R11 995
MELVILL & MOON
BLADSAK
R995
BESKIKBAAR IN KHAKI
Terwyl voorraad hou. T&V's geld. E&OE.
JOHANNESBURG
Rivonia Crossing II, 3 Achterweg, Sunninghill
Tel: 0861 14 35 45
PRETORIA
Lynnwood Bridge, h.v. Daventry & Lynnwoodweg, Lynnwood
Tel: 0861 22 22 69
STELLENBOSCH
Devon Place Centre, h.v. R304 & Bottelaryweg, Koelenhof
Tel: 0861 11 43 30
OOSRAND
East Rand Retail Park, North Ranweg, Boksburg
Tel: 0861 00 00 71
volg ons op sosiale media
of koop aanlyn: www.so.co.za




# See, berg óf albei

**Op Witsand kan jy in een van twee woonwaparke 'n seevakansie hou – en as jy met 'n boswa of tent kamp, kan jy 'n berg-en-see-vakansie hou.**

**Teks en foto's** Dirk Kok



Naweke en vakansies stroom die hengelaars na Witsand toe. Die vis is volop en as jy nie in die see, Breërivier of riviermonding 'n vis kan uittrek nie, gaan jy nooit een vang nie. Dan moet jy maar eerder gholf of rolbal speel, spot hulle altyd.

Jy hoef egter nie 'n hengelaar te wees om Witsand te geniet nie. Met sy reusagtige wit duine, lang strand, die natuur om jou, genoeg eet- en kuierplekke en sy kleindorpse rustigheid is Witsand 'n gawe vakansieplek vir almal. Én een van die gewildste walviskykplekke wat daar is.

Sommer met die inryslag al word jy op 'n bord by die plek van die walvisse welkom geheet. Tussen Junie en November is suidelike noordkapers sommer hier voor die strand saamgetrek om te teel en kalfies in die wêreld te bring. En Desember-vakansies is Witsand 'n Blouvlagstrand.

Van Witsand af het jy 'n uitsig oor die Infanta-gedeelte van die De Hoop-natuurreservaat wat met 'n reuse-punt die see in strek.

Jy kan jou kamp in een van twee woonwaparke kom opslaan – die Middelkamp reg langs die see en die Witsand-woonwapark net 'n entjie van die strand af. Dis munisipale woonwaparke, maar hulle is netjies en gewild.

Die ander kampopsie is 'n dubbeldoor-ene: Net sowat 20 km van Witsand af lê 'n gawe boskampplek langs die Slangrivier in die berg versteek. Die Nona Rosa-boskamp is 'n kampplek vir boswaens en tente, en as jy hier kamp opslaan, kan jy 'n berg- en see-vakansie kombineer. >











WITSAND-WOONWAPARK

## Die besige een

Vakansies en baie naweke is hierdie woonwapark tjokkenblok. Dit blyk baie mense verkies dié kampplek 'n entjie verder van die see af bo sy effens kleiner boet reg langs die strand en die water. Hier is jy meer beskut teen die seewind.

Hy kom al ses jaar lank elke jaar hierheen om vakansie te hou en te hengel, sê John Hughes van Welkom. Dié slag staan hy en sy vriendin, Cindy Tucker, drie weke met hulle Sprite Swing hier.

"Die visvang is uitstekend. Gebruik maar net vars of lewendige aas. Ek vang die hele plek vol: van die strand en rotse af, by die Blokke in die straat af, tot by die houtkaai en die ou Kraaltjie-hawe by Port Beaufort. En een van die baie lekker plekke is Moody se Put, maar jy moet so 5 km van die Blokke af strandlangs stap daarheen."

By Nella se Winkel, op pad na die kampplek toe, is 'n kaart opgeplak waarop die meeste lekker hengelplekke uitgemerk is.

Hy kom egter nie net vir die hengel nie, sê John. "Ek hou van die kampplek. Dis rustig, al is dit besig. En dis netjies en almal is altyd vriendelik."



### Burger in

Die kampplek is 'n groot reghoek met betonmure om. Die een sy grens aan vakansiehuise en jy kan die see plek-plek tussen die huise deur sien.



Die 92 staanplekke (tot 4 x 12 m groot) is uitgelê langs teerpaadjies wat regdeur die kampplek loop. Jy kamp op groen gras, maar net hier en daar is 'n koelteboom, en dis maar beter om jou eie afdak saam te bring. Nog iets wat jy moet saambring, is jou eie braaier en rooster.

Jy deel 'n kragpunt (gewone driepuntprop) met die bure en hier en daar staan krane tussen die staanplekke. Jy kry ook nie 'n vullisdrom nie, maar swartsakke wat jy maar iewers uit die oog moet sit met 'n stuk hout of 'n klip bo-op teen die wind. Soggens sit jy jou toegeknoopte vullissak voor jou staanplek neer en die personeel kom laai dit op.

Die kampplek het 'n valhek en jy kry die kode wanneer jy met die aankomslag by



**ONS KOM WEER EN WEER.** John Hughes (regs) van Welkom, en sy vriendin, Cindy Tucker (naasregs), kamp al ses jaar elke jaar in Witsand se groter woonwapark. Cindy se broer en skoonsuster, Malcolm en Ann Tucker, het van Port Elizabeth af vir hulle kom kuier in die kampplek.




die kantoor aanmeld. Regs by die hek uit, af in die hoofstraat, is dit skaars 300 m se stap na Witsand se strand en duine.

Jy kan hier langs die strand in The Anchorage Beach Restaurant & Bar iets eet en drink, en dit is ook 'n goeie plek om die noordkapers te sien wat in die walvistyd hier kom baljaar.

## Was die sout af

In die middel van die kampplek is 'n groot ablusieblok met aparte badkamers vir mans en vroue. Voor in die badkamer is 'n groot bankie waar jy jou skoene voor die uitstapslag kan sit en aantrek, en binne is 'n L-toonbank met sewe wasbakke met lekker pakplek en spieëls. Oorkant die wasbakke is twee badvertrekke, elkeen met 'n bankie en handdoekreling. In die een hoek by die wasbakke staan 'n groot en klein potplant om die plek te verfraai.

Van die voorste deel af loop 'n gangetjie na agter. Hier is drie storte met 'n droë deel, maar sonder 'n bankie, en nog drie met 'n groter droë deel en 'n sitbankie. Hier is ook twee toilethokkies en 'n urinaal.

Voor in die kampplek is 'n kleiner ablusieblok met 'n enkelbadkamer vir mans en nog een vir vroue. Elkeen het 'n stort- en toilethokkie en 'n wasbak met 'n spieël. Hier is ook twee toiletgeboue vir onderskeidelik mans en vroue. Agter in die kampplek is nog só 'n toiletgebou.

## Kry dit skoon

By die kampplek se groot ablusieblok is 'n afgeskutte visskoonmaakplek met twee betonwerkblaaie plus krane en afvoerslote.

Jy was ook jou vuil skottelgoed en klere in 'n opwasplek en wassery wat deel is van die ablusieblok. Hier is agt wasbakke aan die opwaskant en ses diep wasbakke in die wassery. En as jy regtig wil stryk terwyl jy kamp, is hier strykplek en kragpunte. Buite, in 'n binnehof, is 'n wasgoeddraad.

Die alternatief is om jou klere op in die pad in die muntwasmasjien by Nella se winkel te gaan was of om na die dorpsingang se kant toe te ry en dit by Leon's Laundry te laat was. >

**BOTE, TENTE, WAENS.** Die Witsand-woonwapark blyk die gewildste van die twee munisipale kampplekke te wees.



**MOOI SKOON.** Werkers hou die Witsand-woonwapark se badkamers netjies en skoon

### Kortliks | Witsand-woonwapark

**Kampplek:** 92 staanplekke met krag maar met min koelte. Onthou om jou braaier saam te bring.
**Ablusiegeriewe:** 1 groot en netjiese ablusieblok, 2 enkelbadkamers onderskeidelik vir mans en vroue, en ekstra toiletgeboue.
**Prys:** R220-R380 p.n. per staanplek, afhangende van die seisoen.
**Aankoms- en vertrektyd:** 2 nm. en 10 vm., maar buite seisoen is hulle nie streng nie.
**Kontak:** 028 713 7868; witsand@hessequa.gov.za
**Naaste groot dorp:** Heidelberg, 43 km .
**Hoe lyk die pad?** Netjiese teerpad.

**GPS** S34.395342 E20.852362

***WegSleep* sê:** Bring jou eie prop vir die was- en opwasbak én jou eie toiletpapier.



LANGS DIE SEE. In die kleiner Middelkamp kan jy 'n plek naby die water kies.

MIDDELKAMP

## Die een langs die see

'n Entjie van Witsand-woonwapark af draai jy regs op in Tunastraat en hou reguitaan tot by die Middelkamp aan die regterkant. Dié park met sy 51 staanplekke lê op 'n omheinde terras voor die strand.

Tollie en Leonie Malan van Saldanha kamp al die afgelope tien jaar twee of drie keer per jaar hier. Dié slag kamp hulle drie maande – hulle Sprite Splash het 'n ekstra tent bygekry vir Leonie se kunsateljee en 'n skadunetlapa waar hulle braai en kuier en oor die see uitkyk. Hulle is goed ingerig met alles van 'n volledige kombuis-sitkamer in die tent tot 'n grootskerm-TV en vrieskas.

Tollie-hulle is seemense en verkies dié kamp wat dikwels stiller is as die groter een om die draai, weg van die water af. Hulle verkies ook die stiller kol waar hulle staan, so in die middel rond en reg bo die strand. Aan die een kant het hulle die uitsig oor die see en die groot getypoel, en aan die ander kant is hulle redelik beskut deur 'n duin wat skuins voor hulle lapa begin en na regs strek.

"Dis 'n lekker dorp en 'n lekker kampplek. Almal, van die kamppersoneel tot die dorpsmense, is vriendelik. Witsand is ook goed geleë en jy is sommer gou op Jongensfontein, Stilbaai (met sy lekker swemstrand), Heidelberg en Swellendam.

"Walvistyd is 'n plesier. Hulle kom lê sommer hier reg voor ons. En as dit by hengel kom, kan ons hier uit ons lapa uit die ander hengelaars op die rotse dophou en sien wanneer dit tyd is om met die stokke af te gaan water toe," sê Tollie met 'n glimlag.

"Jy eet lekker uit die see uit hier. Leonie het 'n mooi kabeljou van 65 cm gevang en ek 'n kolstert en stompneuse. Die seekat is volop én ons sit swartmossels op die kole."

Die staanplekke wat regs van Tollie-hulle in 'n lang reghoekige strook lê, is heeltemal agter die duin en het nie 'n seeuitsig nie. Naby van dié staanplekke, net buite die kampplek, is 'n klein nywerheidsperseel, en waar die kampplek heel regs eindig, is 'n busparkeerplek langs die heining.



AFKOELPOEL. Voor die kampplek is 'n groot getypoel. Die rotse langsaan is 'n gewilde hengelplek.

Die kampplek se groot ablusieblok staan waar jy inry teen die seeheining, en weerskante daarvan is enkele see-staanplekke. 'n Ent weg van die heining en die see af is nog kampblokke met 'n klompie staanplekke.

Jy deel hier ook 'n kragpunt en krane met die bure en moet soos in die boonste kamp ook jou eie braaier, wasbakprop en witgoud saambring. En jou vullissak uitsit.

### Water toe

Voor die groot ablusieblok is 'n stel houttrappe tot by die strand en getypoel. Dis



REG VOOR. Van die kinders se speelplek af kan jy omtrent aan die see raak.





WATER ORAL. Vat eerder die trap getypoel en strand toe en los die skottelgoed vir later

nie eers ’n halwe minuut nie, dan is jy van die kampplek tot by die water.

Die strand lê wit uitgestrek hier, maar die getypoel is die enigste plek waar jy kan swem, want dit is rotskus aan hierdie kant.

As jy in die branders wil baljaar, kan jy die duin regs voor die kampplek oorsteek na die hoofstrand toe. Dit is net sowat 10 minute se stap.

Aan die regterkant van die kampplek is ook ’n opening in die heining waar jy die duin kan oorsteek getypoel of strand toe.

Tollie en Leonie sê ondanks die twee oop uitgange in die heining het hulle nog nooit probleme gehad of onder diewe deurgeloop nie.

## Effens afgeskeep

’n Mens kry die idee dié kampplek se badkamers word nie so goed onderhou soos die ander kampplek s’n nie – dalk omdat daar meer kampeerders is wat tevrede gehou moet word. Die vloere is mooi skoon, maar in van die storthokkies en by die wasbakke is dit nodig dat iemand ’n slag goed met ’n lap en Handy Andy ingryp. Van die storte skort koppe en die opwasplekke het ook ’n goeie skrop nodig.

By die groot ablusieblok is ’n groot opwaskamer met vier dubbelwasbakke in ’n ry, en langsaan vier diep klerewasbakke en strykplek.

In die mansbadkamer is vier wasbakke met spieëls, ’n bankie, drie toilethokkies met klein swaaideure, ’n urinaal en vier storte met hang- en pakplek maar sonder bankies of ’n droë kant.

In die vrouebadkamer is ’n toilet meer, ’n wasbak met kragpunte vir haardroërs, en ’n ruim badvertrek met min hang- en pakplek en geen sitplek nie. Dié badkamer kan doen met ’n bankie of stoel.

Regs in die kampplek is ’n effens kleiner opwasplek en ’n kleiner ablusieblok met ’n gerief of wat minder as in die grote. En in die vrouebadkamer is slegs storte. >

## Kortliks | Middelkamp

**Kampplek:** 51 staanplekke met krag. Die koelte is maar skraps.

**Ablusiegeriewe:** 1 groot ablusieblok en 1 kleiner een. Hulle is effens afgeskeep.

**Prys:** R195-R280 p.n. per staanplek.

**Aankoms- en vertrektyd:** Vanaf 2 nm. en 10 vm.

**Kontak:** 028 713 7868; witsand@hessequa.gov.za

**Hoe lyk die pad?** Netjiese teerpad.

**GPS** S34.392606 E20.860685

***WegSleep* sê:** Ry Heidelberg toe en gaan kyk hoe lyk dié dorp, sy eetplekke en besienswaardighede.



KIES JOU SOETDORING. In Nona Rosa kies jy 'n koelteboom en kry jou staan net waar dit jou pas.

NONA ROSA-BOSKAMP

## In die berg, naby die see

Sowat 12,5 km van Witsand af, terug Heidelberg se kant toe, draai jy by 'n laning bloekoms links van die R322 af. Van hier af volg jy die grondpad en aanwysings vir sowat 7,6 km tot in Cecil Uys se boskamp in die berg en langs die Slangrivier.

Cecil en 'n vriend, Marius de Beer, het in 2005 'n plat stuk aarde in die berg ontbos en die kampplek begin. Op dié plaas van 878 ha is altesame 550 ha bewerkbaar – vir die res het jy ongerepte bergbos, kranse, valleie en rivierpoele om jou.




SKERP LINKS. ... en nou vir daardie laaste stukkie grondpad tot daar.

Die laaste stuk pad is 'n tweespoorpaadjie wat op plekke klipperig en steil is – beslis nie vir 'n gewone wa nie. Dis 'n kampplek vir boswaens en tente, op groen gras en met 'n klomp soetdorings vir koelte. In Nona Rosa is jy sonder elektrisiteit en hier is nie oral selfoonsein nie, maar jy het wel al die ander geriewe wat nodig is om gemaklik en lekker te kamp.

Die groot bonus is die natuur, vars berglug, die stilte en Witsand se see wat net 20 km van hier af is.

### Kies jou boom

Hier is nie afgebakende staanplekke nie en jy kies jou soetdoring. As jy en jou mense die enigste kampeerders is, is 'n lekker plek die soetdorings tussen die bosbadkamer en die boslapa. Dan is jy gerieflik naby aan alles en hier is baie koelte.

Nona Rosa is aan die voet van 'n stuk berg met tot 50 m hoë kranse.

So amper in die middel is 'n groot kuierlapa van houtpale, rowwe dennehout, skadunet en seil. In die lapa kuier jy om 'n groot kniehoogte vuurmaakplek waar 'n stuk of ses mense gelyk kan staan en braai. Die groot vuurmaakplek is ook ideaal vir 'n braaivuur eenkant en 'n groot kuiervuur langsaan.

Vir 'n rowwe boslapa is dit goed ingerig. Eenkant staan 'n lang tafel met plastiektafeldoeke waar 12 mense op hulle kampstoele kan aansit en kuier as die kos klaar is. Hier is ook nog twee houttafels en bankies vir nog agt mense en 'n klomp boomstompstoeltjies wat jy kan skuif waar jy hulle wil hê.

Jy het ook grawe om die kole rond te skuif, 'n skottelskaar vir braaigeregte en eiers op die vuur, toekniproosters en selfs rooster- en potstaanders.

Eenkant is 'n opwasplek met werkplek waar jy ook kan kosmaak.

Bo jou kop is 'n paar stringe LED-liggies wat jy saans kan aanskakel vir sagte lig.

Die lapa se groot bonus is die oop deel in die dak waardeur jy die berg sien en saans sterre kan kyk. Wees net gewaarsku: Dié lapa is nie te waterdig as dit die slag behoorlik reën nie.

As jy eerder onder die bome en sterre wil kuier, is hier naby die badkamers 'n oop kol tussen die bome met 'n drombraaier, 'n houtbankie vir een en 'n boomstomp met plek vir drie.

### Bosgerief

Die hout-en-paal-ablusieblok met sy grasdak is netjies en gerieflik, en met die gasgeisers stort jy lekker warm.

Hier is twee aparte badkamers vir mans en vroue, elkeen met 'n storthokkie, toilethokkie met 'n spoeltoilet, wasbak en spieël. Die hokkies het seildeure, die stortvloer is van klip en beton, en die res van die vloere van houtplanke. Dis mooi afgewerkte en silwerskoon bosbadkamers >


"Jy kan sommer van die kampplek af stap om in een van die Slangrivier se poele te gaan swem."



KOEL KOL. Die soetdorings sorg vir lekker koelte, maar pasop vir die dorings.



GROEPSDRUK. Eenkant is buitelugstorte en toilette vir groter groepe.





NETJIES EN LEKKER. Die bosbadkamer is gerieflik en die lapa 'n lekker plek om te wees.

met genoeg pak- en hangplek vir jou badgoed en klere.

Tussen die mans- en vrouebadkamer is 'n onderdakopwasplek, ook met warm water en baie werk- en pakplek.

In die badkamers en opwasplek is LED-liggies vir die donker aande in die berg.

## Baie paadjies

Jy kan sommer van die kampplek af stap om in een van die Slangrivier se poele te gaan swem. Stap afdraande af teen die bultjie waar jy ingery het en stap tot oor die driffie tot by die klein grondpadkruising. Draai regs af en dan is dit net 'n minuut of drie se stap tot by die swempoele.

As jy by die kruising links afdraai en met dié paadjie reguitaan hou, kom jy by Nona Rosa se visvangplek onder 'n krans uit. Dit is so 15-20 minute se stap tot by die bergdam en jy kan gaan lyn ingooi vir kurper, baber of karp.

Hier is 'n klomp paadjies om te stap of met jou voertuig en bergfiets te ry. Om seker te maak jy hou koers kan jy die groen JoJo-tenks in die berg bo die kampplek as 'n baken gebruik.

Kyk uit vir takbokke, bosbokke, grysbokkies, vaalribboke, duikers en die wildeganse – en luister hoe die visarende roep en die blesbokke blaf.

## Kortliks | Nona Rosa

**Kampplek:** So groot soos 3 rugbyvelde.
**Ablusiegeriewe:** Gerieflike en netjiese bosbadkamers.
**Prys:** R80 p.p.p.n. (gratis vir kinders o.6).
**Aankoms- en vertrektyd:** Jy reël met Cecil.
**Kontak:** 082 907 2479; driekieuys@gmail.com
**Naaste groot dorp:** Heidelberg, 28 km.
**Hoe lyk die pad?** Teerpad en sowat 7 km grondpad wat op plekke taamlik sleg is.

**GPS** S34.245938 E20.828509

***WegSleep* sê:** Hierdie is 'n kampplek vir natuurliefhebbers.

# 4x4 en kampering in die Breedevallei

Welkom by ons unieke en vriendelike Vallei van voortreflike diens, geleenthede en groei, waar majestueuse berge, vrugbare valleie, wingerde en groot oop vlaktes bedek met inheemse plantegroei tot die siel spreek.

Die Breedevallei se gematigde klimaat, natuurskoon, ontspanne, landelike atmosfeer en vriendelike mense maak dit 'n gewilde bestemming vir toeriste. Ons is trots daarop om ons pragtige dorpe en die Vallei te deel met vriende en besoekers.













**4x4-roetes**

Worcester:
Damon 4x4-roete - Tel: 023 341 2726
Klipbokkop (groepe) - Tel: 023 340 4183
Rawsonville:
Tierkloof 4x4 - Tel: 076 782 3481
DeDoorns:
Hex Rivier Klipspringer 4x4-roete - Tel: 083 292 0348

BREEDE VALLEY TOURISM
WORCESTER • BREEDEKLOOF • HEX VALLEY • TOUWS RIVER

Breedevallei Toerisme
Baringstraat 23, Worcester 6850
nvisser@bvm.gov.za
t: 023 348 2795

volg ons op: facebook

**Kampeer**

Worcester:
Worcester-seiljagklub - Tel: 023 343 2877
Nuy Valley Guest Farm - Tel: 023 342 1258
Rivierplaas-kamp - Tel: 084 710 0139
Rawsonville:
ATKV Goudini Spa - Tel: 082 570 8097
Dwarsberg Trout Hideaway - Tel: 023 349 19190
River House Cottages & Camping - Tel: 072 436 9377
Slanghoek Mountain Resort - Tel: 023 343 3138
DeDoorns:
Arbeid Adelt - Tel: 023 356 2204
Kranskloof - Tel: 023 356 2359
Touwsrivier:
KomKyk - Tel: 023 358 1049

# Los *dubbelbattery-probleme op*

Moenie die skuld op jou dubbelbatterystelsel self pak as die stelsel nie werk nie. Jy het net 'n goeie instandhoudingslaaier nodig. Die kenners by **National Luna** verduidelik.

**VRAAG:** My dubbelbattery laai nie. Ek het net meer as 'n jaar gelede 'n solenoïedstelsel in my 4x4 laat installeer. Die eerste keer het dit heel goed gewerk, maar nou is daar baie min krag in my ekstra battery wanneer ek by die kamp aankom. Op my mees onlangse reis het ek 3-4 uur tussen kampe gery, maar teen die volgende oggend was die battery pap en my yskas af. Ek het al gehoor 'n solenoïed-gebaseerde dubbelbatterystelsel werk nie saam met sekere voertuie nie; die oplossing is glo 'n GS-tot-GS-stelsel. Maar voor ek duisende rande betaal vir 'n tweede stelsel: Het julle dalk raad?

**ANTWOORD:** Ons hoor hierdie klagtes byna daagliks, en die antwoord is verbasend eenvoudig: Jy het 'n 220V-instandhoudingslaaier nodig.

'n Bekende safariverhuringsmaatskappy het 'n ruk gelede 'n soortgelyke probleem gehad met hulle voertuie. Elke voertuig is toegerus met 'n National Luna- intelligente solenoïed-dubbelbatterystelsel plus 'n natsel-105A-diepsiklusbattery.

Die stelsel het eers goed gewerk, maar met die verloop van tyd het die ekstra batterye nie genoeg krag voorsien nie – nie eens ná 'n lang rit nie. Die probleem het niks met die voertuig se alternator of solenoïedstelsel te doen nie; dis die batterye wat nie hou nie.

Die probleem is tweeledig: 'n Diepsiklusbattery (natsel) is nie noodwendig die beste keuse nie; en alle batterye het instandhouding nodig!

## DIE NIE-SO-REGTE KEUSE

Die natsel-105A-diepsiklusbattery is dalk die eenheid in die dubbelbatterymark wat die beste verkoop, maar as 'n mens na die grafiek hiernaas kyk, sien jy dié battery is dikwels nie die beste keuse nie. Die grafiek hiernaas wys die tipiese herlaaitye vir 'n 105A-diepsiklusbattery by verskeie alternatorpunte. Twee belangrike lesse:

- Dit vat meer as net 'n paar uur om die volle krag van 'n diepsiklusbattery wat erg ontlaai is te herstel.
- Aangesien 'n 20 A-GS-tot-GS-laaier die huidige uitset tot 20 A beperk, veroorsaak dit in baie gevalle (as jou alternator se uitset 13,7 V of meer is) dat die herlaaitempo baie stadiger is. Só word dit dan 'n beperking en nié 'n voordeel nie.



National Luna




## HOE HOU DIT VERBAND MET BATTERY-INSTANDHOUDING?

Die meeste vakansiereisigers bestuur nie meer as 'n paar uur per dag nie, wat beteken die meeste erg ontlaaide (diepsiklus-) batterye is in 'n permanente ontlaaide toestand. Of, om dit anders te stel: Die ekstra battery doen langtermynskade op en verloor die vermoë om gelaai te bly.

Dit is hoekom die dubbelbatterystelsel die eerste keer – en miskien selfs die tweede keer – werk, maar as jy nie die lading tussen reise in stand hou nie, raak jou battery se vermoë om gelaai te bly met elke maand wat verbygaan, minder. Anders as wat baie mense glo, vat dit 'n verbasende kort rukkie vir die battery om permanente skade op te doen as dit in 'n ontlaaide toestand gelos word.

In die geval van die safariverhuringmaatskappy wat baie geld op nuwe GS-tot-GS-stelsels uitgegee het, het die probleem selfs erger geword as gevolg van die beperkte 20 A-uitset. Dit is net opgelos toe die maatskappy weer terugkeer na 'n National Luna-solenoïedstelsel en die batterye verander het van natsel-eenhede na droësel- (AGM-) batterye. Die maatskappy het ook in 'n stel 220V-instandhoudingslaaiers belê – en hulle dubbelbatteryprobleme is sedertdien iets van die verlede.

## WAT IS DIE GEVOLGTREKKING?

As jou dubbelbatterystelsel jou moeilikheid gee, is daar 'n goeie kans dat dit jou battery se skuld is – selfs al is hy minder as 'n jaar oud. As jy vermoed jou battery is gedeeltelik ontlaai, belê in 'n 220V-instandhoudingslaaier vóór jou battery permanent beskadig word.

National Luna het in 2016 laboratoriumtoetse op verskillende soorte batterye en verdeelde-herlaaistelsels gedoen. Die resultate het gelei tot die onlangse bekendstelling van 'n splinternuwe National Luna-instandhoudingslaaier, wat spesiaal vir landreisigers gebou is.

Die laaier is ontwerp vir motorfiets- en 4x4-stelsels en het 'n agtstap-herlaaiproses met onder meer 'n ontleding van jou battery se ladingtoestand en die opsie om in koue toestande 'n hupstootmodus te kies.

Dit is ook geprogrammeer sodat jy dit vir 'n onbeperkte tyd aan jou battery gekoppel kan hou en nooit bekommerd hoef te wees dat die battery warm gaan word of "oorlaai" nie.

Teen R1 595 is dit een van die mees bekostigbare intelligente instandhoudingslaaiers op die mark, en 'n noodsaaklike stuk toerusting as jy die meeste uit jou ekstra battery wil haal en toekomstige dubbelbatteryprobleme wil vermy.

National Luna is die enigste handelaar-vervaardiger van kampyskaste in Suid-Afrika wat spog met die grootste reeks 12V-ys- en -vrieskaste ter wêreld. Ons is ook die voorkeurverskaffer vir alle groot veldwa- en woonwavervaardigers.

• Die National Luna-220V-instandhoudingslaaier is beskikbaar by alle groot buitelewe-en 4x4-winkels.







Bel 011 452 5438 om 'n handelaar naby jou op te spoor of gaan na nationalluna.com of 4x4equipt.com vir nog dubbelbattery-raad en -wenke.




# Ditsem, Dinokeng!

**As jy die Groot Vyf wil gaan soek, hoef jy nie altyd die pad Kruger toe aan te durf nie. Die Dinokeng-reservaat is sommer om die draai van Gauteng af. Ons haak af in drie nuwe kampplekke by dié reservaat.**

**Teks** Schalk Jonker **Foto's** Nellie Brand-Jonker

Die Dinokeng-reservaat lê net noord van Pretoria en is Suid-Afrika se eerste en enigste reservaat só naby aan die stad waar leeus, luiperds, renosters, olifante én buffels vry swerf.

Die beplanning en ontwikkeling van die reservaat het kort ná die eeuwisseling begin, en in 2011 het die droom 'n werklikheid begin word toe vier van die Groot Vyf hier gevestig is. Die laaste van die vyf – buffels – is laat in 2012 ingebring om aan Dinokeng volwaardige Groot Vyf-status te gee.

Die lekker van Dinokeng is dat mense van die omgewing wat naby genoeg woon, sommer vir die dag kan deurskiet met 'n kosmandjie en 'n fles vol koffie en gaan kyk of hulle die diereryk se supersterre kan sien. Hier is 110 km se paaie waar jy kan ry en oor die verkyker baklei.

Die lekkerder ding van Dinokeng is dat hier 'n klomp kampplekke is, waaronder 'n klompie nuwes. *WegSleep* het al by die meeste 'n draai gaan maak, maar dit is altyd opwindend om van nuwes te hoor en daar ook te gaan inloer. Die drie nuutstes is die Almega-woonwapark, Tshikwalo-lodge se kampterrein en die Dinokeng-oord. By al drie kamp 'n mens ordentlik, en hoewel hulle in baie opsigte ooreenstem, is daar tog die klein dingetjies wat elkeen uniek maak – iets vir elke smaak.

Die Groot Vyf is op Gauteng se voorstoep. En drie nuwe kampplekke wag op jou. Waarvoor wag jy? >














N
na Polokwane
N1
Almega-woonwapark
Dinokeng-oord
Ramotse
Tshikwalo-lodge
R101
N1
Hammanskraal
R734
R734
na Pretoria



SWEMKITAAR. Die Almega-woonwapark se kenmerkende kitaarswembad tref die oog en is in die somermaande 'n welkome lafenis teen die skroeiende Hoëveldse hitte.

ALMEGA-WOONWAPARK

## Deur kampeerders

Die eienaars van die Almega-woonwapark net buite Dinokeng se grens roem hulle daarop dat hulle self kampeerders is en daarom kon hulle 'n kampplek bou soos hulle daarvan hou.

"Daar is 'n klompie goed wat vir ons belangrik was toe ons hier begin het," sê André Geyser. "Omdat ons self kampmense is, het ons geweet wat mense hoog op prys stel. Ons het ons staanplekke groot gemaak sodat ons gaste privaat en gemaklik kan kamp. Verder moes elke staanplek groot koeltebome, groen gras en private ablusiegeriewe hê. En laastens het ons die voorneme gehad om geriewe netjies en skoon te hou – van die ablusiegeriewe en die pad wat gereeld geskraap word tot die instandhouding van die heining."

Dit is veilig om te sê André-hulle voldoen aan die vereistes wat hulle vir hulleself daargestel het. By Almega word jy omring deur bosveld, met meer luukshede as waarvoor jy kan vra. Jy kry hier ook daardie persoonlike aandag wat kampeerders so na aan die hart lê. André ontmoet jou by die hek en ry vooruit om jou staanplek vir jou te gaan wys en jou te vertel hoe sake hier in mekaar steek. Hy sê



KINDERJOLYT. Die klimraam en klein laaigrafie sien na die kleingoed se speelbehoeftes om.



Elda en André Lombaard van Krugersdorp en hulle kinders, Sunel en Ruan, sleep 'n Gypsey Romany met 'n Hyundai Tucson.

### Hulle sê:

"Dit is ons eerste keer by Almega, maar ons kom ongetwyfeld terug. Die kampplek is in die bos, die mense is vriendelik, hier is meer as genoeg vir die kinders te doen en die geriewe is privaat en skoon. En as 'n ekstra bonus vir ons is dit ook naby aan die huis."

jy kan enige tyd die plaas buite die kampterrein te voet óf op ’n fiets gaan verken en kyk of jy wild soos koedoe, blesbok, rooibok, waterbok, eland en njala kan sien. Jy mag nie self ry nie, maar elke Saterdag laai hy vroegaand die kampterrein se kinders (en ’n grootmens of twee) op sy bakkie en gaan soek die diere.

Jy moet jou paklysie twee keer nagaan wanneer jy hier kom kamp, want hier is nie ’n winkel of restaurant of dié klas van ding nie. Maar as jy jou braaitang of skeerroom by die huis vergeet het, is daar wel ’n klein winkelkompleks 1,3 km van die oord se hek af. Hier is ’n algemene handelaar, drankwinkel en vulstasie. Jy hoef darem nie vir hout te kry nie, want André-hulle verkoop dit teen R15 per sakkie.

## Span uit

Die staanplekke wil-wil so groot soos ’n tennisbaan wees, en buiten die groen gras, koeltebome en private ablusiegeriewe kry jy ook ’n blousok-kragpunt en halfdrombraaier (met ’n rooster) wat op ’n ronde plaveiblad staangemaak is. Jou staanplek is ’n heerlike oop spasie waar jy ’n kombers op die gras kan oopgooi of jou kampstoel kan plant en onder die bome met jou boek kan gaan lê. Maak net seker jy dra jou sandale of plakkies. Dis hoofsaaklik doringbome wat vir die koelte sorg, en hier en daar lê ’n doringtakkie wat jou soos ’n matroos sal laat klink wanneer jy kaalvoet op hom trap.

Met ons besoek was hier twintig staanplekke, maar die Geysers het intussen vier bygevoeg, en teen die einde Mei wil hulle nóg vier – dus ’n totaal van 28 – hê.

Van die staanplekke het meer koelte as ander en jy moet veiligheidshalwe jou silwerseil en gazebo saambring, ingeval jy op een met minder koelte beland.

## Elvis se swembad

Wanneer die kwik begin styg, is dit die beste om koers te kies na Almega se unieke swembad. Dié is in die vorm van ’n kitaar met die vlak kant in die kop, en ’n voor wat deur die nek loop na die diep kant: die bak van die kitaar. André vertel hy wou aanvanklik ’n ronde swembad en ’n vlakker een vir die kleintjies langs mekaar bou, maar sy seun, ook André, het met die idee van die kitaarswembad vorendag gekom. Dit tref inderdaad die oog en sorg vir groot vermaak.

Naby die swembad is ’n klimraam waar die kleintjies ook van hulle oortollige energie ontslae kan raak.

## Nét joune

Selfs die kieskeurigste kampeerder gaan moeilik vir luukser ablusiegeriewe kan vra. Daar is een ablusieblok vir elke vier staanplekke en dié is in vier gedeel om vir jou jou eie private hoekie te gee.

In jou badkamer is ’n wasbak, toilet, twee spieëls, twee kragpunte, ’n bankie en ’n bielie van ’n stort met ’n verstelbare stortkop waarmee jy kies hoe die water spuit. Langs die stort is ’n groot afdroogdeel met ’n bankie en hangplek vir jou handdoek. Buite die deur is jou opwasplek met twee wasbakke en ’n vullisdrom wat jy met die staanplek langs jou deel.

## Kortliks | Almega-woonwapark

**Kampplek:** 24 staanplekke met krag en ’n vullisdrom, braaier, gras en koelte. Nog 4 staanplekke behoort teen einde Mei beskikbaar te wees.

**Ablusiegeriewe:** Jou eie klein badkamer en opwasplek wat daagliks skoongemaak word.

**Prys:** R300-R550 p.d. per staanplek vir 4 mense afhangend van wanneer jy kamp. Bykomende mense (tot ’n maksimum van 8) betaal R75-R100 p.p.p.d.

**Aankoms- en vertrektyd:** 12 nm. en 10 vm.

**Kontak:** 082 452 0269 of 079 476 6821; andre@almegakamp.co.za; almegakamp.co.za

**Hoe ver van die N1-N4-wisselaar af?** 40 km.

**Hoe lyk die pad?** Teerpad tot by die hek en ’n goeie sandpad tot by jou staanplek.

**GPS** S25.340090 E28.385275

***WegSleep* sê:** Jou badkamer het nie ’n bad nie – as jy met ’n kleintjie kamp wat nog moet bad, moet jy ’n babábad of skottel saambring. >





**STAP IN ’N RY.** Jou staanplek is groot, op gras en meestal onder koeltebome, met jou halfdrombraaier en rooster wat op ’n plaveisirkel gereed staan vir vanaand se braai. Jou ablusiegeriewe (foto regs) is skoon, netjies en heeltemal privaat.

TSHIKWALO-LODGE

# Raak rustig

Die Tshikwalo-lodge se kampterrein is 'n plek waar jy ná 'n dag se wildkyk jou vuur bou, 'n lafenis in die hand kry en die natuur in stilte geniet terwyl die kinders 'n entjie weg in die swembad baljaar.

Die kampterrein se 25 staanplekke is om 'n sirkelpad uitgelê, en jy kamp oorwegend op gras en in die meeste gevalle onder die koelte van tambotiebome. Van die agterste staanplekke se koelte is skrapser; probeer voor kamp, nader aan die swembad of in die binnekring.

Die staanplekke is groot genoeg vir jou Exclusive, maar op sommige van hulle hang die boomtakke nogal laag en jy sal mooi moet kyk wanneer jy intrek om nie jou wa seer te maak nie. Elke staanplek het 'n gewone huissokkragpunt terwyl jy 'n kraan en vullisdrom met drie van jou bure deel. Jy kry ook jou eie staalbraaier met verstelbare rooster.

Die kampterrein het rondom 'n elektriese heining, en daarom hoef jy nie bekommerd te wees dat 'n vuilbaard 'n stukkie van jou vleis gaan kom eis nie. Dit is egter nie te sê jy kan nie vir Meneer Leeu van hier af hóór nie. Daardie kenmerkende brul sny deur die naglug wanneer jy om die vuur sit en laat omtrent die grond om jou bewe. As jy hulle die nag hoor, bespreek vir jou 'n wildsrit by die ontvangskantoor. Dit kos R200 p.p. (R100 vir kinders). Boonop kry jy op die oggendrit koffie en beskuit en op die laatmiddagrit word jy bederf met 'n skemerkelkie.



SWEM, JANNIE... Die swembad is nie die grootste wat ons al gesien het nie, maar hy is naby aan jou staanplek en die water is skoon en helder.



HANDEWASTYD. Hier is een ablusieblok met aparte geriewe vir mans en vroue, en dis pynlik netjies.

## Watersake

As jy nie op 'n wildsrit is nie, gaan jy – veral in die warmer maande – waarskynlik die meeste van jou tyd in en om die swembad deurbring. Die aspirant-Chad le Clos in jou gesin sal nou wel nie hier kan oefen vir die 100 m-vlinderslag nie, maar die water is blou en skoon en jy kan ordentlik afkoel.

Rondom die swembad is leunstoele en sonsambrele waar jy agteroor kan sit en 'n skelm middagslapie deurwerk.

Vir badtyd staan die ablusieblok links van jou soos jy by die oord inry; dié siersteengebou het aparte geriewe vir mans en vroue. Onder die stoep aan die voorkant is die opwasgeriewe waar jy jou skottelgoed in een van drie dubbelwasbakke kan skoonkry. Hier is ook twee vullisdromme.







Yvonne en Gert Murray van Waverley in Pretoria sleep 'n Bush Baby met 'n Land Rover Freelander.

**Hulle sê:**

"Ons geniet dit om in die hartjie van die natuur te kamp, en die Dinokeng-reservaat is skaars 50 km van die huis af. Die kampplek is netjies, die geriewe skoon en hier is niks om oor te kla nie."

Die badkamers is netjies geteël van die vloer tot teen die dak en dit word goed onderhou en daagliks skoongemaak. By die mans is vier storte, vier wasbakke met spieëls, drie toilette en twee urinale. Die vroue het ses storte, 'n bad, ses wasbakke met spieëls, ses toilette, 'n vollengte spieël en 'n hoekie waar jy jou hare kan droogblaas en jou gesig kan inkleur. Jy stort agter 'n stortgordyn en elke storthokkie het 'n bankie en hake agter die deur.

## Hoender of vis?

'n Mens is nie altyd lus vir kosmaak nie, veral nie as jy heeldag op die olifante se spoor was nie. By Tshikwalo se restaurant kan jy jou op 'n dek kom tuismaak wat op 'n watergat uitkyk en iets te ete geniet.

Die restaurant bedien drie etes per dag, alles van die spyskaart af. Ontbyt kos R100 p.p. en jy kan onder meer kies tussen 'n kontinentale ontbyt, spek en eiers of 'n omelet. As jy vir middagete kom aansit, betaal jy R110 vir 'n kaasburger, pasta, slaai of hoenderrepies. Die aandete kos nou wel R250 p.p., maar dit is darem 'n driegangmaaltyd. (Hou dit in gedagte wanneer julle huweliksherdenking in die kamptyd val...)

As die koeldrank op is of jy is lus vir roomys langs die swembad, sal jy by die ontvangskantoor hiermee geholpe raak. Hulle verkoop ook hout en ys hier.



**KAMPSTORIES.** Van die staanplekke by die Tshikwalo-lodge se kampterrein het meer koelte as ander.



## Kortliks | Tshikwalo-lodge

**Kampplek:** 20 staanplekke met 'n staalbraaier (met rooster), kraan en kragpunt (sommige met koelte). Vyf staanplekke het nie elektrisiteit nie.

**Ablusiegeriewe:** 1 groot ablusieblok met aparte geriewe vir mans en vroue. Dit word skoon en netjies gehou.

**Prys:** R140 p.p.p.n. (R90 vir kinders). As jy met lugreëling kom kamp, betaal jy R100 ekstra met jou aankoms.

**Aankoms- en vertrektyd:** 2 nm. en 10 vm.

**Kontak:** 060 988 0990 of 010 594 0457; reservations@tshikwalo.co.za; tshikwalogamelodge.co.za

**Hoe ver van die N1-N4-wisselaar af?** 35 km.

**Hoe lyk die pad?** Die laaste 1 km is 'n goeie grondpad.

**GPS:** S25.368917 E28.345050

***WegSleep* sê:** Jou vriende en familie kan vir die dag kom kuier, maar dan moet hulle R110 p.p. betaal (R60 vir kinders). >




DINOKENG-OORD

## Bring die hele gesin

Casper en Coleen Pieterse, die eienaars van die Dinokeng-oord in die reservaat, het groot planne met hulle plek. Hulle is self ywerige kampeerders en het twee klein kinders. Coleen vertel hulle droom is om 'n wonderlike gesinservaring by hulle kampplek te skep wat ouers en kinders ewe veel sal geniet.

As jy na die allemintige houtklimraam, die vier swembaddens, die trampolien en die yslike waterglyplank kyk, sien jy hulle is goed op pad om daardie droom van hulle te verwesenlik.

Dit is een van daardie plekke waar jy jou kinders net by jou staanplek gaan sien as hulle honger is. Dis 'n veilige omgewing waar jy hulle met gemoedsrus saam met die ander kinders in die oord kan laat speel terwyl jy jou tamaai blokraaiselboek met jou HB-potlood en uitveër takel of jou wild-foto's op Facebook laai.

Hier is 40 genommerde staanplekke wat in amperse blokke oor die kampterrein uitgelê is. Die meeste van die staanplekke het gras en koelte, maar daar is tog sommiges waar jy in die son staan. Die Pieterses het kiaat- en koorsbome geplant vir koelte oral, maar met ons besoek was die boompies nog te jonk om hulle man te staan teen die son. Onthou dus jou silwerseil.

By die meeste staanplekke is daar struike tussen jou en die bure, wat vir 'n mate van privaatheid sorg (as dit iets is wat jy hoog op prys stel). Jy gaan jou buurman egter vanaand in die oë moet kyk omdat julle die betonbraai tussen julle staanplekke deel. Jy staan dié kant en braai en



Koos en Bets van der Merwe van Vanderbijlpark haak hulle Jurgens Penta aan 'n Toyota Hilux 3.0 D-4D.

**Hulle sê:**

"Ons is baie tevrede met die oord. Dit is rustig, maar hier is genoeg dinge om die kinders besig te hou. Die bestuur is behulpsaam en die oord troeteldiervriendelik. Dit is vir ons baie belangrik, want ons hondjie kamp altyd saam met ons."



**EEN VAN VIER.** By die Dinokeng-oord is daar nie minder nie as vier swembaddens.

hy dáái kant, en julle elkeen kry sy eie rooster. Die pakplek om die braaier raak skraps as albei van julle gelyk braai; sit dus 'n klein kamptafel langs jou neer om die lewe vir jouself (en jou buurman) makliker te maak.

Op jou staanplek kry jy ook 'n betontafel en -bankies waar jy en jou gesin kan aansit... as jy die kinders uiteindelik oortuig het om te kom eet.

## Braaigroep

As jy en 'n klomp vriende saam kamp – of daar sak een van daai berugte donderstorms uit – kan jy jou vuur gaan maak in die gemeenskaplike braaiplek in die lapa by die swembad die naaste aan die kampterrein. Hier is gawe braaiplek met roosters en selfs houtbankies wat van dwarsleërs gemaak is. Jy hoef dus nie eens jou eie kampstoel saam te dra nie.

As jou kop die volgende oggend te swaar is om die skottelskaar aan te steek, kan jy jou gesin by die oord se restaurant gaan bederf met 'n ontbyt. Die oordbestuurder, Carla van der Merwe, sê sy sit geregte soos pap-en-wors en spek-en-eiers voor vir die allerbelangrikste maaltyd van die dag.

Jy kan ook by die restaurant vir jou bykosse soos paptert, slaaie of pap-en-sous vir jou braaivleis bestel. Carla sê jy moet dit reël wanneer jy jou kampplek bespreek.



LAAT JY GLY. Die waterglybaan sal die kinders lank besig hou... en sorg dat hulle sonder moeite gaan slaap.



SPLINTERNUUT. Met ons besoek was die gras op van die staanplekke pas geplant en van die bome nog jonk.

## Stort-stort só

Hier is drie ablusieblokke in die kampterrein, en die Pieterses is besig om vier private ablusieblokke klaar te bou wat voor die volgende vakansieseisoen klaar behoort te wees.

Van die bestaande drie is die grootste een, met aparte badkamers vir mans en vroue, by die swembadkompleks. Dié badkamers is skoon en netjies met moderne teëls van die vloer tot die dak. Hier is twee storte en twee wasbakke, elk met 'n spieël en twee toilette. Langs die badkamers is die opwaskamer met twee dubbelwasbakke vir jou skottelgoed.

Die ander twee ablusieblokke staan op die naaste en verste punte van die kampplek se ingang. Dit het ook aparte geriewe vir mans en vroue en elke badkamer bestaan net uit 'n stort, wasbak en toilet. Veral die naaste een is effens meer afgeleef as die groot ablusieblok, maar die geriewe word daagliks skoongemaak en aan die kant gehou.

## Kortliks | Dinokeng-oord

**Kampplek:** 40 staanplekke, die meeste met koelte, met 'n betonbraaier en gedeelde kraan en kragpunte.
**Ablusiegeriewe:** 3 ablusieblokke – 1 grote en 2 kleintjies, elkeen met aparte geriewe vir mans en vroue.
**Prys:** R300 p.n. per staanplek vir 4 mense. Elke bykomende kampeerder moet R120 p.n. betaal.
**Aankoms- en vertrektyd:** 2 nm. en 10 vm.
**Kontak:** 063 771 6856 of 060 970 5990; info@dinokengresort.co.za; dinokengresort.co.za
**Hoe ver van die N1-N4-wisselaar af?** 44 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 2 km is 'n goeie grondpad.

**GPS:** S25.344270 E28.405763

***WegSleep* sê:** Onthou jou stapskoene en bergfiets. Hier is fiets- én staproetes wat jy kan baasraak.




# SALIG
## *in die Suidwes-Vrystaat*

**Vat die grondpad en maak jou boswa of tent staan in die kareeboomkoelte op Bankfontein, 'n plaaskampplek naby die Vanderkloofddam, nie te ver van Bloemfontein af nie.**

**Teks en foto's** Willem van der Berg




Die eerste gevoel wat jy kry wanneer jy by Bankfontein se kampplek stilhou, is spyt. Ja, spyt – omdat jy nóú eers hier uitkom. Jy besef jy kon al menige naweek onder dié lieflike kareebome uitgespan en vir die wêreld weggekruip het. Dis net meer as twee uur se ry van Bloemfontein af, maar hier tussen Philippolis en Luckhoff en naby die Vanderkloofdam verras die Vrystaat 'n mens behoorlik. Hier is beboste berge, ysterklipkranse, klowe met koedoes, rooigrasvlaktes en dele Karoo-bossieveld.

Kyk, die Oos-Vrystaat is mooi, maar die suidweste is ewe mooi. En hier is iets in die lug. Iets ouds en geheimsinnigs: Sagte stemme met stories oor Boesmans, swerwers, jagters, Griekwas, Engelse sendelinge, Voortrekkers, oorloë, droogtes en nagmaalnaweke. Die Fourie-familie is deel van dié stories en boer al 'n eeu op Bankfontein (deesdae met witdorpers en nguni's).

Die Fouries het die kampplek 'n paar jaar gelede begin, maar dit eers onlangs ernstig begin bemark en 'n webwerf begin. Ek het nou die dag daarop afgekom en dadelik laat weet ek is op pad.



Of jy nou die plaas van Luckhoff, Philippolis of Fauresmith se kant af benader, jy gaan minstens 40 km grondpad ry. Net mooi halfpad tussen Luckhoff en Philippolis beduie die blou GWK-plaasnaambord dat Bankfontein dieper tussen die rante in is, nader aan Vanderkloof. Van hier af ry jy met 'n tweespoorpad van 10 km tot by die plaashuis waar 'n troppie uitbundige skaaphonde en Valerie, Joop of hulle seun Philip jou inwag. Maar jou rit is nog nie heeltemal verby nie; 'n plaaspad van 4 km wag voor jy kan afsaal en kamp opslaan. As jy dit báie kalm vat, sal jou Jetta by die plaashuis uitkom, maar vir die plaaspad het jy 'n bakkie of voertuig met 'n taamlike grondvryhoogte nodig om by dié kampplek vir tent- en boswakampeerders te kom.

## Goed weggesteek

Mense sê gou 'n plek is weggesteek. Maar as Facebook en Instagram jou kan opspoor, is jy nie weggesteek nie. En as nuus uit die Parlement jou kan bereik, is dit nie goed genoeg weggesteek nie. Bankfontein se kampplek is egter behoorlik verskans teen al dié dinge, en dis 'n goeie en mooi plek. Die ysterkliprante se growwe arms is om jou en hou al wat 'n selfoon- en radiosein is weg. Mooi kareebome staan dig teen mekaar en sluk jou as't ware in 'n klein woud in. Aan die westekant is 'n breë rivierloop wat afskiet Vanderkloofdam toe.

Die agt staanplekke is nie gemerk of genommer nie en jy kies vir jou die een wat die lekkerste lyk of vir jou die beste gaan werk. Almal is wel onder die bome en hier is heeldag skaduwee. (En vir diegene wat nie tent opslaan of op die grond slaap nie, is hier vier permanente tente met beddens, beddegoed en handdoeke.)

## Ko' laat ons kuier

Die staanplekke en permanente tente het nie krag of braaiplekke nie, maar die gemeenskaplike braaiplek is naby en daar is sonkrag waar jy die nodigste kan laai.

By die braaiplek is ook 'n kombuis onder 'n afdak. Jy kan jou tjops hier in die ysvrieskas bêre en water op die gemeenskaplike tweeplaatstofie kook vir koffie of om jou skottelgoed in die dubbelwasbak skoon te kry. In die kombuis is oorgenoeg paken werkplek.

Die vuurmaakplek is groot genoeg vir 'n braaivuur aan die een kant en 'n lekker groot kuiervuur langsaan.

Aan weerskante van die kampplek is 'n badkamer met 'n stort, wasbak en toilet. Die een is teenaan groot rotse uit klip gebou, met 'n mooi uitsig in die rivierloop af. Die ander is 'n houtgebou tussen kareebosse. Jy moet by albei badkamers die donkie stook vir warm water, maar saans het jy lig. Eenkant, in die kareebosse versteek, staan 'n ekstra toiletgeboutjie vir daardie druk tye.



BOSKAMPPLEK. Bankfontein is 'n natuurkampplek vir boswa- en tentkampeerders.



KLAAR OPGESLAAN. As jy nie 'n wa of tent het nie, kan jy in een van die klaar opgeslaande tente bly.

## Onder die sterre

Ek slaan my tent reg langs die rivierloop op. Hier groet die son met 'n lou hand en ek kan ver in die kloof af kyk. Ek sien hoe die skaduwees die oranje kranse bekruip en dan oorval. Hordes voëls kwetter in die kareetakke, maar hoe donkerder dit raak, hoe stiller word hulle. Later is my vuur se gekraak die enigste geluid – dié het ek sommer hier by my staanplek op die grond aangesteek. Dit is net ek hier. Hier's nie eens 'n windjie wat rondsluip nie. En dit is fantasties. Ek begin klaar planne beraam om weer te kom. Dan dreun iets nader, en ná 'n paar minute hou Joop met sy Cruiser by my stil. "Ek dog ek kom kuier by jou dat jy darem nie so alleen sit nie." >



IETS VAN ALS. Op Bankfontein word jy omring deur bergbos, Karooveld, grasvlaktes, kranse en klowe.



Ai, hoe graag wil ek nie alleen sit nie. Maar ek maak plek vir Joop en sy koelsak. En nie lank daarna nie gesels ons só lekker dat ek met 'n glimlag sy rol wors braai.

Joop was lang jare 'n ortopeed in Bloemfontein en het later met mediese regsake gewerk. Dis maar onlangs dat hy, Valerie en Philip permanent plaas toe gekom het. Hy is 'n man met 'n groot liefde vir die natuur en geskiedenis, en later probeer ons uitpluis waar alles vandaan kom en waarheen dit op pad is.

"Een ding is seker: As jy darem nou so opkyk in hierdie diepe duisternis vol helder sterre, kan jy nie anders as om verskriklik klein te voel nie," sê Joop.

As ek opkyk, hang die sterre sommer hier bo my kop tussen die kareeboomblare.

## Vroeg uit die vere

Bankfontein se voëls is weer vroegoggend aan die gang en sorg dat hier nie laat gelê word nie. En dit is goed so. Want om so in die koel lug en dou met die rivierloop af te stap is heerlik.

Rivierlangs is dit ongeveer 1 km se stap tot by Vanderkloof se water, maar ná die afgelope paar jaar se droogte in die Vrystaat is die dam net halfvol en die water het ver teruggetrek.

In die modder sien ek kort-kort koedoespore en allerhande kleiner spoortjies, en daar is ook bewyse dat 'n jakkals onlangs verby gedraf het. Ek kry vir Joop en Philip later by die kamp en hulle bied aan om vir my hulle 4×4-roete en die res van die plaas te gaan wys. Agterop die bakkie vertel Philip hy het 'n paar jaar as landbou-ekonoom in Pretoria gewerk, maar hy is bly hy en sy vrou en hulle dogtertjie kan op die plaas bly.

## Veld toe

Die Cruiser plas deur twee rivierlope voordat 'n steil en klipperige bergpassie ons opvat na 'n pragtige wye plato. Oral is blommende bossies en Joop beduie en gee name: vaalkaroo, berggansies, katbos, muistepeltjies… Kort-kort pluk hy 'n takkie of blare af sodat ek kan ruik en proe. Dié ding is vir tee gebruik, daai vir meel, doerie een vir seerplekke. Vir die snaaksigheid noem hy amper alles se wetenskaplike naam ook. En oor en oor sê Joop en Philip vir mekaar hoe mooi die veld is.

"Jong, dit het nie twee maande terug só gelyk nie," verduidelik Joop-hulle opgewonde. "Toe het dit hierso gelyk asof die aarde opgeraak het. Nou is hy mooier as wat ek hom nog gesien het."

Al wat nog moet bykom, is die dam se watervlakke. Van 'n uitkykpunt af wys Philip hoe ver dit deesdae teruggetrek is. *(Dié prentjie is stadig maar seker aan die verander ná onlangse goeie reën in die Vrystaat. – Red.)*

"Jy moet nou heelwat verder ry om te gaan visvang, maar die ouens sê hulle vang nou meer omdat die konsentrasie digter is."

In die veld is oral gatdamme vol water. En in een het 'n ngunikalf versuip. "Boerdery…" sê Philip. "Nes dit lyk asof alles goedgaan, gebeur daar eers weer iets wat jou nederig hou."

## Kies jou uitstappie

Op pad terug kamp toe besluit ek om volgende keer my bergfiets saam te bring. Hier is kilometers se lieflike veldpaaie.

Die aktiwiteite op Bankfontein word ook uitgebrei. Joop sê twee opgeleide veldgidse van Mpumalanga, Bill Drew en Francé van Wyk, kom permanent in die kampplek bly om die Abrus Eco-lodge te bedryf vir gaste wat die luukse tentverblyf in die bos verkies. Bill was ook 'n sjef by luukse lodges en hulle gaan vir die gaste kosmaak.

As jy in die toekoms jou tent of boswa hier staanmaak en die slag nie lus is >







STAP, STOOK, SKROP. Rivierlangs is dit net 1 km tot by die dam (foto bo). Terug by die kamp stook jy die donkie (regs bo) vir 'n warm stort (regs).



MAAK JOU TUIS. By die gemeenskaplike braaiplek is jy goed ingerig met enigiets van 'n yskas tot 'n stofie.





VAT DIE PAAIE. Vat die tweespoorpaaie met jou 4x4, hoë ryding of bergfiets of stap die veld in en kyk die plante, diere, voëls en insekte. En asem die vars lug in.

## Dís wat dit kos

(1 volwassene)

| | |
|---|---|
| Diesel @ 9 ℓ/100 km en R13,60/ℓ en 440 km (heen en weer) | R538,50 |
| Verblyf (1 nag) | R100 |
| Kos | R150 |
| Groottotaal | R788,50 |

## Kortliks | Bankfontein

**Kampplek:** 8 staanplekke, almal onder kareebome en in die koelte.
**Ablusiegeriewe:** 2 badkamers met donkies en 'n ekstra toilet.
**Prys:** R100 p.p.p.n.
**Kontak:** 051 773 7001 of 072 279 6497 (WhatsApp); bankfonteinfs.co.za; bankfontein1@gmail.com
**Aankoms- en vertrektyd:** Hier is nie streng reëls oor tye nie.
**Hoe lyk die pad?** Teerpad tot op Philippolis of Luckhoff en dan sowat 41 km grondpad en nog 14 km plaaspad.

**GPS:** S30.080354 E24.901873 (plaashuis)

***WegSleep* sê:** As jy lief is vir die natuur, is Bankfontein vir jou.

vir braai of kosmaak nie, sal jy ook kan aansit vir een van hulle bosaandetes onder die sterre. En jy gaan onder hulle leiding kan stap en bergfietsroetes ry, op die Vanderkloofdam kan roei of saam met hulle gaan voëlkyk. Hier is meer as 260 spesies voëls, van hulle endemies. Op die uitstappies sal Bill en Francé jou ook leer van die plante, diere en insekte van dié wêreld én vir jou die Boesmantekeninge en gereedskap uit die Steentydperk op die plaas gaan wys.

Andersins kan jy met jou 4x4, hoë ryding of bergfiets die veldpaaie op jou eie vat. Hier is sowat 28 km se dubbelspoorpad (dele daarvan kan jy slegs met 'n 4x4 of jou fiets ry). Óf jy kan die veld instap of by die dam gaan lyn ingooi vir geelvis, baber of karp.

"Ons wil net hê mense moet dit gate uit geniet, veral die wonderlike natuur. Mense moet besef hoe wonderlik die skepping is," sê Joop.

Daarsy, ek het, Joop. Ek het. En sal so gou ek kan, terugkom en weer so maak.





WWW.CONQUEROR.CO.ZA
CONQUEROR
OFF-ROAD Campers
"Die wêreld se beste veldkampeerders"
ALLE PAAIE
LEI NA
AVONTUUR
Besoek ons by die
Nampo-skou
16–19 Mei 2017.
CONQUEROR-HANDELAARS
Heidelberg
082 925 4218
083 654 0116
Limpopo
015 293 0431
071 771 0347
Oosrand
084 491 5898
082 350 8166
Pretoria
012 567 1378
082 442 5713
Northgate
011 026 6350
083 229 4276
Wes-Kaap
072 434 9062
Bloemfontein
Moto Inn
051 430 5951
Kaapstad
Safari Centre
021 595 3910
KwaZulu-Natal
LA Sport Zulu
035 789 5918
Namibië
Off-Road Centre
0026 46 123 7532
Nelspruit
Opposite Lock
Nelspruit
013 752 2016
Vryburg
4x4 Mega World
053 927 0395
CONQUEROR-VERVAARDIGERS (PTY) LTD
Tel: 016 349 6533
h.v. Chris- & Reitzstraat
Heidelberg
info@conqueror.co.za
MILITARY TOUGH
FINANSIERING BESKIKBAAR
opposite lock
ABSA
Standard Bank
WesBank
The Dealer Bank
Find us on: facebook.

Ons toets

# Nou's die Xplorer nóg beter

**As jy en jou gesin van 'n kampkuier diep in die bos hou, is Jurgens se opgeknapte Xplorer dalk net die wa vir julle.**

**Teks en foto's** Leon Botha




Jurgens Safari Xplorer

Die Safari Xplorer is een van Jurgens Ci se gewildste modelle en draf al 'n hele paar jaar op die land se paaie.

Nou het Jurgens hom opgekikker. Die mees opsigtelike verskil tussen die ou en nuwe wa is 'n strook swart geruite aluminiumplaat teen die onderste deel van die sypanele. Verder is die deure opgeknap en hulle seël beter.

Die buitedeurtjies het nou elkeen twee rubberseëls in die plek van een om stof en water uit te hou, en in die wa het al die kaste nou ooprits-seildeurtjies wat jy ná jou twee weke in die Kgalagadi kan afhaal en was.

Die nuwe Xplorer lyk nie net beter nie, maar ís ook beter. Hier is hy...

## Alkant koelte en inklimplek

Aan weerskante het die Xplorer 'n oopslaan-afdakkie wat jy in gedagte moet hou wanneer jy die wa op jou staanplek trek – jy het minstens 'n voertuigbreedte aan elke kant nodig om dié dakkies op te slaan.

Die Xplorer se stoepdak links gee jou koelte oor die kombuis en die anderkantste dakkie slaan oor die stortgedeelte op.

Die Xplorer het 'n deur in albei sypanele – regoor mekaar tussen die wiele en die A-raam – en albei maak onder die afdakkies oop.




## Bankvas

Die Xplorer het nie gemonteerde hoekstutte nie, maar drie los stutte. Jy bêre hulle agter teen die romp, regs van die noodwiel, en trek hulle met 'n vleuelmoer teen mekaar vas.

Elke stut het 'n los voetjie wat links van die noodwiel gebêre en ook met 'n vleuelmoer vasgetrek word.

Elk van die hoekstutte het 'n dwarsarm wat in 'n vierkantige buis in die wa se romp druk. Jy druk twee stutte weerskante van die Xplorer se agterkant in en die derde voor by die regterbeen van die A-raam.

Jy lig elke stut se dwarsarm met die draai van die stut se slinger om die wa stewig op die grond te anker en waterpas te kry.

## Neushokkie

Die neuskas is onder die oopslaanbed, en selfs met die bed platgeslaan kan jy dit oopmaak.

Die ruimte is dan wel effens knap en jy moet kniel as jy 'n gasbottel of verlengkoord wil uithaal. As jy nie kans sien vir die gebuk nie, moet jy maar jou goed uit die kas kry vóór jy die bed platslaan.

Dié kas is ook groot genoeg om die los tentseile en grondseil in te pak.

















## Slaan hom oop

Die opwipdak lig met behulp van gasstutte 'n goeie 40 cm, en in die wa word die geligte dak met die konvensionele H-arms gestut.

Dié soort dak se hoeke moet gewoonlik gelyktydig afgetrek word om dit te laat sak, en dit gee dikwels 'n gespook af wanneer jy dit alleen probeer doen.

Maar die Xplorer het op elke hoek 'n nylonband met 'n gespe wat jy afsonderlik trek om die dak geleidelik te laat sak. Hierdie bande hou ook die dak in plek wanneer dit gesak is.

Die Xplorer het twee beddens. Die voorste een, net-net smaller as 'n dubbelbed (2,2 x 1,3 m), slaan oor die A-raam oop en hang dan aan twee kabeltjies. Dit het nie daardie stutvoet op die A-raam wat 'n mens soms sien nie.

Jy klim op die Xplorer se disselboom om die twee slotte by te kom sodat jy die bed kan platslaan.

Tussen die twee arms van die disselboom is 'n breë plaat waarop jy kan staan – jy hoef dus nie balanseertoertjies op die A-raam te doen om die bed platgeslaan te kry nie.

Die een kant van die seil wat oor die bed span, is aan die romp vas. Jy trek die los deel oor die punt van die bed en moet dan in die wa klim om dit verder te span.

Binne, weerskante van die bedblad se skarniere, is 'n paaltjie wat teleskopies verleng. Jy druk albei die paaltjies se los punte vas teen die U-raam wat oor die verste punt van die bed oplig. Jy verleng die paaltjies tot die seil styfgespan is en draai dan hulle stelmoertjies vas.

Laat sak jou kop wanneer jy in die bed klim, want die opening is net 56 cm hoog. By die voetenent is aan weerskante kassies met seildeurtjies en aan die linkerkant is 'n lig. >










## Skuifkombuis

Die glyraam waarop die yskas staan, trek links van die deur uit die romp.

Jurgens gebruik deesdae Snomaster-ys-vrieskaste in hulle waens, maar as jy 'n 80 ℓ- of 90 ℓ-National Luna het, sal dié ook op die glyraam pas. Met die glyraam uitgetrek staan die yskas teen die romp met die tweeplaatgasstoof langsaan dwars vasgesit.

Onder die stoof is 'n kassie met 'n seildeurtjie aan die voor- en agterkant. Hierin is al die koppies en borde, en dis ook die bêreplek vir die opgerolde gaspyp as jy klaar is met die stoof. Langs die stoof haak 'n los raam in waarin 'n plastiekskottel en droograk pas. Die kraan staan langs die stoof en het 'n kop wat tot bo-oor die skottel swaai.

Die kombuis se kragpunt is 'n 220V-multiprop met drie proppe en sit regs van die wiel.

Die wa het nie 'n werkblad by die kombuis wat platslaan nie, maar jy kry 'n los tafel saam wat jy langs die multiprop kan opslaan. Die kaste is maar min. Bo die glyraam in die romp is 'n klein kas met seilsakkies vir onder meer jou eetgerei, maar hier is geen ander buitekaste vir jou kruideniersware nie.

## Verlig

Die kombuis het bo die glyraam en multiprop twee LED-ligte wat grond toe skyn. Agter bo teen die sykante van die wa is twee ligte wat brand terwyl jy sleep. Jurgens installeer dié hoekligte al etlike jare en dit hoort op elke wa op die pad. Die deel van die liggie wat vorentoe wys, is deurskynend en die agterkant rooi. Hulle werk saam met die sleepvoertuig se ligte, en as jy rem trap of die ligte aanskakel, werk hulle. Dié ligte help jou om in die aand die wa se stert dop te hou – én dis ook meer sigbaar vir ander padgebruikers.

Die linkerkantse liggie is wel baie naby aan die stoeptent se sak, en die sak hang effens daaroor.



## Opslaanbadkamer

Die dakkie wat aan die regterkant uitslaan, is as 't ware die Xplorer se badkamer. Dié dakkie het sykante om 'n vertrek te vorm, en die wa se regterdeur maak in dié tent oop.

In die sypaneel is 'n soortgelyke kassie as aan die kombuiskant waarin jy jou seep, sjampoe en ander badgoed kan pak. Die stortkop is in sy eie kassie net onder die badgoedkassie.



## Slim gedoen

As jy die ys-vrieskas terugstoot in die romp, staan dit onder die bed se voetenent. Dié deel van die bed kan oplig sodat jy die ys-vrieskas kan oopmaak vir iets koels voor slapenstyd.

Die kamptafel staan ook opgevou by die voetenent. As jy langs die bed staan, staan die tafel op sy sy voor jou maermerries. Dis 'n gawe bêreplek daarvoor.

Langs elk van die deure is kaste vir klere. As jy voor die bed staan en na die agterkant van die wa kyk, is die kassies links en regs byderhand en kry jy sonder sukkel jou sokkies in die hande. Hier en teen die agterste paneel is nog smal kassies wat bo teen die paneel ingebou is.

Net bo die vloer by die Xplorer se regterdeur is die watervlak- en batterymeter asook die verstelmeganisme om die geiser met gas of krag te laat werk.




## Dís mos ’n wenbed!

Die groot bed in die agterkant is een van die Xplorer se sterk punte. Jy kan dit opslaan in ’n U-vormige bank met gemaklike sitplek vir vyf mense.

Die bank se sitgedeelte is ook ’n deksel vir ’n pakplek waarin jy bonkige goed soos ekstra kussings en duvets kan pak (óf jy kan jou minder nodige kruideniersware hier pak).

Tussen die banke is ’n gangetjie waar ’n los tafel inpas. Dié tafelblad staan op ’n strykplankvoet en is maar wankelrig.

Die ruimte is ook beknop. Dis nie lank nie voor iemand teen die tafel met sy los voet stamp en die vrugtesap op iemand omval. Die tafelblad is dus ’n beslommernis met sy los voet, maar die blad dien ook ’n gawe doel.

Die blad pas sonder sy voet tussen die banke in, en met ’n kussing bo-op maak dit ’n lekker groot bed – netnet kleiner as ’n koningsgrootte bed (2,05 x 1,75 cm). Dis ’n heerlike bed wat van kant tot kant strek waar tot drie kinders kan inkruip.

Teen die agtermuur is ’n smal regop spieël, maar dit gaan maar broekskeur om jouself hierin te bekyk – as jy op die bank langs die spieël sit, moet jy buk om dit te gebruik.




## Die tegniese goed

**Lengte:** 5,775 m
**Breedte:** 1,975 m
**Hoogte:** 2,343 m
**Nokhoogte binne-in:** 1,92 m
**Neusgewig:** 100 kg
**Tarragewig:** 1 420 kg
**Dravermoë:** 230 kg
**BVM:** 1 650 kg
**Prys:** R329 000

### Plus

- Die trekbande om die opwipdak te laat sak werk goed.
- Die ekstra ligte agter bo teen die romp hoort op elke wa.
- Die los kamptafel het ’n slim bêreplek onder die bed.
- Jy kan nie vir ’n groter bed vra nie.

### Minus

- Die inklimgedeelte van die oopslaanbed is ongerieflik laag.
- Die kombuis is sonder ’n kruidenierskas.
- Die tafel met sy strykplankvoet is wankelrig en taamlik onprakties.
- Die spieël sit nie op die beste plek nie.

**WegSleep sê: Die Xplorer is om ’n goeie rede nog met ons.**

*WegSleep het die Jurgens Safari Xplorer by die vervaardigers geleen.*

## Handelaarsnetwerk

**Hoofkantoor** in Ga-Rankuwa, 39 handelaars landwyd, (Namibië ingesluit)

**Kontak:** 012 797 7300; info@jurgens-ci.co.za; campworld.co.za





Sleep-toets

# Op 'n galop met 'n Indiese sleepperd

Mahindra XUV500 W8

**Al is hy een van die goedkoper voertuie in sy klas, draf dié Mahindra soos 'n droom voor 'n wa.**

**Teks en foto's** Leon Botha

Mahindra is alombekend vir sy werkesels, en die XUV500 staan sterk in die mededingende nutsvoertuigmark. Mahindra bou dié model sedert 2011 en voorverlede jaar is hy opgekikker.

Jy kan uit drie basiese modelle kies: die W4, W6, en W8, wat ons getoets het. Die luukshede en prys verskil, maar hulle het almal die 2,2 ℓ-mHawk-turbodieselenjin.

Die XUV500 draf gemaklik voor die woonwa en jy gaan ver soek vir nog sulke waarde vir jou geld.

En saam met die XUV500 se goeie prys kry jy 'n vakansiekar soos min met plek op die agtersitplek vir drie én hope kop- en beenspasie in die kajuit.

## Oog op die haak

'n Sleepstang is nie standaard op die XUV500 nie. Die toetsmotor het 'n Steelite-stang waarvan die bol 48 cm bo die pad staan. Vir slepers met 'n gewone wa is dit 'n gawe hoogte. Die deel waar die bol aan die stang vasbout, is plat en lyk soos 'n klein sakplaat. Dié plaat het nog 'n stel gate as jy die neus van die wa sowat 6 cm wil lig. As jy dit meer wil verstel, pas 'n los sakplaat op die stang.

Die trukamera se lens sit nie in die middel van die agterdeur nie en die prentjie van die bol sit gevolglik links op die skerm se eerste derdelyn. Met die middel van die voertuig wat nie in die middel van die skerm is nie, raak jy maar effens deurmekaar as



jy wil terugstoot om te haak. Die oplossing is om nie slegs op die skerm te kyk nie, maar ook self agtertoe te kyk. Jy het 'n lekker sig na agter wat jy saam met die skerm kan gebruik om tot by die wa se koppelstuk te trek.

Die XUV se trusensors waarsku jou wanneer hulle dink jy gaan teen iets vasry. Sodra jy terugstoot na die wa toe, maak hulle alarm en die trukameraskerm vertel vir jou bykans sentimeter vir sentimeter hoe ver jy van die wa af is. Wanneer die bol omtrent 15 cm van die koppelstuk af is, wys die skerm jy moet stilhou. (Sien 1, 2 en 3 op die volgende bladsy.)

Die trukamera het 'n verdere funksie wat 'n mens nie in baie ander voertuie sien nie. Jy kan dit aanskakel terwyl jy sleep en kyk of alles agter by die haak in die haak is. Ja, as daar 'n vreemde geluid van agter af kom, hou 'n mens eerder stil om ondersoek in te stel, maar die kamera kom baie handig te pas as jy gou in die ry wil kyk of die neuswiel nog op sy plek vasgeklamp is en alles by die haak nog klopdisselboom is.

Maar dis nie al kameragerief wat jy het terwyl jy sleep nie; jy kan ook nabyskote sien van onder meer die koppelstuk op die bol. (Sien A en B op die volgende bladsy.)



**BELEER.** Buiten die gerief van die XUV500 se leerbekleedsel, is die stikwerk ook nie afgeskeep nie.



**STOP EN VEE.** Die agterruitveër is nuttig ná stofpadry, en bo dit is 'n langwerpige remlig gemonteer sodat medepadgebruikers jou beter kan sien.



**NIKS OM WEG TE STEEK.** Hedendaagse se enjins "skuil" gewoonlik onder 'n plastiekbedekking, maar saam met die netjiese voorkoms van die XUV500 is selfs die panele onder die enjinkap ordentlik afgewerk.

## Sleepgereed

Die XUV500 is nou wel nie uitsluitlik vir sleep ontwerp nie, maar hy maak behoorlik voorsiening vir slepers. Saam met die sleepvriendelike trukamera kan jy ook die skynhoogte van die ligte verstel. Jy doen dit met 'n draaiknoppie by jou regterknie. Dié ligverstellings is ook nuttig as jy die slag meer passasiers inlaai as gewoonlik. (Die voertuig het twee ekstra sitplekke wat agter die middelste ry >




OOG OP DIE WA. Die XUV se trukamera wys meer as net die beeld na agter. Soos die trusensors 'n versperring registreer, wys dit die afstand in sentimeters op die skerm, en uiteindelik "STOP". Die kamera kan ook aangeskakel word terwyl jy sleep, en dit kan selfs 'n nader skoot van die haak wys.




IN RAT. In die middelste deel van die odometer sien jy die rat waarin die kar is.

platslaan, en met nog twee passasiers op dié sitplekke sak die stert nog verder.)

Die stertvere is besonder stram; onder 'n Jurgens Classique se neusgewig van 85,5 kg het die stert net 2 cm gesak, en onder die 108,6 kg van die Sprite Swing – ons toetswa – net 3 cm.

Mahindra het dit ook reggekry om daardie lastige blindekol met een spieël uit te skakel. By die brilkassie, teen die dak by die voorruit, is 'n kassie met 'n wyehoekspieël wat uitvou. Hierin kan jy reg rondom sien sonder om die syspieëls te gebruik.

## Binne-in

Aan die binneafwerking kan jy tot 'n mate sien waarom hierdie 'n goedkoper voertuig is. Dis oorwegend donker en in van die plastiekpanele is fyn patroonwerk geset om dit soos growwe materiaal te laat lyk.

Die instrumente lyk ook anders as die tipiese instrumente in vandag se voertuie. Voor die bestuurder is twee ronde analoogmeters langs mekaar: die spoedmeter links en toereteller regs. Elk van dié instrumente het 'n kleiner ronde skermpie in die middel wat effens uitstaan. Hulle wys vir jou onder meer die afstand wat jy gery het, die brandstofvlak en die temperatuur. Die linkerkantse een wys ook vir jou in watter rat die XUV is.

Die handrem sit links van die sitplek, amper teen jou lyf, en lyk 'n bietjie soos die



handvatsel van 'n reistas. Die hefboom wys nie vorentoe nie, maar staan gebuig na die bestuurder se kant toe en lyk effens vreemd.

## Laat die enjin praat

Die enjin is raserig, en wanneer jy hom aanskakel, klink dit amper of jy in 'n dekade of wat terug se dieselbakkie sit. Maar ondanks die rasery is dié enjin glad nie lui nie.

As jy van stilstaan wegspring en teen 3 500 r.p.m. deur die ratte wissel sonder om die enjin te moor, staan 'n mens verbaas oor sy versnelling. Jy sleep binne 21,7 sekondes in derde teen 100 km/h (3 500 r.p.m.). Dan is dit tyd om vir die langpad na vierde oor te skakel en terug te sit. Die toere val tot by 'n gemaklike 2 500 r.p.m. en effense bulte breek nie die XUV500 se spoed nie. Die Mahindra het 'n vyfde en sesde rat ook, maar in vyfde val die toere tot 2 100 r.p.m. – dis net goed vir sleep op 'n gelyk pad. Die toere duik met nog 200 r.p.m. as jy na sesde oorskakel; dié rat is glad nie bedoel vir sleep nie. Met 'n wa is die enjin dan dooierig.

Die XUV is ook allesbehalwe 'n steeks donkie as jy van 80-100 km/h wil versnel om verby te steek. In derde en teen 80 km/h draai die enjin teen 2 800 r.p.m. Wanneer jy jou voet neersit, aarsel die enjin nie en klim die toere binne 7,08 sekondes tot 3 500 r.p.m. en 100 km/h. >





VINKEL EN KOLJANDER. Die XUV500 is tuis voor die woonwa.







DUIMKNOPPIES. Die klankvolume kan links op die stuur verstel word en die spoedbeheer regs.

SIEN JOU. Die instrumente is mooi sigbaar vir die bestuurder.

SOMMASJIEN. Op die skerm kan jy sien wat die brandstofverbruik is en hoe ver jy nog kan ry.



Die woonwakenner Hans Koekemoer sê sy sê:

## Hans sê:

“Die naam Mahindra laat ’n mens gewoonlik dink aan ’n bakkie, maar die XUV500 is ’n luukse voertuig. Interessant genoeg is die stuurwiel effens kleiner as die meeste voertuie waarmee ons al ’n sleeptoets gedoen het. Dit pla nie en jy kan met korter handbewegings die stuur draai.

Die sitplekke is gerieflik en die sig na buite goed – jy sien alles om jou maklik. Die deurpaneel se boonste deel is laer as waaraan ’n mens gewoond is en die kassie by jou linkerelmboog op die regte hoogte sodat jy jou arm daarop kan laat rus en nie veel hoef te beweeg om die ratte te verander nie.

Met die truratkamera wat jy gedurende die rit kan aanskakel én met die wyehoekspieël teen die dak kan ’n mens behoorlik en dadelik sien of alles in die haak is terwyl jy sleep. Mahindra verdien ’n pluimpie hiervoor.

Die ronde hoeke van die agterruit pla wel. Wanneer ’n mens die binneste truspieël gebruik, versper dit die sig na die kante van die woonwa.

Vierde is die sleeprat. Teen 110 km/h sleep ’n mens met die toere op 2 800 r.p.m. en dis goed genoeg om gerieflik momentum te hou. Dis nie nodig om na vyfde oor te skakel nie; nog minder na sesde.

Ek stem ook saam oor die goeie 80-100 km/h-versnelling van derde rat af. Wanneer jy voet neersit, skop die enjin dadelik in.

As jy kyk na sy gewig van 2 080 kg met die toets, is die kombinasie met die Swing ’n goeie een: Dit is dubbel die gewig van die wa en ’n mens voel nie die sleepding nie. Verder sit die XUV500 lekker vas op die pad, selfs al sleep jy teen 120 km/h. En jy weet steeds nie van die wa nie.

Die XUV is werklik ’n agtermekaar sleepvoertuig. Ek is beïndruk.”



**GEEN WEGKRUIPPLEK.** Die wyehoekspieël teen die dak van die XUV verminder die blindekolle rondom die voertuig.




### Die sleepding

**Fabrikaat:** Sprite
**Model:** Swing
**Jaarmodel:** 2011
**BVM:** 1 240 kg
**Gelaaide gewig op die as tydens toets:** 940 kg (gehaak aan die Mahindra)
**Neusgewig:** 108,6 kg

WegSleep *het die Sprite Swing by Pretoria Caravans & Campworld geleen. Bel vir Adri Conradie by ✆ 012 329 2259 of 012 329 2287 as jy die Swing van nader wil bekyk.*
*pretoriacaravans.co.za*

### Die toets

**Roete:** Antikloksgewys van Gezina in Pretoria, uit met die Delmaspad en links by Bapsfontein, oor Diamond Hill tot op die N1, geweeg by die Donkerhoekbrug en oor Moreletapark terug na die beginpunt.
**Afstand:** 145 km
**Topspoed:** 112 km/h (GPS)
**Gemiddelde spoed:** 58,3 km/h (snelweë, agterpaaie en beboude gebiede ingesluit).
**Rytyd:** 2 uur en 28 minute.
**Weer:** 19 °C, sonnig, 8 km/h noord-noordoostewind.



## Voor jy jou beursie oopmaak

### Wat sê die boekie?

**Brandstof:** Diesel
**Enjin:** 2,179 ℓ
**Silinders:** 4
**Krag:** 103 kW @ 3 750 r.p.m.
**Wringkrag:** 330 Nm @ 1 600-2 800 r.p.m.
**Ratkas:** 6-spoed (handrat)
**Aandrywing:** Voorwiele
**Tarra:** 1 840 kg
**BVM:** 2 510 kg
**BKM:** 5 010 kg
**Dravermoë:** 670 kg
**Waaddiepte:** Nie beskikbaar nie.
**Sleepvermoë:** Gemeet aan die BKM en BVM mag die sleepding nie 2,5 t oorskry nie, maar volgens wetgewing is die beperking 1 840 kg (die tarragewig van die Mahindra) as jy 'n woonwa met inloopremme sleep.
**Afmetings:** 4 585 mm (l); 1 890 mm (b); 1 785 mm (h)
**Wielbasis:** 2 700 mm
**Spoorwydte:** 1 600 mm (voor en agter)
**Grondvryhoogte:** 200 mm
**Brandstoftenk:** 70 ℓ
**Prys (nuut):** Vanaf R364 995
**Prys (tweedehands):** Vanaf R329 900 vir 'n 2017-model met 10 000 km op die klok.

### Vinnige feite

**Die sleephaak.** Die haak is nie standaard nie en Mahindra vra R5 277 vir 'n haak. Dit sluit nie die arbeid in nie en handelaars vra nie almal dieselfde tarief om dit aan te sit nie. Die toetsmotor het 'n Steelitestang op wat 'n billike R3 990 kos (arbeid ingesluit). Hulle het ongelukkig net 'n werkswinkel in Johannesburg.

**Vering.** Onafhanklike vering – McPherson voor en meerskakel agter.

**Wat sê die skaal?** 2 080 kg met 'n vol tenk brandstof, die bestuurder in die Mahindra asook die Sprite se neusgewig op die haak.

**Binneruimte.** 'n Sesvoetmens het twee dwarshande se ruimte bo die kop en die passasier het 'n hand se ruimte en drie vingers voor die bene. *(Dit hang natuurlik af van hoe groot jy is en hoe fris jou bene is. – Red.)*

Die twee sitplekke in die bagasiebak is vir niks meer as twee kinders bedoel nie. Jy moet ook besluit tussen bagasiebakruimte of twee kinders op die sitplekke.

**Spoed.** Die GPS-spoed wys 9 km/h stadiger as die odometer se 100 km/h.

**Brandstofverbruik.** 'n Skaflike 10,96 ℓ/100 km (9,12 km/ℓ) en die Mahindra se rekenaar stem omtrent ooreen: 10 ℓ/100 km (10 km/ℓ). Met 'n vol tenk brandstof kan jy dus 638 km ver sleep.

**Afwerking.** Oorwegend dowwe swart binne die Mahindra met heelwat plastiek.

**Ekstras.** Buiten die sleepstang kan jy onder meer 'n vlekvryestaalbufferstaaf teen R4 605 (staal teen R3 092) laat opsit en vlekvryestaalsytrappe teen R6 919 (staal teen R4 418).







**Ander XUV500-modelle?** W4 R279 995; W6 R327 995; W8 AWD R386 995; W8 (outomaties) R394 995

**WegSleep sê:** As jy die enjinkap oopmaak, gaan die noodflikkerligte outomaties aan.

### 3 van die mededingers



250 Nm

JMC Landwind 5 LUX
**R289 880**



152 Nm

Jeep Renegade 1.6L E-Torque Longitude
**R360 900**



205 Nm

Suzuki Grand Vitara 2.4 Dune
**R369 900**

Sleep-goeters



# Skuif jou wa

## Met 'n woonwaskuiwer om jou te help sal daar nie meer drama wees wanneer jy jou wa by die huis of die staanplek op sy plek moet kry nie.

**Teks** Schalk Jonker

Gesels met 'n sleper wat 'n skuiwer in sy wa het en hy sal jou vinnig vertel hoeveel makliker die lewe daarmee is.

Die dae van sukkel om jou wa presies op die regte plek onder die koelteboom te kry is iets van die verlede en jou gesin hoef nie meer asem op te hou wanneer julle voor die staanplek stilhou nie.

Jy kan kies uit verskeie soorte woonwaskuiwers, maar die gewildste en doeltreffendste modelle is dié wat aan jou wa se as gekoppel word. Dit bestaan uit 'n raam wat aan die onderstel geheg word met 'n 12V- elektriese motor en 'n roller by elke wiel. Die krag word deur die wa se battery verskaf (jy moet gewoonlik een installeer as jou wa nie reeds een het nie) en die rollers druk teen die wiele en beweeg die wa. Jy beheer die hele spul met 'n afstandbeheer.

Die ander gewilde soort is die "stootkarretjie"-tipe waar jy jou wa op die skuiwer haak. Jy staan voor die wa en jou skuiwer het genoeg skop om hom vorentoe, agtertoe en heen-en-weer te skuif.

As jy dit oorweeg om 'n woonwaskuiwer aan te skaf, is daar 'n klomp goed wat jy in gedagte moet hou. Dit sluit natuurlik die prys, waarborg, naverkopediens en die beskikbaarheid van onderdele in.

Maar jy moet ook vasstel hoeveel die eenheid weeg (want jy gaan die tarragewig moet aanpas), hoe gebruikersvriendelik hy is en hoeveel laer hy jou wa gaan maak as die motor op die onderstel aangebring word. Verder moet jy ook in ag neem of jou wa se battery (indien hy een het) genoeg woema vir die skuiwer gaan hê en, natuurlik, of die skuiwer 'n rat- of kettingstelsel gebruik en sterk genoeg is.

Hier is 5 skuiwers wat tans op die mark beskikbaar is. Doen jou huiswerk en maak seker jy kry die een wat die beste by jou behoeftes pas.

EWIKS

## Plaaslike geurtjie

Die Ewiks-woonwaskuiwer is deur die Durbanse meganiese ingenieur Erik Warburg ontwikkel nadat 'n medekampeerder hom uitgedaag het om met 'n idee vir 'n skuiwer vorendag te kom. Erik het die uitdaging aanvaar en sy Ewiks het die lig gesien… en kort voor lank moes Erik sy onderneming uitbrei omdat die aanvraag daarvoor só groot was.

Die Ewiks bestaan uit basiese universele komponente wat saam met verskeie spesifieke passtukke gebruik word. Die elektriese motors (een vir elke wiel) word aan jou wa se onderstel vasgesit met die rollers teen die wiele. In die meeste gevalle is dit nie nodig om meer as vier gate in die onderstel te boor nie. Jy beheer die skuiwer met net twee knoppies op jou afstandbeheer. Een vir vorentoe en agtertoe en die ander vir links en regs.

Vir dubbelas-woonwaens soos die Jurgens Exclusive, waar vier motors gebruik word, beveel Erik-hulle aan om 'n 100 Ah-battery te gebruik. Die eenhede weeg 25 kg per as en dit word baie naby aan die as vasgemaak om nie jou wa se balans te belemmer nie.

Is hy sterk genoeg? Erik spog dat die skuiwer genoeg spiere het om jou wa én jou sleepvoertuig teen 'n effense opdraande uit te stoot.

**Prys:** Vanaf R10 000 by Ewiks.

***WegSleep* sê:** Erik sê dit is só maklik om dié skuiwer op jou wa te sit jy kan dit sommer self doen. Daarom is die selfdoenstel ook beskikbaar.












ROCKY JOCKY

## Vat voor!

Dick van der Westhuizen is die vervaardiger agter die "Druk my en ek stoot jou"-woonwaskuiwer wat allerbekend is in die kampbedryf.

Die Rocky Jocky is stewig en betroubaar en het 'n reputasie opgebou as 'n skuiwer waarmee jy jou wa moeiteloos kan rondbeweeg.

Die Rocky Jocky is een van daardie modelle waaraan jy jou wa haak en dan stuur jy hom van die voorkant af. Hy bestaan uit 'n elektriese motor, twee wiele, 'n sleepbal, handvatsel en kragdraad. 'n Staalplaat word met twee boute aan die voorkant van jou wa se A-raam vasgesit. Dit raak dus nie jou wa se waarborg nie.

Jy gebruik net een knoppie om die Rocky Jocky aan die beweeg te kry en stuur hom daarmee vorentoe en agtertoe en heen en weer. Sy 6 duim-bande trap vas, selfs op nat gras en effense op- en afdraandes.

Hy is beskikbaar in twee groottes wat met 220V-krag werk. Die 0,75 kW-model kan waens van tot 1 700 kg baasraak terwyl die 1,5 kW-model sterk genoeg is vir 'n bielie van 3 500 kg.

Die Rocky Jocky is vir 12 maande gewaarborg.

**Prys:** Vanaf R11 000 by Rocky Jocky.

***WegSleep* sê:** Die lang handvatsel kan ontkoppel word om hom makliker weg te pak. >





ENDURO

## Sterke seun

Die Enduro-woowaskuier word deur die Australiese maatskappy Purple Line vervaardig en werk met 'n kompakte ratstelsel van staal, wat sorg vir betroubare krag en duursaamheid. Sy rollers is liggewig omdat dit van gegote allooi gemaak is, maar dit beteken nie hulle sukkel om die wiele te rol nie; trouens, die rollers word op 'n gepatenteerde manier gesny vir die beste greep.

Die Enduro is geskik vir enkelas-woonwaens (wat twee motors nodig het), maar is ook gewild vir dubbelas-waens, waar jy vier motors moet aanbring. Die vervaardiger beweer hoewel jy jou dubbelas-wa met net twee motors kán rondskuif, is dit aansienlik minder moeite om dit met vier te doen. Jou afstandbeheer kan jou wa in agt rigtings teen 'n hoek van 45° stuur, wat beteken jy gaan nie sukkel om jou wa om die draai onder die afdak te kry nie. As jy twee eenhede aan jou dubbelas-wa aangebring het, kan jy hulle steeds stel om van dieselfde afstandbeheer te werk.

Die Enduro weeg 35 kg op jou enkelas-woonwa en 70 kg op 'n dubbelas. Hy is vir twee jaar gewaarborg.

**Prys:** Op aanvraag by Purple SA.

***WegSleep* sê:** Die skuiwer is waterbestand, maar dit is meer vir wanneer dit in die kampplek gereën het. Moenie probeer om jou wa deur die stroompie te ry met die skuiwer nie.

E-GO

## Rol die wiele

Die e-go is ook 'n produk van Purple Line – 'n skuiwer met 'n lae profiel met hande wat gereed staan vir harde werk. Hy word gemaak van geanodiseerde allooikomponente, wat beteken hy is liggewig en bestand teen korrosie soos roes.

Soos die Enduro is hy ook geskik vir enkel- en dubbelas-woonwaens, en met sy ratstelsel (wat met laser gesny word) kan jy hom fyntjies beheer en die kleinste verstellinkies aanbring. Hy is dus meer geskik vir jou swaarder waens.

Jy kan ook self bepaal hoe styf die rollers teen die wa se bande druk. Die voordeel hiervan is dat dit jou in staat stel om die druk op die wiele meer of minder te maak soos nodig as jy by 'n opdraande moet op of wanneer jou bande dalk al 'n bietjie deurgeloop of effens pap is.

Jou afstandbeheer is soortgelyk aan die Enduro s'n, en met die e-go kan jy jou wa ook in die agt hoofwindrigtings stuur.

**Prys:** Op aanvraag by Purple SA.

***WegSleep* sê:** Die volledige e-go-stelsel weeg 35 kg en is vir twee jaar gewaarborg.




**KRY DIE PRODUKTE HIER**

**Ewiks** ✆ 082 487 4950 **Powrtouch** ✆ 058 821 0006 **Purple SA** ✆ 012 813 8528 **Rocky Jocky** ✆ 083 254 0461






POWRTOUCH EVOLUTION
## Nuwe geslag

Die Powrtouch Evolution is die tweede geslag van die oorspronklike Powrtouch-woonwaskuiwer wat in Brittanje ontwerp en ontwikkel is. Die handelsnaam is só bekend in die Verenigde Koninkryk dat die oorgrote meerderheid handelaars hom aanbeveel wanneer klante oor waskuiwers navraag doen.

Hy is van liggewig allooi-onderdele aan mekaar gesit met 'n ratstelsel wat die wiele laat draai. Die elektriese motor maak gebruik van 'n nuwerwetse "vierpaalstelsel" en die vervaardiger beweer dit verhoog die skuiwer se krag merkbaar vergeleke met sy voorganger. Hy is geskik vir enige grootte wa, hoewel jy twee eenhede (elkeen met twee motors en rollers) vir jou dubbelaswa nodig gaan hê. Die Evolution skrik nie vir 'n opdraande nie.

Powrtouch het agente in Gauteng, die Wes-Kaap, KwaZulu-Natal, die Oos-Kaap, Vrystaat en Mpumalanga wat jou Evolution vir jou kan installeer.

**Prys:** Vanaf R28 000 by Powrtouch.

***WegSleep* sê:** Die Powrtouch Evolution is vir vyf jaar gewaarborg. Dit sluit onderdele en enige werk aan die skuiwer in.





# KOOK EN BRAAI met bier

Met bier kan jy marineer, kook en braai – ja, jy kan selfs daarmee melkskommel maak...

**Resepte en stilering** Julia van Maarseveen **Foto's** Jac Kritzinger

## Bier-en-speksmeer
## Smeer hom, Pappie!

Met spek en moutbier maak jy 'n veelsydige smeer vir braaikos en broodjies.

**Jy benodig**
(genoeg vir 6)

- 2 eetlepels botter
- 500 g spekrepies, fyngesnipper
- 3 uie, fyngekap
- 2 knoffelhuisies, fyngedruk
- ½ teelepel gerookte paprika
- ¾ koppie bruinsuiker
- 3 eetlepels balsemiekasyn
- 1 bottel (340 ml) moutbier (*stout*)
- sout en swartpeper

**Só maak jy**

1 **Smelt** die botter in 'n braaipan oor matige hitte en braai die spek vir 5-7 minute daarin tot dit bruin en bros is. Skep die spekvleis uit en hou dit eers eenkant.

2 **Braai** die uie vir 5-7 minute in dieselfde pan tot dit karamelliseer. Voeg dan die knoffel en paprika by en braai alles saam vir 2 minute. Gooi die suiker, asyn en moutbier by en verhit die mengsel tot kookpunt. Verlaag die hitte en laat dit vir 10 minute prut.

3 **Voeg** nou die spek by die biermengsel, laat dit vir nog 10-15 minute prut tot dit lekker dik is, en geur dit dan met sout en swartpeper.

**WegSleep sê:** Dié smeer is lekker saam met braaivleis, geroosterde aartappels én op toebroodjies.





## Biermarinade
## Maklike braaisous

Maak in een mengslag vir jou 'n braaimarinade uit die boonste rak.

**Jy benodig**
(genoeg vir 8)

- 1 koppie ligte bier (enige *pale ale*)
- 2 eetlepels lemmetjiesap
- ¼ koppie sojasous
- 2 eetlepels worcestersous
- 3 eetlepels heuning
- 2 knoffelhuisies, fyngedruk
- 'n toontjie gemmer van 2 cm, fyngekap
- 1 groen brandrissie, fyngekap
- 'n hand vol vars pietersielie, fyngekap

**Só maak jy**

1 **Meng** al die bestanddele in 'n groot mengbak saam.

2 **Marineer** varkribbetjies, steak of hoenderstukke vir 8-24 uur hierin en verf die vleis dan met die marinade wanneer jy braai.

**WegSleep sê:** Jy kan dié braaisous sommer ook skud-skud in 'n Jiffy-sak meng en jou steak of hoender daarin marineer. *(Knoop net eers die Jiffy deeglik toe – vóór jy begin skud, want anders... – Red.)*



## Biermacaroni-en-kaas
# Pasta met skop

Jy hoef nie elke keer Ouma se resep vir macaroni-en-kaas te gebruik nie. Probeer gerus dié lekker weergawe.

**Jy benodig**
(genoeg vir 4)

- 250 g macaroni
- 250 g spekrepies, gesnipper
- 3 eetlepels botter
- 2 knoffelhuisies, fyngedruk
- 4 takkies tiemie
- 3 eetlepels koekmeel
- 1 koppie melk
- 1 koppie ligte bier
- 1 koppie (125 g) beleë cheddar, gerasper
- 'n hand vol vars pietersielie, fyngekap

**Só maak jy**

1 Kook die macaroni vir 7-8 minute in soutwater tot al dente (sag, maar nie pap nie). Dreineer en hou dit eenkant.

2 Braai die spek vir 5-7 minute oor matige hitte in 'n pan tot dit mooi bruin en bros is. Skep dit uit die pan en hou dit ook eenkant. Smelt nou die botter in die pan, en braai die knoffel en tiemie vir 2 minute vóór jy die koekmeel byroer. Braai alles vir nog twee minute, voeg die melk en bier by en meng alles goed saam. Verhit die mengsel tot kookpunt, verlaag die hitte en laat dit vir 5 minute prut.

3 Verwyder die pan van die vuur of kampstoof en roer die kaas deur tot dit gesmelt het. Voeg die pietersielie by en geur die mengsel met sout en swartpeper. Voeg nou die macaroni en spek by en meng dit goed deur.

*WegSleep* **sê:** Sit die biermacaroni-en-kaas langs die kampvuur voor saam met 'n lekker varsgemaakte mengelslaai. >

## Guiness-vark
# Oink!

Prut 'n varkblad stadig-stadig in donker bier, pluis hom en laat waai...

### Jy benodig
**(genoeg vir 8)**

- 1 varkblad van 2 kg
- sout en swartpeper
- 2 eetlepels olyfolie
- 2 eetlepels botter
- 3 uie, in dik skywe gesny
- 2 knoffelhuisies, fyngekap
- 'n toontjie gemmer van 5 cm, fyngekap
- 1 rooi brandrissie, fyngekap
- 1 eetlepel heel koljandersaad
- 1 blikkie (440 ml) Guinness
- ½ koppie tamatiesous
- 2 eetlepels dijonmosterd
- ⅓ koppie bruinsuiker
- 1 blikkie (425 g) mango, gedreineer en in blokkies gesny
- ½ rooiui, fyngesny
- 1 avokado, in blokkies gesny
- 'n hand vol vars koljanderblare, fyngekap
- 8 broodrolletjies

### Só maak jy
**1 Geur** die vark oraloor met sout en swartpeper. Verhit die olyfolie in 'n platpotjie oor matige kole en braai die blad vir 5-7 minute aan elke kant tot goudbruin. Skep die vleis uit die pot en hou dit eenkant.
**2 Smelt** die botter in die pot en braai die uie vir 8-10 minute daarin tot dit gekarameliseer is. Voeg die knoffel, gemmer, brandrissie en koljander by en braai alles saam vir 2-3 minute.
**3 Klits** die Guinness, tamatiesous, mosterd en bruinsuiker saam. Gooi dié biersous in die pot, sit die vleis daarin, verhit dit tot kookpunt en laat die pot vir 3-4 uur prut tot die vleis murgsag is. (Roer die pruttende pot elke halfuur.)
**4 Haal** die blad uit, pluis dit met 'n vurk en roer die vleis in die biersous.
**5 Meng** die mango, ui, avokado en vars koljander saam en sit die gepluiste vark met dié mangosalsa op vars broodrolletjies voor.

***WegSleep* sê:** Jy kan dié vark ook op rys voorsit, 'n pitabroodjie daarmee vul óf dit in 'n platbrood oprol.





## Vis in bierbeslag
## Met 'n degie om

Stokvis op sy eie is lekker, maar as jy hom 'n bierdeegbaadjie gee en dan in die pan bak, gaan jou mense nie genoeg kry daarvan nie.

### Jy benodig
**(genoeg vir 6)**

VIR DIE VIS

- 2 koppies koekmeel
- 1 teelepel elk sout en swartpeper
- 2 teelepels paprika
- 2¼ koppies lager (of enige ligte bier)
- olie vir vlakbraai
- 6 stokvisfilette

VIR DIE KOOLSLAAI

- ½ koppie mayonnaise
- ¼ koppie bier
- ½ klein groenkool, in fyn repies gesny
- ½ klein rooikool, in dun repies gesny
- ½ rooiui, in dun repies gesny
- 1 wortel, in dun repies gesny
- sout en swartpeper

### Só maak jy

1 **Maak die vis.** Meng die koekmeel, sout, swartpeper en paprika saam in 'n groot bak, gooi die bier by en meng alles goed saam.

**Wenk:** Hou op roer sodra alles behoorlik gemeng is, want as jy te veel roer, gaan die borrels verlore.

2 **Doop** die vis in die beslag, laat die oortollige beslag afdrup en braai die vis dan in 'n diep pan met warm olie vir 5-7 minute aan elke kant. Dreineer die gaar vis dan goed op kombuispapier voordat jy dit saam met die slaai voorsit.

3 **Maak die slaai.** Klits die mayonnaise en bier saam. Meng die groen- en rooikool, rooi-ui en wortel in 'n slaaibak en roer die mayonnaisemengsel daardeur. Geur die slaai met sout en swartpeper.

***WegSleep* sê:** Wat kort saam met sulke lekker gebakte vis en slaai? Tjips, natuurlik!

## Biermelkskommel
## Pure bierplesier!

Vir poeding... of sommer so tussendeur.

### Jy benodig
**(genoeg vir 4)**

- 1 koppie suiker
- ½ koppie lagerbier
- 2 eetlepels botter
- ¼ koppie room
- 1 teelepel sout
- 2 koppies koffiemoutbier of Guinness (vra in die drankwinkel vir *coffee malt*)
- 2 koppies sjokolade- of karamelroomys

### Só maak jy

1 **Verhit** die bier en suiker oor matige hitte en roer dit tot die suiker opgelos is. Laat dit dan kook tot dit karamelliseer.

2 **Haal** die karamel van die vuur of kampstoof af, voeg die botter, room en sout by en roer dit tot die mengsel mooi glad is.

3 **Verdeel** die koffiemoutbier of Guinness en roomys (sjokolade of karamel óf sommer albei!) in vier kampglase of -bekers en gooi die bierkaramelsous oor.

***WegSleep* sê:** Die kinders gaan moet roomys eet of jy gaan vir hulle melkskommel sonder bier moet maak.



Sleep-dokter

# Bly koelkop

**As jy al in die somer in die Krugerwildtuin gekamp het, het jy waarskynlik nie veel oortuiging nodig om lugreëling vir jou wa te begin soek nie. Ons gesels met 'n man wat al amper 14 jaar hiermee werk oor die hoe, wat en waar.**

**Teks** Schalk Jonker

Min dinge laat 'n mens so ongemaklik en omgesukkel voel soos erge hitte. Ja, jy kan so al in die koelte langs tot by die kampplek se swembad stap en daar gaan afkoel, maar teen die tyd dat jy afgedroog het en terug by jou staanplek is, tap die sweet jou al klaar weer af.

Dit is dan wanneer jy met verlangende oë kyk na jou buurman met die lugreëling in sy wa. Jy's skoon jaloers as hy uitgerus ná 'n middagslapie in sy koel wa onder sy stoeptent sit en koffie drink om 'n bietjie warm te word.

'n Mens sien al hoe meer lugversorgers in die kampterrein, en as jy van plan is om ook een te kry, is daar 'n ding of twee waarvoor jy op die uitkyk moet wees. En met die seisoen wat aan die verander is, is dit dalk raadsaam om nóú jou lugversorger te kry en die stormloop te mis wanneer die somer weer kom.

Jacques Nagel van Johannesburg is 'n man wat weet van lugreëling vir woonwaens. Sy maatskappy, CJ Aircons, installeer vir verskeie woonwahandelaars van Gauteng tot Limpopo hulle lugversorgers, en met meer as 13 jaar ervaring in die bedryf kan hy met gesag oor die onderwerp praat.

## Grootprater

Die eerste ding waaroor jy moet besluit, is die grootte van die lugversorger vir jou wa. Dit help min jy koop iets wat nie die mas gaan opkom nie.

"'n Lugversorger van 9 000 BTU is sterk genoeg vir 'n vertrek van 18 m² in 'n gewone huis," vertel Jacques. "Maar jy moet in ag neem jou huis het dubbelbaksteenmure wat die vertrek isoleer. Die binnekant van jou wa is nie so goed geïsoleer nie en daarom sal ek vir waens soos 'n Jurgens Penta, Palma of Fleetline – of die Sprite Splash of Swing – 'n eenheid van 9 000 BTU installeer. Vir groter waens soos 'n Jurgens Exclusive of Elegance beveel ek 12 000 BTU-eenhede aan omdat hulle die lug vinniger deur die woonwa pomp en dus 'n groter stuk afkoel.

"Maar veral met verlede jaar se hittegolwe was daar klante wat die groter eenheid in kleiner waens laat sit het."

## Neus of stert?

Jacques sê hy installeer oorwegend verdeelde-eenheid-lugversorgers (die *split unit*) in woonwaens – dit bestaan uit die kondensator aan die buitekant en die binne-eenheid in jou wa. Dit is basies dieselfde stelsel as by die huis, net kleiner.

Maar waar kom die kondensator?

"Op dubbelas-woonwaens sal ek enige







**NEUSKASKENADES.** As jy 'n enkelas-woonwa het, moet die lugversorger se kondensator verkieslik in die neuskas geplaas word. As jy hom agter laat aanbring, gaan jy probleme hê met swaai.



HY HOEF NIE HEELDAG TE LOOP NIE. Jacques Nagel van CJ Aircons sê jou lugversorger het net tussen 15 en 20 minute nodig om jou woonwa koel genoeg vir 'n middagslapie te maak.

tyd aanbeveel om hom aan die agterkant van die wa vas te sit. Dan kry die lugversorger in elk geval meer lugvloei deur die stelsel. Ek gee toe dit lyk nie mooi nie, maar daar is plekke wat vir jou 'n oortreksel kan maak.

"As jy egter 'n enkelas-wa sleep, gaan ek hard probeer om jou te oortuig om hom nie aan jou wa se agterkant te sit nie, maar eerder in die neuskas. Die eenvoudige rede is die gewig wat jou wa gaan laat swaai. Ek het verlede jaar 'n Conqueror Commander met lugreëling toegerus en die kondensator agter aangebring. Die klant was só kwaad vir my, want die wa kon nie teen vinniger as 80 km/h sleep nie.

"Die binne-eenheid kom gewoonlik bo die bed se koppenent, maar ek neem die klant se voorkeur in ag. Ek doen werk vir 'n klomp handelaars en by almal van hulle het ek 'n standaard-installasie. As die klant iets opsioneel wil hê of hy sê hy wil die eenheid op 'n spesifieke plek hê, sal ek dit met hom bespreek en kyk of ons dit kan laat werk."

## Weeg hom weer

Die woord "tarragewig" laat slepers se nekhare deesdae rys, maar die werklikheid is lugreëling gáán jou wa swaarder maak, sê Jacques.

"'n Eenheid van 9 000 BTU weeg 31 kg (24 kg vir die kondensator en 7 kg vir die binne-eenheid), en met 'n eenheid van 12 000 BTU gaan jou wa 40 kg swaarder weeg (30 kg vir buite en 10 kg vir binne)," sê Jacques. "Dit vorm deel van jou wa se tarragewig en dié moet dus aangepas word. My voorstel aan klante is om alle veranderinge en opgraderings – soos jou woonwaskuiwer en lugreëling – klaar te kry en dan al die tente in die wa te laai en hom dan te laat weeg om die nuwe tarragewig vas te stel."

## Agbare draagbare

Maar wat van daardie draagbare lugversorgers wat 'n mens sommer by jou naaste kettingwinkel kan koop en net in jou wa kan staanmaak?

"Ek sal hulle nie aanbeveel vir jou wa nie, maar as dit nie anders kan nie, sal ek voorstel dat die eenheid minstens 12 000 BTU moet wees," sê Jacques. "Die draagbare eenheid is nie so goed soos 'n verdeelde stelsel nie. Jy moet 'n gat vir die uitlooppyp maak (gewoonlik in jou wa se vloer) en die eenheid het 'n waterbakkie – sodra die bakkie vol is, skakel die lugreëling af en jy moet hom eers leegmaak. As jy dus lê en slaap en daai bakkie raak vol, skakel hy af."

## Hoe koud is koud genoeg?

Wat is die beste temperatuur om jou lugreëling te stel wanneer jy in temperature van 40 °C kamp?

"As jy in die somer in die Kruger kamp, sê ek vir mense hulle moet dit op 16 °C stel. Die temperatuur gaan nie só laag daal nie, behalwe deur die loop van die nag. Dit is omdat jou wa met sy gaasvensters by die opwipdak nie heeltemal geïsoleer is nie. In die dag kan jy 4 °C bytel.

"Ek beveel ook aan dat mense net hulle lugreëling aansit wanneer hulle by hulle staanplek is. Moet hom nie net aansit en so los nie. Dit is nie goed vir die stelsel nie. As jy vir vier uur strand toe gaan of wildkyk, moenie die stelsel laat loop om jou wa binne koel te hou nie. Skakel hom af en met jou terugkoms weer aan.

Binne 'n kwessie van 15-20 minute gaan jy vir jou middagslapie kan gaan lê."

## Wat van my boswa?

Jacques sê die meeste boswaens en boswoonwaens is nie geskik vir lugreëling nie. "Die goed is só kompak met alles wat in mekaar pas dat daar nie plek is nie.

"Maar soos ek sê, ek het vir 'n Conqueror Commander 'n stelsel geïnstalleer en sal aanbeveel dat jy met 'n installeerder praat en kyk of julle 'n plan kan maak."

**WegSleep sê:** Kry 'n goedgekeurde installeerder vir jou lugreëling en kyk 'n bietjie rond vir die produk met die beste waarborg en naverkopediens.



MAAK SEKER. Kry 'n ervare installeerder om jou wa se lugversorger vir jou in te bou.

## HOE BEDOEL MENEER DAN NOU?

As jy in die mark is vir lugreëling vir jou wa, gaan jy moet weet wat BTU beteken. BTU – of dan British Thermal Unit – is die internasionale maatstaf waarin energie gemeet word. Een BTU is die hoeveelheid hitte wat jy nodig het om 'n pond water (450 ml) met 1 °F (0,56 °C) te verhit.

In lugversorgers meet die BTU die hoeveelheid hitte wat 'n eenheid per uur uit 'n vertrek kan verwyder. Een BTU is gelykstaande aan 0,293 W.

Hoe meer BTU's, hoe swaarder, groter en duurder die lugreëling.

# Wat ’n sleepfees!

Sleep-
nuus

**Woonwavervaardigers het vanjaar behoorlik uitgehaal en wys op die Beeld-vakansieskou in Midrand en die kykNET-Buite-ekspo by Malmesbury in die Wes-Kaap. Hier is die nuwe kampgoed wat te sien was.**



## Jaguar kry ’n welpie

Jaguar 4x4 Trailers het pas sy nuwe boswoonwa bekend gestel wat op kampeerders gemik is wat ligter wil sleep. Jacques Serfontein, die eienaar, sê hy het die kleiner wa vir twee ontwerp en gebou met die Amerikaanse *teardrop*-woonwa in gedagte. Hy het egter steeds Jaguar se kenmerkende vierkantige ontwerp en word van aluminiumplaat om ’n gegalvaniseerde raamwerk gebou.

Die wa binne is as ’t ware ’n dubbelbed-op-wiele met ’n klerekas daarby.

Anders as van die ander *teardrop*-waens het dié wa ’n neuskas waarin jy ’n ys-vrieskas kan pas. En bo-op die kas is ’n rak vir braaihout waarlangs jy ook ’n opsionele sonpaneel kan pas wat net so breed is soos die wa.

Die kombuis is buite agterin en bestaan basies uit twee rakke met ’n blad voor hulle.

**Die syfers:** 3,5 (l) x 1,5 m (b); BVM 750 kg; 1,6 t-as

**Prys:** Vanaf R80 000

**Kontak:** ✆ 073 333 5554; jacques@jaguartrailers.co.za; jaguar4x4trailers.co.za




## Mobi Lodge sprei sy vlerke

Mobi Lodge is een van die nuwer woonwavervaardigers in die land, en al is hulle nog nie eens twee jaar op die been nie, voer hulle reeds van hulle woonwaens uit. Die eerste besending is na Nieu-Seeland en Dubai verskeep, en die vervaardigers staan ook reg met ’n klompie waens vir Amerika.

Die Mobi Lodge is ’n unieke woonwa wat hoofsaaklik uit veselglas bestaan en is in baie opsigte die woonwa van môre. Hy spog met een van die grootste oop ruimtes binne, maar is effens aangepas vir die uitvoermark. Die uitvoereenhede kry ook ’n 70 ℓ-gryswaterstelsel.

Leon Ras van Mobi Lodge sê op skoue soos by Malmesbury en Midrand verkoop hulle gemiddeld elke 40 minute ’n wa. Hulle bou tans ’n nuwe multimiljoenrandaanleg om in die aanvraag te voorsien.

**Prys:** Vanaf R368 000 vir die intreemodel tot R463 000 vir die vlagskip.

**Kontak:** ✆ 0828 999 999 of 083 230 6131; leon@mobilodge.com; mobilodge.com




## ECHO KRY ’N ENJIN

Echo4x4 is bekend vir sy boswaen woonwareeks en bou nou ook ’n ryhuis wat hy die Echo RV noem. Die RV is soos jou tipiese ryhuis ’n wooneenheid op die onderstel van ’n 4x4-lorrie.

Jy klim bo die linkeragterwiel met vier trappies op na die woongedeelte. Die dubbelbed is regs agter en staan omtrent van kant tot wal. As jy in die deur staan, is die badkamer met onder meer ’n stort en toilet reg voor jou. ’n Waaier wat lug kan insuig en uitblaas, reguleer die lug in die badkamer.

Die kombuis is links van die badkamer en het onder meer ’n 600 W-mikrogolfoond op staanhoogte. Die wasbak-en-gasstoofkombinasie is in die werkblad versink, en onder die blad is ’n National Luna-72 ℓ-ys-vrieskas. Links van die deur, regoor die

# Travelstar se Navi net reg vir 2

Die ryhuisvervaardiger Travelstar bou nou 'n klein ryhuis wat gerieflik is vir paartjies. Kopers kan kies uit twee enkelkajuit-onderstelle – 'n Toyota-4x4 of Nissan-4x4, albei met 'n dieselenjin en handratkas. Die Toyota is 'n paar rand duurder.

Die woongedeeltes lyk dieselfde en jy het onder meer 'n buitestort, spoelkasset-toilet, 40 ℓ-kisys-vrieskas, 'n geiser wat met gas of 220 V werk, 'n buitekombuis met 'n tweeplaatgasstoof én 'n binnekombuis.

**Prys:** Nissan R699 999; Toyota R709 000.

**Kontak:** ✆ 044 382 1516; jan@travel-star.co.za; travel-star.co.za







# Sensation se nr. 4

Sensation, wat van die swierigste woonwaens op die mark bou en heelwat kopers lok, het saam met sy drie vastedak-modelle nou ook 'n wa met 'n opwipdak. Dis 'n intreemodel – en goedkoper – maar van afskeep is daar nie sprake nie.

Hy het wel nie 'n badkamer nie, maar die lugreëling bly.

Sensation se Jaco du Toit sê dit is ook hulle ligste woonwa, juis om vir mense met kleiner sleepvoertuie nog 'n opsie te gee.

Soos Sensation se ander modelle het dié een ook 'n uitglykombuis met 'n dubbele induksiestoof.



Die eilandbed staan voor in die wa by die disselboom en by die deur is 'n eethoekie met banke.

Die wa het 'n uitvoutrappie voor die deur wat nou standaard is op al die modelle.

Dié woonwa-model het nog nie 'n naam nie, want Jaco-hulle wil hê hulle klante moet name voorstel.

Sensation-woonwaens is onlangs aan die dieselfde eienaars as die woonwavervaardiger Jurgens Ci verkoop.

**Prys:** R339 990.

**Kontak:** ✆ 010 140 1340; sales@sensationcaravans.co.za; sensationcaravans.co.za >

kombuis, is 'n ruim bank. Die RV het ook 'n buitekombuis regs van die wiel, by die leer. Dis dieselfde buitekombuis as in Echo se Kavango-boswoonwa.

Tussen die leefruimte en stuurkajuit van die RV is 'n skouerhoë deurgang.

**Prys:** R2 508 000.

**Kontak:** ✆ 012 345 3333; echoacc@echo4x4.co.za; echo4x4.co.za






## Infanta maak nog planne

Infanta is bekend vir sy Enkulu-waens met die bed wat soos 'n kapsule uit die romp skuif. Dis 'n blink plan wat groot oop ruimte in die wa skep, maar die vervaardigers het nou 'n basiese model van die Enkulu 2 gebou sonder dié uitglybed. Die wa kom nou met 'n dubbelbed binne-in asook, en as jy wil, 'n enkelbed agterin sodat daar slaapplek is vir die derde mens in die wa.

Die neus is ook verander en die skuinste van die romp bo die neuskas is verleng tot op die neuskas. 'n Deksel is in die skuinste gemaak wat na bo oopmaak vir nog pakplek.

Die wabouers het ook 'n gawe nuwe gerief in die nuwe Enkulu ingebou: Jy lig die dak agter met die druk van 'n knoppie. Twee elektriese motors doen die stootwerk om die dak van 40 kg te lig. Die motortjies is gewaarborg om minstens 50 000 keer oop en toe te maak.

Die kombuis kry twee ekstra laaie by.

**Prys:** R324 900

**Kontak:** ✆ 028 512 3663 of 082 558 4935; jwswart@twentyfour.co.za; infantatrailers.co.za



## Bush Lapa kry nog 'n reeks

Bush Lapa is een van die grootste woonwavervaardigers in die Kaap en spesialiseer in die bou van boswoonwaens vir elke soort boskampeerder.

Jannie Oeschger staan aan



## OFF TRAX KRY NUWE VASTRAPPLEK

Off Trax bou twee boswaens en die aanvraag na hulle kleiner Outplay-model is groot. Dié wa is nou nóg beter gemaak.

Die noodwiel pas nie meer onder die bakwerk nie, en is nou vasgesit op 'n staalraam wat soos 'n deur agter die wa oopswaai.

Die neuskas se binneste was voorheen 'n oop ruimte, maar het nou rakke in. Dié kas maak ook nie meer na bo oop nie, maar met 'n deur aan elke kant.

Off Trax se hoofkantoor is in Pretoria en hulle het nou twee agente buite Gauteng aangestel: Amanda Barkhuizen in Brackenfell en Reinhard van der Merwe in Kimberley.

Die eienaar, Chris de Villiers, het intussen ook die aluminiumkappievervaardiger Ledfly gekoop en sê hulle bou nou kappies vir enkel- en dubbelkajuitbakkies op dieselfde perseel waar hulle die boswaens bou.

Die dubbelkajuitkappie se prys begin by R14 000 en die enkelkajuit s'n by R17 000.

**Prys:** Outplay vanaf R49 248.

**Kontak:** ✆ 082 822 7625 (Pretoria), 083 283 3325 (Kaapstad) of 083 961 0152 (Kimberley); info@offtrax.co.za




die stuur van sake en sê hulle het nou drie reekse: dié met gogganame (soos Boskriek, Vlooi, Miskruier en Rooimier); die Ratel-vlagskipreeks; en nou ook die Boabab wat net onder die Ratel inpas.

Afhangend van die model het die Boabab plek vir drie of vier mense, en die standaardmodel sluit drie 15"-wiele, hoekstutte en die matras in. 'n Gasgeiser (6 ℓ/m) is deel van die standaardkoop asook 'n diepsiklusbattery, 'n kragstelsel wat die herlaaistelsel vanaf die sleepvoertuig insluit, 'n tweeplaatgasstoof van gietyster, en 'n vlekvryestaalwatertenk van 150 ℓ.

Van die opsionele ekstras sluit in gaasnet voor die deur (R1 642), 'n wiellaerstel (R547) en 'n tweede diepsiklusbattery (R2 736).

As jy jou nuwe wa nie self by die Kaapse tak kan afhaal nie, vra Bush Lapa 'n koerierkoste van R5 586 om dit tot by die Pretoriase tak te vervoer.

**Die syfers:** Vir 4 mense 4,57 (l) x 1,97 (b) x 2,25 m (h); tarragewig 1 090 kg; dravermoë 710 kg; BVM 1 800 kg, 1,8 t-as.

**Prys:** Vanaf R319 200 vir die model vir 4 mense.

**Kontak:** 021 870 1277/38; info@bushlapa.com; bushlapa.com



## Bushwakka kry 'n nuwe baadjie

Bushwakka fokus op die bou van boswaens, en jy kan tussen drie modelle kies: die Bhoma, die Sundowner en die Weekender. Bushwakka het die seilwerk aangepas en gebruik nou silwerseile op al drie modelle.

Die deur van die Weekender asook die buitekaste is nou van vlekvrye staal en nie meer geruite aluminiumplaat nie. Verder kom die nuwe Weekender nou standaard met 'n sleepstang aan die agterkant waarop onder meer 'n fietsrak kan pas.

Die Sundowner en Bhoma se stoeptent is herontwerp sodat die nate van die seil nie meer in lyn met die nokpale loop nie, maar dwars, en albei modelle se onderstel word van vlekvrye staal gebou en nie meer van gewone staal nie.

**Prys:** Weekender vanaf R153 500; Sundowner vanaf R249 500; Bhoma vanaf R349 500

**Kontak:** 023 342 3438; jasper@bushwakka.co.za; bushwakka.co.za

## WELKOM, NAVIGATOR

In Suid-Afrika kan jy uit net 'n hand vol dubbelaswoonwaens kies, en die Navigator van Johan Loubser is die nuutste toevoeging.

Johan en sy vrou, Vivette, van Vredenburg het self die wa ontwerp en die projek vir die prototipe het twee jaar geduur.

Die Navigator is gemik op kampeerders wat sommer weke lank in die bos wil bly, maar luuks wil bly, sê Johan. Die wa is só ontwerp dat jy ná opstaantyd al jou oggenddinge kan doen – nog voor jy jou voet by die deur uit sit.

Die Navigator het 'n badkamer asook 'n omskakelaar wat van vier diepsiklusbatterye af werk en nie 'n oomblik skrik vir 'n 2 000 W-haardroër nie.

Die wa het alles van 'n binne- en buitegasstoof, 'n platskerm-TV, dekodeerder, Blue Ray-speler, vier sonpanele, afstandbeheerde lugreëling (9 000 BTU) en trukamera tot 'n versteekte kluis. Die eilandbed staan dwars in die binneruim.

Die Navigator se raamwerk is met aluminium gebou en die dak is solied. Jy het egter 'n ekstrafris sleepvoertuig nodig, want die wa se BVM is vasgestel op 2 750 kg.

**Die syfers:** 6,13 (l) x 2,25 (b) x 2,537 m (h); tarragewig 1 800 kg; dravermoë 950 kg; BVM 2 750 kg

**Prys:** Rondom R627 000

**Kontak:** 076 150 5255; jlou@telkomsa.net >



## Jurgens wys sy 2 kleintjies

Jurgens het teen die einde van laasjaar sy nuwe reeks vir die media gewys, en op die Beeld-vakansieskou die sluier gelig oor die twee kleiner modelle: die Penta en Fleetline.

Die nuwe reeks is 'n groot stap vorentoe vir Jurgens en spog met 'n paar interessante veranderinge. Die waens het nie meer 12V-batterye aan boord nie, maar jy kry 'n paar USB-sokke by. Almal het nou 'n ingeboude watertenk van 60 ℓ. Die neuskaste is ook groter en meer prakties, met die onderkant van die kas gelyk met die A-raam sodat jy nie meer goed oor die rand hoef te tel nie.





Jurgens het gas wegge-doen in sy waens. Die waens word ook met 'n nuwerwetse 220V-driepuntprop toegerus wat kort voor lank die standaard in die land gaan word. Dit lyk soos die gewone twee-puntprop met nog 'n punt in die middel.

Die grootste verskil tussen die groter Exclusive en Classique – en die kleiner Penta en Fleetline – is die dak. Laasgenoemde twee het nie 'n soliede dak nie, maar 'n opwipdak. In die vorige reeks het Jurgens H-arms as dakstutte gebruik waarmee jy ook die dak sluit as jy ry. Die dak is nou sonder H-arms, en as jy die opgeligte dak van die kant af bekyk, staan hy effens skuins van voor na agter. Clive Cox, die ontwerphoof van Jurgens Ci, sê dis onder meer om te sorg vir beter waterafloop as dit reën.

Op die hoeke binne het die dak nou trekbande om dit in plek te hou wanneer jy dit laat sak. Dié bande is soortgelyk aan die bande wat 'n mens al 'n geruime tyd in sommige boswaens kry.

**Pryse:** Fleetline R299 000; Penta R359 000.

**Kontak:** 012 797 7300; info@jurgens-ci.co.za; campworld.co.za



## Motorhome-World maak 'n wêreld se verskil

Motorhome-World, een van die land se grootste ryhuis-vervaardigers, is bekend vir sy Discoverer-reeks en het nou daardie lastige hoogte-kwessie opgelos.

Ja, 'n ryhuis word op die onderstel van 'n lorrie of bakkie gebou en met van die beste materiaal en toerusting toegerus en uitgerus, maar een van die groot kwessies bly sy hoogte. In sommige gevalle is hulle maklik 'n meter of wat hoër as 'n standaard-woonwa.

Dis net hier wat Motor-home-World met 'n vars en oorspronklike ontwerp

## EKO VELD GEAR MAAK DINGE MAKLIKER

Die Kaapse woonwavervaardiger Eko Veld Gear het sy Armadillo-boswoonwa, wat 'n jaar gelede bekend gestel is, nog verder verfyn.

By die voetenent van die Armidillo se bed is nou 'n smal kassie met 'n deksel wat as bedtrappie én as ekstra pakplek dien.

Die kragboks is van binne na buite geskuif, maar die battery staan steeds in die binnekas links van die deur.

Die twee Al-Ko-hoekstutte agter het plek gemaak vir 'n swaardiens-Burquip-hoekstut op elk van die vier hoeke. Dis steeds afswaaistutte wat maklik en vinnig werk.

Die Armadillo het nou 'n enkele eenplaatgasstoof en nie meer twee nie, en die wasbak en droograk trek op 'n geriefliker hoogte uit die kombuisglyraam uit.

Die buitekombuis se twee stelle dwarsdeure bo mekaar wat soos skuurdeure oopgemaak het, is vervang met een deur per kas wat nou as 'n werkblad platslaan.

Die blad is welkome esktra werkplek, want dis 'n derde breër as die vorige blad.



**Prys:** R222 300 (1 dubbelbed); R233 700 (2 dubbelbeddens)

**Kontak:** 021 981 5999; info@ekoveldgear.co.za; ekoveldgear.co.za





vorendag gekom het. Hulle noem hulle nuwe ontwerp vir die woongedeelte Projek Halsema. Die nuwe woongedeelte lyk soos 'n enorme skoenboks met 'n deksel. Wanneer jy aftrek om te kamp, lig die wooneenheid se bokant (of dan deksel) elektries op. Dit styg binne sowat 2 minute 'n goeie 80 cm. Met die dak wat aansienlik laer is as jy ry, is die gravitasiemiddelpunt uiteraard ook laer.

Die woongedeelte se deur sit links in die middel van die romp en dit maak aardig genoeg oop in die badkamer. Die afwerking binne is



weelderig met die bed in die agterkant.
**Prys:** R2 700 000

**Kontak:** 021 577 3863; dennis@motorhome-world.com; motorhome-world.com

## Venter bly in die pas

Venter is jare en jare al 'n huishoudelike naam as dit by bagasiesleepwaens kom, maar hulle het nie in die ou dae vasgehaak nie en bly by met die jongste tendense in die bedryf.

Die maatskappy het nou sy Savuti-model aangepas en dit meer kampvriendelik gemaak. Die nuwe Savuti XL is op 7 voet 'n voet langer as die gewone Savuti, en hy het ook 'n deurtjie links voor in die romp gekry. Agter die deur is 'n glyraam vir dinge soos jou kratte of 'n Engel-15 ℓ-ys-vrieskas.

Aluminiumplaat is aan die kante van die neuskas en oor die modderskerms vasgesit en die bande is nommerpas om hom met jou 4x4 in die veld te sleep.

**Syfers:** 3,225 (l) x 1,585 (b) x 1,33 m (h); tarragewig 380 kg; dravermoë 370 kg; BVM 750 kg; 1,25 t-as.
**Prys:** R31 800.
**Kontak:** 011 764 2114; rorydcameron@gmail.com; ventertrailers.co.za >





## Invader opgekikker

Invader bou twee modelle boswaens wat in hulle ontwerp en uitleg uniek is: die Duo en Quattro.

Die oorspronklike Quattro se deur en stoof sit aan die linkerkant, weerskante van die wiel, maar hulle is nou omgeruil: Op die nuwe Invader sit die deur voor die wiel en die stoof aan die agterkant. Die gasstoof wat vroeër op 'n glyraam gemonteer was, is nou 'n platslaanstoof soortgelyk aan die Duo s'n. Binne is 'n strook LED-ligte aan die onderkant en op die rand van die werkblad wat dit 'n netjiese afwerking gee.

Die Quattro se wiele is ook effens vorentoe geskuif, wat 'n ligter neusgewig beteken. Hy's ook 'n raps smaller as die vorige model en jy kan nou gemaklik verby die wa sien in jou truspieëls.

Die meeste van die skeepshoutpanele in die nuwe Duo is met veselglas vervang. Dan-Pierre Louw van Invader sê buiten dat die wa nou nóg ligter is, is hy so te sê onvernietigbaar. Die Duo kry verder 'n opslaantafel aan die binnekant by.

**Prys:** Duo R215 000; Quattro R235 000
**Kontak:** 082 781 3977; info@invader.co.za; invader.co.za



## SHERPA WYS SY VEERGEWIG

Sherpa Leisure bou van die kleinste woonwaens op die pad – hulle Sherpa Tiny is baie gewild onder paartjies.

Die Tiny, 'n basiese wa, is nou verder vereenvoudig om minder as R100 000 te kos kos. Die nuwe Tiny Lite het nie inloopremme nie en die BVM is afgebring van 1 000 kg tot 750 kg.

In die plek van die voorvensters is binnekaste ingebou. En waar die Tiny 'n kombinasie van twee enkelbeddens, 'n dubbelbed óf 'n bed met 'n eethoekie het, het die Lite net twee enkelbeddens in die lengte teen die kante af.

Die Tiny se dak lig aan die linkerkant, maar die Lite s'n van agter af – en die Lite het net 'n afdakkie en nie 'n L-stoeptent nie. Ook nie 'n kantdeur links voor nie.

Die 90 ℓ-yskas (220 V) is deel van die koop, wat ook die vier hoekstutte, noodwiel, twee matrasse en stoeptent insluit.

Sherpa se ander modelle is die Tiny Rough Roader en die groter Rambler.

**Die syfers:** 4,3 (l) x 1,8 (b) x 2,1 m (h); tarragewig 550 kg; dravermoë 200 kg; BVM 750 kg; 850 kg-as

**Prys:** R99 500

**Kontak:** ✆ 011 452 8188; sherpaleisure.co.za

## Quantum betree die padmark

Kopers se keuses van padwaens is minder as boswakampeerders s'n, en daarom is die wabouer Quantum Leisure se toetrede tot die uitgedunde woonwamark meer as welkom.

Quantum bou ook nie net een model nie, maar kopers kan kies uit verskillende groottes woonwaens. Die vier het ooreenkomste, onder meer die bed links voor in die wa. Almal het ook 'n buitekombuis met 'n wasbak wat nie net uit die romp trek nie, maar jy kan ook die hoogte verstel. Dié verstelbare wasbak is 'n gawe plan vir kort en lang mense én vir die slag wat jy die wa teen 'n skuinste moet staanmaak. Links van die wasbak is die kas met onder meer van die eetgerei in, en dit maak ook na die binnekant toe oop.

Die twee groter modelle, die Infinity en Grand Infinity, het albei 'n dubbelas, en eersgenoemde het ook twee stapelbeddens terwyl laasgenoemde sitplek het.

Die Connect en Comfort is die twee kleiner modelle. Die Connect is vir twee mense bedoel en het onder meer 'n vol badkamer asook 'n eilandbed, terwyl die Comfort op vier mense gemik is.

**Prys:** Connect R235 000; Comfort R245 000; Infinity R309 000; Grand Infinity R314 000.

**Kontak:** ✆ 011 914 1106 of 071 583 3669; quantumleisure.co.za





## Conqueror in 'n ander kleur

Die boswavervaardiger Conqueror hou jare al by sy wenresepte én sy kenmerkende kleurskema van bruin en groen. Dis die een vervaardiger wat nie sporadies nuwe modelle of waens in 'n ander kleur uitbring nie.

Jy kan egter nou een van 'n handjie vol mense word met 'n spesiale grys Conqueror Companion. Maar jy moet gou spring, want hulle bou 'n beperkte reeks van dié waens, sê André Coetzee, die verkoopsbestuurder.

Conqueror se eerste modelle was destyds wit, maar Conqueror volstaan reeds etlike jare met hulle kleurskema van bruin en groen.

André sê hulle bou net 20 van die grys Companionwaens. Hulle kom standaard met onder meer binnewaaiers en 'n TV.

Prys: R276 108

Kontak: ✆ 016 349 6533; sales2@conqueror.co.za; conqueror.co.za

042016_Carfind_Wegsleep

# VIND DIE **WOONWA OF KAMPEERWA** NET VIR JOU.



Besoek ons gebruikersvriendelike webwerf en vind 'n nuwe of gebruikte woonwa of kampeerwa vinnig en maklik. Elke voertuig word vertoon met volledige spesifikasies en duidelike foto's sodat jy presies kan sien wat jy kry. 'n Diepsoek-filter dun die opsies uit, terwyl 'n handige produkvergelykingsfunksie jou help om die beste besluit te neem.

Carfind.co.za®

BESOEK CARFIND.CO.ZA SOMMER NOU OM JOU IDEALE WOONWA, KAMPEERWA, MOTOR OF MOTORFIETS TE VIND.

# 46 dae, 14 800 km, 5 lande...

My storie

**Kampeerders moenie hulle neus optrek vir georganiseerde selfrysafari's met 'n toerleier nie. Dis 'n goeie manier om wonderlike plekke soos die Serengeti te sien, sê Hans von Gordon.**

Hans en sy vrou, Erina, ry al lank ver paaie met hulle Land Cruiser 70-stasiewa en Jurgens Safari Xcape-boswoonwa. Hulle wou Serengeti toe gaan, maar hoe gemaak met al die reëlings, papierwerk en al daardie grensposte wat oorgesteek moet word? Toe bespreek hulle plek op 'n selfrysafari van Alex en Alta Smit van Eco4x4Africa in Pretoria.

En so is Hans, 'n afgetrede bestuurder van 'n groot farmaseutiese maatskappy in Port Elizabeth, Erina en nog sewe paartjies in konvooi en ál kampende deur Botswana en Zambië tot in Tanzanië en die Serengeti.

Hulle het die wildebeesmigrasie op sy beste beleef, aan die voet van Kilimandjaro gekamp, die Ngorongorokrater gesien, in die Ruaharviervallei gery en toe ook in Zanzibar by wyle Freddie Mercury, sanger van die rockgroep Queen, se geboortehuis 'n draai gaan maak.

Daarna is hulle al langs die Malawimeer en deur Mosambiek terug huis toe.

Ja, só 'n reis is lank en duur en het sy uitdagings. Maar dit is onvergeetlik en elke sent werd. Dit hoort op enige kampeerder se emmerskoplys, sê Hans.

## IN KONVOOI

"Die toer begin op 10 Mei, maar ek en Erina ry al op 1 Mei rustig uit Port Elizabeth. Ons kamp langs die pad en kuier by familie en vriende. Die 10de kry ons vir Alex en Alta, ons toerleiers, en die res van die groep by die Engen-1-Stop by Modimolle.

Dis net vinnig hand skud en inval. Ons is agt pare in die konvooi, met Alex en Alta heel voor. Saam met ons Cruiser en wa is daar nog vyf Toyotas, 'n Ford Ranger, 'n Isuzu-bakkie, twee boswaens, twee abbawaens, daktente en tente.

Ná twee uur se ry laat weet Alex oor die radio dis tyd vir bene rek en 'n draai






NATUURWONDER. Die Zambiese kant van die Vicoriawaterval.

loop. Alta verduidelik hoe dié dinge langs die pad werk: Die mans gaan na die oorkant van die pad, met hulle rug na die konvooi. Die vroue doen die draailoopding tussen die voertuig se oop voor- en agterdeur, en eers as al agt vroue getoet het, mag die mans weer omdraai en terugkom na die voertuie toe.

Tussen die draailopery en benerek deur maak die groeplede vinnig kennis met mekaar. En dan vat ons die pad na Lephalale en die Groblersbrug-Martinsdrif-grenspos.

## BOTSWANA

Dis laatmiddag toe ons die Kwa Nokeng-lodge se kampplek net duskant die grens binnery. Alex en Alta ry nie net voor nie; hulle maak ook vir ons twee etes per dag: 'n groot ontbyt met enigiets van graankos tot spek, wors en eiers; en dan saans heerlike kos soos braaivleis, vis, pasta en hoender met bykosse. Dis saam met die park- en kampgeld ingesluit by die prys vir die selfrytoer. Jy bring net jou eie peusel- en drinkgoed saam.

Terwyl Alex en Alta die kos maak, maak ons ander behoorlik kennis om die vuur.

Ná ete is dit vroeg bed toe. Almal is moeg en ons moet vroegdag vertrek na ons volgende bestemming – die Elephant Sands-kampplek naby Nata. Hier is die olifante volop en hulle loop vlak by ons waens en tente verby. 'n Befoeterde bul maak of hy van die mense op die lodge se stoep gaan bestorm en een skuur sy lyf teen een van ons waens.

Dan is dit Kasane toe. Ons slaan kamp op by Thebe River Safaris langs die Choberivier.

Die paaie in hierdie Afrika-geweste is sleg en vol slaggate, en by elke dorpie is spoedbultjies in die pad. As toeris word jy geteiken, en amper al die bestuurders in ons konvooi moet op die plek 'n stewige boete betaal omdat hulle in een stadium so 2 km/h vinniger as 50 km/h gery het.

Dis 'n gelol om hier waar ons gaan kamp, 'n dieselpomp te kry wat nie droog is nie, maar eind goed alles goed. Ons skemerkelkievaart op die Chobe is vier uur lank.

## ZAMBIË

Ons vat vroegdag die veerboot Zambië toe, gaan kyk die Victoriawaterval en slaan vir die nag kamp op in die Moorings-plaaskampplek tussen Monze en Mazabuka.

Ons volgende staanplek is die Forest Inn langs die Lusaka-Tanzanië-pad, ongeveer 70 km van Kapiri Mposhi af. Dis een van die beter kampplekke. Daarna draai ons van die hoofpad af en vat die grondpad van so 30 km na die Kapishya-warmwaterbron. Ons drink skemerkelkies in die warm, swaelvrye water wat uit die aarde uit borrel en lawe ons lywe. Ons eet oudergewoonte so teen agtuur en kuier weer vir 'n uur of twee om die kampvuur voor ons gaan inkruip.

Vroegoggend mik ons Isoka toe, na die King's Highway-ruskamp. Sendelinge het dié plek ontwikkel en dis 'n mooi kamp. Soos baie van die kampe in hierdie geweste het jy nie krag nie, maar in die badkamers is sonpaneel-en-battery-ligte. Vir warm stortwater stook jy die donkie.

## TANZANIË

Dis 'n nagmerrie om by Tunduma die grens na Tanzanië oor te steek. Vragmotors staan in kilometer lange rye en wag, en van hulle staan glo dae lank voor hulle kan deurgaan. >



WATERKASKENADES. Olifante is volop by Botswana se Elephant Sands-kampplek. Jy sien hulle in die kampplek, en ook op 'n skemerkelkvaart op die Choberivier dobber en speel hulle vlak voor jou in die water.






NUWE EN GEBRUIKTE WOONWAENS EN RYHUISE

- Gebruikersvriendelike internettoonlokaal met verskeie soekfilter-moontlikhede
- Maklike "soort-met-soort"-produkvergelykings
- Netjiese inhoud, volledige produkinligting, relevante foto's, spesifikasies en kommentaar.



VIR DIE BESTE MOONTLIKE SOEKERVARING

Nou beskikbaar by carfind.co.za







Die doeanebeamptes is geweldig tydsaam.

Gelukkig doen Alex hierdie ding al jare. Hy het gesorg dat ons vroeg en voor al die busse met die hordes mense daar stilhou. Hy is ook ferm met mense wat voor in die ry wil indruk. Dit vat ons so vier uur om deur te kom. Dis vinnig, want ander ouens sukkel agt uur of langer.

Ons sien baie ongelukke langs die pad. Bus- en vragmotorbestuurders het g'n respek vir enigiemand anders nie – hulle steek verby op sperstrepe en druk jou om blinde draaie eenvoudig van die pad af as daar iets van voor af aankom. Boonop is die paaie sleg en jy moet letterlik stop om óm van die slaggate te sleep. Oral is toek-toeks en motorfietse wat as taxi's ingespan word. Langs die pad braai smouse hoenders en bokvleis en daar is selfs ouens wat muissosaties verkoop. Maar moenie 'n foto probeer neem nie, want hulle steek jou onder die klippe.

Net soos in Zambië kan jy ook oral langs die pad 'n sak houtskool koop.

Ons volgende oornagstop is die Old Farm House-kampplek in Iringa. Ons gaan drink wyn en eet in dié oornagplek se kroeg en restaurant. Dié kuierplek is wat mense *rustic* noem, en die kos is basies.

Op pad na die Crocodile-kamp stop ons by die naaste dorpie vir bier en iets te ete. Die eetplek se mense jaag die plaaslike gaste weg en vee die tafel en stoele vinnig vir ons af. Ons gaan draai ook by die kremetartwoud naby die kampplek. Hier staan meer as 'n honderd kremetarte per hektaar en dis iets om te sien.

Vroegoggend ry ons met die Ruaharivier-vallei langs na Arusha om te gaan dollars omruil. Die stad wemel van mense en Alex begelei ons per radio na 'n Puma-vulstasie naby 'n Checkers. Ons maak die tenks vol en vul proviand aan. Die kwik staan ver bo 30 °C en die koue roomys gaan goed af.

Die Tembo-kampplek naby Same is nie 'n lekker plek nie. Dis 'n ou saagmeulterrein. Die badkamers is vuil en omtrent niks daarin werk nie.

Teen donker sak daar 'n reëntjie uit, en die aand is lekker en jolig – met goeie kos, *golden oldies* en 'n paar dansdraaie.

## Kilimandjaro, Serengeti, Ngorongoro

Die Coffee Tree-kampplek in Marangu is aan die voet van Kilimandjaro en dis 'n netjiese plek. Dis wel 'n bietjie klein en die staanplek min, maar alles is netjies. Jy het ook krag en ons laai al wat 'n battery is.

Die weer speel nie lekker saam nie en met baie wolke en mis kan ons nie die kruin van Kilimandjaro sien nie.

Die ablusiegeriewe by ons volgende stop, die Meserani Snake Park-lodge se kampplek by Arusha, is nie te gaaf nie, maar hulle bou nuwes. Dit raak ook soms raserig met al die rugsakreisigers. Van hier af ry ons deur Karatu na die Serengeti en kry ons staan in die Tumbili-kamp. Ons gaan vir sewe dae in die Serengeti staan en is maar dankbaar ná die dosyne keer se op- en afslaan tot hier. Met opstaantyd is ons bekaf om by die kampmense te hoor ons moet na 'n ander kamp skuif, maar die Ngiri-kamp is toe wel 'n beter en netjieser kamp.

Ons sien nie minder nie as so twee derdes van die 1,5 miljoen wildebeeste wat in dié tyd migreer. Dis iets wat jy moet beleef en moeilik is om te beskryf. Ons sien ook baie olifante en leeus. Interessant genoeg is die meeste leeus wat ons sien, iewers in 'n koppie of boom waar hulle hulle prooi kan dophou en glo die vlieë kan ontduik.

Ons besoek die Ngorongorokrater en kamp weer by Arusha en Tembo, en dan vat ons die pad na Dar es Salaam. Laatmiddag vleg ons deur die nagmerrie-







DIS MOS REIS! Kloksgewys van links bo: Leeus oral; die Ngorongorokrater; die son sak oor die Choberivier; Freddie Mercury (van Queen-faam) se geboortehuis in Zanzibar; Hans en Erina vat die toek-toek na die veerboot vir Zanzibar; en die wildebeesmigrasie.

verkeer en vat die veerboot na die Mikadi-kampplek langs die see. Dis 'n lekker aand met skemerkelkies en goeie seekos onder die palmbome van die lodge se strand-restaurant. Die kampplek se ablusies is basies met soutwater. Hier staan wel 'n drom met vars water sodat jy jou kan afspoel nadat jy met soutwater gewas het.

## Freddie se huis, ja

Vroegoggend vat ons toek-toeks vir die veerboot na Zanzibar, waar ons vir 'n aand in die Mtoni Marine-lodge buite Stone Town gaan oorslaap. Ons besoek die speseryplaas en leer alles en nog wat oor die kweek van spesery. En ons proe.

Die volgende oggend besoek ons Stone Town se kleurryke mark waar jy enigiets van 'n lewendige hoender tot sandale kan koop. Stone Town is maar bouvallig en die elektriese kabels hang soos spinnerakke die plek vol. Ek wil nie die elektrisiën wees wat hier werk nie.

Ons besoek die geboortehuis van Freddie Mercury, hoofsanger Queen. Ja, ek was daar. En dan gaan eet ons by 'n restaurant met sy naam. Die spyskaart tel nie eintlik nie, want omtrent niks van die wyn en geregte wat daarop gelys is, is beskikbaar nie. Op die ou einde vat jy maar wat hulle het. (Almal was lus vir steak, maar hulle het net twee gehad.)

## MALAWI (EN DIE MEER)

Ons vat vroegoggend die veerboot terug Dar es Salaam toe om die lang terugtog huis toe te begin. Dit mag vroeg wees, maar die verkeer is al klaar woes.

Nou mik ons vir Mbeya en die grenspos na Malawi. Ons eerste aand kamp ons by die Chintheche Inn langs die meer. Ons ry al met die meer af en staan oor by Senga-baai, en dan steek ons die grens oor vir die laaste trek Suid-Afrika toe.

## MOSAMBIEK EN HUIS TOE

Ons kamp onder meer by Tete – in 'n klein en netjiese kampplek langs die Zambezi – en by die Buffalo-kampplek langs die EN1 in die distrik Machanga. Daarna ry ons kuslangs. Vilankulos, Inhambane, Inharrime en verby Maputo… Op 15 Junie ry ons teen laatskemer deur die Komatipoort-grenspos.

My Land Cruiser se dieselverbruik was gemiddeld 16,3ℓ/100km. Die groep se gemiddelde spoed vir die reis was volgens die GPS 47km/h en dit kan jy maar toeskryf aan die slegte paaie, al die busse en vragmotors op die pad en al daardie slegte bestuurders.

Die groeplede, wat goeie vriende geword het, se paaie skei vir eers.

Ek en Erina gaan rus vir 'n paar dae by Marlothpark ná al die kilometers en al die op- en afslaan. Dan kom ons uiteindelik, ná 46 dae en amper 15000km, veilig terug by die huis.

Die diesel vir ons reis het so R30000 gekos en die hele reis in die omgewing van R90000-R100000, maar só 'n reis en alles wat jy daarop beleef, kan nie aan geld gemeet word nie. As jy dit nog nie gedoen het nie, is dit beslis iets vir jou emmerskoplys.

Zofa™

**Hans** wen 'n Zofa-oplaasbank van Zartek. Die Zofa, ter waarde van R700, blaas homself op, is sterk, waterdig en net die regte lêding vir die kampplek, swembad of strand. Loer gerus ook in by zartek.co.za/Zofa.htm






My sleep-goed

# Sleepmenere

**Drie *WegSleep*-lesers spog met hulle rygoed: twee Toyotas en 'n Hyundai.**

## Dís mos 'n bobaas bakkie

**2009 TOYOTA HILUX 3.0 D-4D**

Hy was nog altyd 'n Toyota-man, en om sy boswa agter sy dubbelkajuit-Hilux te haak is soos 'n droom wat waar geword het, sê Hendrik Pretorius van Port Alfred.

"Ons kamp met 'n Eagle 14-boswa wat deur die maatskappy VTEC Trailers in Vanderbijlpark vervaardig word. Hulle is nogal skaars; trouens, het ek nog nooit een van hulle op die pad gesien nie. Hulle is egter op 'n reisprogram op televisie gebruik en dis waar ek hulle gesien en besluit het om vir my een te kry. Dit is 'n heerlike wa en ek het hom nou al mooi aangepas en gemaak soos ek van hom hou.

Ek sleep my wa met die Hilux en sukkel om te glo daar is 'n beter sleepvoertuig. Ek gee toe, ek is nog altyd 'n Toyota-man, maar die dubbelkajuitbakkie is darem net 'n plesier. Ek het hom in 2009 nuut gekoop vir R300 000 en was nog nie vir 'n enkele oomblik



spyt nie. Vir krag en gerief kan jy nie beter vra nie. En dan is hy boonop 'n 4x4.

Ek is in my noppies met sy brandstofverbruik (12,5 ℓ/100 km met die wa en 10 ℓ/100 km daarsonder) en ek het eerlikwaar nog nooit 'n probleem met hom ervaar nie. Ek handhaaf 'n gemiddelde sleepspoed van 100 km/h.

Ons toer wyd met ons sleepkombinasie en was al twee keer Kgalagadi toe én op 'n keer tot by die Okavango in Botswana. Ons wil die leeus hoor."




# Kyk so 'n kragaap!

**2007 TOYOTA FORTUNER 3.0 D-4D**

Wanneer 'n mens jou wa agter 'n Fortuner haak, hoef jy vir geen oomblik te wonder of jy genoeg krag gaan hê nie, sê **Gideon Louw** van Wellington.

"Ek was omtrent 'n jaar en 'n half gelede uiteindelik klaar met my **selfgeboude boswa,** en ek en my gesin was oorgehaal om met hom te gaan kamp. Ek het hom aan my **Mitsubishi Outlander** gehaak en ons het die pad gevat. Die Outlander se **grondvryhoogte het my gepla**. Omdat hy so laag was, het ons gesukkel om by van die kampplekke in te kom. Ek was ook **geskok oor sy brandstofverbruik**. Ek het geweet ek gaan 'n plan moet maak, en het toe uiteindelik sowat twee maande terug vir ons die **Fortuner** gekoop. (Ek het 'n Mitsubishi Pajero ook oorweeg.)

Ek het die Fortuner **tweedehands vir R190 000** aangeskaf – en wat 'n plesier is dit nie om met hom te sleep nie! Ek moet sê dit sou lekker gewees het as hy spoedbeheer gehad het; dit is die enigste ding waaroor ek kan kla. Verder is ek doodtevrede. Daar is meer as genoeg krag vir my wa, en selfs al sleep ek teen **110 km/h** gee hy my 'n skaflike **12,5 ℓ/100 km.**

As ek kon, sou ek nie omgegee het om 'n **Land Cruiser V8** voor my wa in te span nie. Ek dink met sý enjin sal die langpad net 'n plesier wees."




# Spiertier én sag op die oog

**2011 HYUNDAI iX35**

Sy sportsnutsvoertuig skrik nie vir sleep nie – en dan is hy nog heel ekonomies én iets vir die oog, sê 'n tevrede **Jannie van Rooyen** van Vereeniging.

"Ons kamp met 'n **Caravette 6B, die 1994-model,** en ek is een van daardie mense wat glo 'n dieselenjin is beter en ekonomieser vir sleep as 'n petrolmodel. Ek verkies ook om met 'n sportnutsvoertuig eerder as 'n bakkie te sleep. Daarom is ek só in my noppies met my Hyundai iX35. Hy het hope krag en wringkrag, ons ry in gerief en hy is ekonomies. Ek sleep nou al amper vier jaar met hom nadat ek hom **tweedehands vir R249 000** gekoop het. Ek het voorheen met 'n Opel Astra gesleep, maar hy het nie genoeg krag gehad nie. Ek het na 'n klompie sportnutsvoertuie – soos die Chevrolet Trailblazer en Kia Sorento – gekyk, maar uiteindelik op die iX35 besluit omdat hy my sak die beste gepas het. Ek is nog nie vir een oomblik spyt nie. Hy sleep moeitevry, en met **131 kW** kraglewering en **386 Nm** wringkrag is opdraandes nie 'n probleem nie – ek kan verbysteek wanneer dit nodig is. Ek sleep die Caravette met die sleepstang waarmee die kar uitgekom het en 'n **Yellow Blade-stabiliseerder**.

Ek is ook heel tevrede by die vulstasies. Ons het onlangs by Goudini gaan kamp en ek het **12 ℓ/100 km** gekry. Ek sleep gemiddeld teen **100-110 km/h**. Sonder die wa kry ek 7-8 ℓ/100 km.

Ek is een van daardie ouens wat nie op 'n plek kamp as daar nie genoeg koeltebome is nie. Dit is ook vir my belangrik dat die plek in stand gehou word en die ablusiegeriewe netjies is. Hoewel ek nie meer aktief is nie, soek ek genoeg doendinge en ek hou van 'n oordbestuur wat sy reëls toepas. Klein-Kariba is só 'n plek en ons kamp gereeld daar."

**Waarmee sleep jý?**
Stuur e-pos na **wegsleep@weg.co.za** en laat ons hoor wat in jou sleepkombinasie steek.

# DIE NUWE SPRITE **BacTrax** GRONDPAD-REEKS




## JY HOEF NIKS IN TE BOET NIE!

Ons **BacTrax** grondpad-karavane vir ruwe paaie **HET ALLES!**

- **STYL & SWIER**
- Talle kenmerke, met onbeperkte opsies
- Tuisgeriewe, soos eilandbed, ens.
- **Maar met DURF...**

## NUWE SPRITE SPRINT & SWING **BacTrax**-REEKS GRONDPAD-KARAVANE

### ALGEMENE KENMERKE EN SPESIFIKASIES VAN REEKS AS GEHEEL

- Grondpadkaravaan (semi-veld) met swaardiens-as en 15"-wiel
- Groter grondvryhoogte met bakwerkbeskermingsbuffers vir grond- en veldpaaie
- Goed toegeruste buitekombuis
- Houers vir eetgerei en los goed, kan van buite bereik word
- Algemene stofwering
- Meer praktiese toegang tot kabinette
- Alle kabinette het houtdeure met versterkte skarniere, ens.
- Persoonlike wasbak binne
- 80L 12 V Engel (opsionele 140L Waeco) ys/vrieskas & ingeboude batterylaaistelsel
- Alternatiewe groot dubbeldeur 220V-ys/vrieskas
- Mikrogolfoond
- Verskeie opsies vir 12V en 220V buite-konneksies en –ligte
- Ontelbare doelgemaakte veranderinge en ekstras, gemaak op aanvraag
- Duursame binne-afwerking met sagte kleure wat met die natuur saamsmelt
- Doelgemaakte binnedekor opsioneel (kussingoortreksels, terugbinders, ens.)
- Sluit in reiskombers en ingeboude stoepafdak
- Volle muurstel en tentvergroting beskikbaar as opsie
- Groot verskeidenheid opsionele, doelgemaakte seilprodukte, op bestelling
- Spesifikasies volgens kliënt se vereistes (doen asb. navraag)

*Swaardiens-as het 'n drakrag van 600 kg. Eienaar kan aansoek doen dat dit tot die toegelate drakrag verhoog word
*Voorkeure van yskaste (grootte en krag, ens.), en ander spesiale modifikasies op versoek beskikbaar

MOTORHOME-WORLD JURGENS SAFARI Sprite HOWLING MOON Like us on Facebook

# UITLEGTE EN INDIVIDUELE KENMERKE VAN KENNIS SE BacTrax-REEKS GRONDPADKARAVANE

## Sprint BacTrax en BacTrax W

- Geseëlde agtervenster vir langafstandreis sonder stof
- Opwasgerief vir buite en kombuis met gasstoof, met eie bergplek op swart epoksilaag-werktoonbanke
- Persoonlike binnewasbak
- Slaap 3 (groot uiters gemaklike dubbelbed met spasie rondom, plus een enkelbed)
- Gerieflike enkelbeddens word eetplek vir 2
- Lengte – 5204 mm
- Breedte – 2160 mm
- Hoogte – 2350 mm (dak toe)
- GVM op onderstelplaat en lisensieskyf – 1110 kg
- BacTrax W met waskamer en toilet agter, met enkelsitplek

## Sprint BacTrax B

- Geseëlde agtervenster vir langafstandreis sonder stof
- Opwasgerief (uitvou) buite en kombuis met 2-plaat-gasstoof, met eie bergplekkompartement, met mikrogolf en eetgerei, ens.
- Slaap 4 (groot uiters gemaklike dubbelbed met spasie rondom, plus dubbelbed word eetplek vir 2)
- Lengte – 6440 mm
- Breedte – 2160 mm
- Hoogte – 2300 mm (dak toe)
- GVM op onderstelplaat en lisensieskyf – 1240 kg

## Swing BacTrax S

- Opwasgerief (uitvou) vir buite en kombuis met gasstoof, met eie bergplek met mikrogolf, eetgerei, ens.
- Goed ingerigte waskamer en toilet agter
- Kies tussen 'n ekstra enkelkajuitbed,of doelgemaakte kaste langs waskamer
- Warmwaterstelsel opsioneel, met binne- of buitestort
- Slaap 2 (groot uiters gemaklike dubbelbed met spasie rondom)
- Gerieflike enkelbeddens word eetplek vir 2
- Lengte – 6440 mm
- Breedte – 2160 mm
- Hoogte – 2300 mm (dak toe)
- GVM op onderstelplaat en lisensieskyf – 12400 kg





EKSKLUSIEF BY
**Kennis Caravans & Motorhomes**
**www.kennis.co.za**

Kennis CAMPWORLD

**Besoek ons by** www.kennis.co.za of bel ons by 011 664 7000 vir besonderhede of info@kennis.co.za of Ontdekkersweg 6, Roodepoort

Vishoekie

# Hennops toe!

**In die Hennopsriviervallei – net 'n halfuur of wat se ry van Pretoria en Johannesburg af – is 'n gesinsoord en woonwapark waar jy kan uitspan en jou stokke langs die water staanmaak.**

Hengelgerei

## Kry 'n stel vir forel

Kamp jy dan en wan langs die forelwaters van Clarens of langs 'n strandmeer, en hou dan die vlieghengelaars dop en wens jy was een van hulle? Wel, jy kan jou volledig toerus, teen 'n fraksie van die prys wat ernstige naweekvlieghengelaars vir hulle gerei betaal. Vra in 'n hengelwinkel of soek op die internet vir die vlieghengelverskaffer Xplorer se Pro Cast II Fly Fishing Combo.

Dis 'n volledige stel in 'n enkele boks vir beginners, en ook ideaal vir die hengelaar wat net twee of drie keer per jaar langs die vlieghengelwaters is en nie 'n plaas se prys wil betaal vir gerei nie.

Jy kan kies uit vier stelle – van 'n basiese stel vir forel en panvis in strome ('n vierstukstok van 7'6" vir 'n lyngewig van 2/3 wt) tot 'n groot stel met 'n 9'-stok (8/9 wt) vir damme, riviere en soutwater en vir spesies soos baars, baber, tiervis, elf, pompano en koningvis. Die twee stelle tussenin is vir damme en riviere – een met 'n 8'6"-stok (4/5 wt) vir forel, geelvis en panvis en die ander een met 'n 9'-stok (5/6 wt) waarmee jy ook kurper kan teiken.

Xplorer sê die stokke is ontwerp vir goeie balans, om maklik te gooi en vir matige tot vinnige spoed. Die handvatsel is van kurk en die katrolhegstuk van aluminium.

Saam met jou stok kry jy ook 'n vlieghengelkatrol met 'n eenvoudige remstelsel óf 'n effens meer gevorderde stelsel. Dit is klaar met die regte vlieglyn gelaai, met onderlaag en 'n spits voorslag. Jy kry ook 'n waterdigte vliegboksie met ses vliegies asook 'n stok-en-katrolhouer wat met sterk Cordura oorgetrek is.

Om jou te help kry jy 'n DVD waarin Jeremy Rochester vir jou die ABC van vlieghengel leer. Jeremy is van KwaZulu-Natal en 'n bekende in vlieghengelkringe – en Xplorer se handelsmerkambassadeur. As jy die internasionale TV-reeks *The WildFly Fishing Series* kyk, sou jy al gesien het wat hy met 'n vlieghengelstok vermag. *(Let mooi op en oefen eers by die huis voor jy daardie U-gooie by die waters gaan probeer. – Red.)*

Dié stelle kos enigiets tussen R1 100 en R3 100.




Visspesie



### Hondhaai
*Mustelus mustelus*

Die hondhaai kry sy naam van sy stomp, geronde snoet en sy plat kop wat 'n bietjie lyk soos 'n hond s'n. Dis 'n lenige, silindriese haai met grys sye en 'n ligter of selfs wit onderkant. Van hulle het swart kolle aan die bokant wat hulle onderskei van ander hondhaaie.

Die hondhaai het 'n taamlik klein onderbek met verskeie rye tande. Van sy ondertande is gespits en hy het tandagtige uitsteeksels op sy tong en verhemelte. Jy kry hom van die Middellandse See af, al langs die kus van Wes-Afrika, by Namibië en van die Kaap af tot by Durban. In Suid-Afrika kom hulle meestal voor in Valsbaai en langs die suidkus tot wes van die Visrivier.

**Grootte en biologie:** Hulle is die grootste hondhaaie wat jy kry, met 'n gemiddelde lengte van 150 cm. Die heel grotes word tot 1,7 m lank en weeg op 24 jaar sowat 25 kg. Hulle groei stadig en die mannetjies word laat volwasse (6-9 jaar en 95-130 cm) en die wyfies nóg later (12-15 jaar en 120-140 cm). Hulle is lewendbarend en die wyfies het 'n jaarlikse broeisel van 4 tot 23 kleintjies. Die kleintjies, wat vir die laaste helfte van die swangerskap op die plasenta oorleef, is by geboorte 35-40 cm lank.

**Habitat:** Jy tref hulle gewoonlik aan in vlak water en by sand waar hulle die meeste van die tyd lê of laag en stadig bo die bodem swem. Hulle hou gewoonlik naby die kus tot op 'n diepte van 100 m, maar word soms ook dieper in die see gevang. Hulle vreet hoofsaaklik skulpvis en koppotiges, maar ook vis en veral palings.

**Vang hulle só:** Jy kan hom van die strand en rotse of van die boot af vang. Hy is lekker om te eet, maar nie gewild in Suid-Afrika nie. Dié vis word na ander Afrikalande, Australië en Europa uitgevoer waar dit gedroog of gesout of vir olie gebruik word. In die Verre-Ooste is groot vinne in aanvraag.

**Dis 'n rekord:** 25,4 kg.

**SASSI-status:** Omdat hulle stadig groei en laat volwasse word, is hulle kwesbaar vir oorontginning.

***Teks*** *Dr. Gavin Gouws*
***Skets*** *Elaine Heemstra*
*© Suider-Afrikaanse Instituut vir Akwatiese Biodiversiteit (SAIAB)*

Visvangoord

# Kamp langs die Hennops

## Hennops Pride-woonwapark

Ongeveer 'n halfuur se ry van Pretoria ('n driekwartier van Johannesburg) af lê die Hennops Pride-gesinsoord met sy groot woonwapark in die Hennopsriviervallei.

Dié oord in die Schurveberg is 'n plek met 'n klomp doendinge vir die hele gesin en lê langs 'n 2 km-oewerstrook waar jy kan lyn ingooi vir karp en baber.

Die oord bestaan al amper 'n halwe eeu en Jacques Olivier, 'n sakeman van Brits, het vier jaar gelede die nuwe eienaar geword. Hulle verbeter nog al die pad die oord, sê hy.

In Hennops Pride se kampplek kan jy kies uit 65 staanplekke – amper 'n derde van hulle op die rivieroewer. Jy kamp op groen gras en onder koeltebome. Net 'n handjie vol van die staanplekke het geen koelte nie. Op jou staanplek het jy krag en 'n geboude braaiplek met 'n rooster. Krane staan tussen die braaiplekke versprei.

Dis ook nie eens 'n minuut se stap van jou staanplek af nie, dan is jy by die badkamer. Hier is twee sentraal geleë ablusieblokke met aparte badkamers vir mans en vroue, en jy kan kies tussen bad of stort. Buite die ablusieblokke is opwasplek.



Tussen Hennops Pride se groen terrasse is nie minder nie as ses swembaddens, plus enigiets van 'n klouterraam vir die kinders tot trampoliens, 'n minigholfbaan, vlugbalbaan en buiteskaak. In die spitsseisoen word vakansievermaak gereël.

Jy kan by die oord se snoepwinkel roomys en koeldrank koop en hulle verkoop ook ys (R15) en hout (R20).

Bring jou stapskoene en bergfiets saam. Hier is 'n klomp paadjies wat jy kan verken.







### Kortliks | Hennops Pride-woonwapark

**Vis:** Karp en baber.
**Kampplek:** 65 staanplekke op gras, almal met krag en die meeste met koelte.
**Ablusiegeriewe:** 2 sentrale ablusieblokke met storte en baddens.
**Prys:** R140 p.n. per staanplek plus R100 p.p. (R30 vir kinders o.16; R70 vir pensioentrekkers; 2 pensioentrekkers betaal R250 p.n. per staanplek).
**Kontak:** 083 288 9915; info@hennopspride.co.za; hennopspride.co.za
**Hoe lyk die pad?** Al die pad teerpad.

**GPS:** S25.847586 E27.991444

***WegSleep* sê:** Jy kan vir Kolle saambring mits hy nie 'n moeilike hond is nie en jy vooraf reël. Jy betaal R10 per dag vir hom.

# 'n Eie stukkie hemel

My plekkie

**Min plekke is beter om jou batterye te herlaai as tussen die berge in die KwaZulu-Natalse Middeland, sê Leandi Labuschagne van Pretoria.**







Ná 'n jaar van frustrasies en uitdagings wat my moeg en leeg laat voel het, ontdek ek en my gesin die Mount Park-gasteplaas – 'n stukkie hemel in die berge by Dargle in KwaZulu-Natal.

**Vertel ons meer van die gasteplaas...**

Dit is só 'n spesiale plek. Dis net reg as jy jou begroting dophou maar smag na 'n plek van rus en vrede, want hier aan die voet van 'n berg word jy omring deur groenigheid en waterstrome.

Die gras is groener as wat jy jou kan voorstel, en 'n manjifieke 170 jaar oue eikeboom rond die reeds volmaakte prentjie van rustigheid af.

Hier is ook 'n dam waar jy kan swem en roei en die natuur beleef. Die water in die strome is só skoon 'n mens kan dit drink. Dit was ongelooflik.

**Waarmee het julle gekamp?**

Ons het in 'n toegeruste woonwa van Mount Park gekamp. Dit het ons net R140 p.p.p.n. gekos en die oordbestuur het uit hulle pad gegaan om ons welkom en tuis te laat voel. Hier is ook ses staanplekke waar 'n mens met jou wa of tent kan kom kamp. Al ses van hulle het braaigeriewe en vier van hulle het krag. Die geriewe is skoon, netjies en voldoende.

**Wat het julle gedoen om julle besig te hou?**

Buiten afskakel en rus? Die gasteplaas is geleë op 120 ha waarvan 'n kwart natuurlike bos is. Hier is vyf staproetes wat wissel van een wat nie veel moeite verg nie tot by een wat jou tot bo-op die Insohlaneberg neem. Ons het meer as 10 voëlsoorte gesien; hier is pragtige plaasdiere; en volgens die oordbestuur kry 'n mens die seldsame boomdassie ook in hierdie geweste. (Selfs al sien jy hom nie, hoor jy sy kenmerkende roep.)

Jy kan in die dam visvang én hier is speelgoed wat kinders gratis kan in- en uit teken by die ontvangskantoor. 'n Mens is naby genoeg om in die kar te klim en na Howick se bekende watervalle te ry.

**Watter ander geriewe is hier?**

Jy kan by die gasteplaas se restaurant iets eet en drink. Ons het die heerlikste ontbyt geëet, maar hulle bedien ook lekkernye soos pannekoek en wafels. En jy kan 'n verskeidenheid bevrore maaltye kry as jy nie wil uiteet nie, maar ook nie lus voel om kos te maak nie.



**Kontak:**
033 234 4601;
mountpark@thefields.co.za
**GPS:** S29.549118 E29.964179

**WEN** **Leandi** wen 'n R250-geskenkbewys van **Camp Cover.**
Gaan kyk na hulle puik beskermende oortreksels op die webwerf
**campcover.co.za**
CAMP COVER


REISGERIEF
RATKAS-SAAL
PIEKNIEKGERIEF
PIEKNIEKKOELSAK
SLUIT IN EETGEREI
Inhoud kan verskil van wat geadverteer word
EKSKLUSIEF BY OUTDOOR WAREHOUSE
PIEKNIEK-RUGSAK
PIEKNIEKGERIEF
EKSKLUSIEF BY OUTDOOR WAREHOUSE
PIEKNIEKKOMBERS
EETGEREI-OPROLSAK
SLUIT IN EETGEREI
Inhoud kan verskil van wat geadverteer word
DIE LEKKERSTE IS OM VOLLEDIG TOEGERUS TE WEES
Camp Cover is topgehalte vir kwaliteit-avontuur
TENTGERIEF
SLEGS UITSLUITEND INHOUD SAK
TENTTOERUSTING-ORGANISEERDER
PAKGERIEF
STANDAARD-KLERESAK
SLEGS UITSLUITEND INHOUD SAK
TELEFOON (021) 905-5005
FAKS (021) 905-5010
HANNELIE@CAMPCOVER.CO.ZA
Bestellings, navrae & rekeninge
CAMP COVER
VIR ONS VOLLEDIGE REEKS
BESOEK ONS WEBWERF
WWW.CAMPCOVER.CO.ZA

So kamp ons



KAMPKRING. Oud en jonk het hulle kampstoele geplant en die hele naweek saam gekuier.




VERJAARDAGMEISIES. Roxanne Schott en Karen Broeke het albei hulle verjaardag die naweek gevier en daar is ordentlik partytjie gehou.

# Verjaardagfees by Malonjeni

Die Gautengse lede van die Suid-Afrikaanse Kampeerklub het onlangs by die Malonjeni-gasteplaas in die Vaaldriehoek saamgetrek om twee verjaardae te vier.

Die naweek het afgeskop met klein Roxanne Schott se negende verjaardag en afgesluit met Karen Broeke se partytjie. Die klubsekretaris en Karen se broer, Ron Segenhout, sê 'n mens speel met vuur as jy vra hoe oud Karen geword het.

So tussendeur die twee verjaardae het die 11 gesinne heerlik gebraai, gekuier, gerus en 'n opwindende Noot vir Noot-vasvra gehou.

Ron vertel daar het die naweek 'n reënbui of twee uitgesak, maar dit het geensins die kuiergees geblus nie.

Die Gauntengers gaan kamp elke maand en bestemmings soos Kokoriba, Koppisol, Dube en Onverwags is vanjaar op hulle lysie.



KOEK EN TEE. Marcia Boddy het haar medekampeerders met panettone verras vir die Saterdag se middagkoffie en tee.



ALLEGAARTJIE. Só moet 'n braairooster mos lyk wanneer daar gekamp word!



GEMAKLIK EN GERIEFLIK. Die staanplekke by Malonjeni is op gras en onder koeltebome, wat beteken 'n mens kan maar jou sit kry en kuier.

# Blokraai-riepa

**Neil Humphreys** van Ficksburg is die gelukkige wenner van 'n **EEZI AWN K9**-kamptafel ter waarde van R2 280 vir sy korrekte blokraai-inskrywing in ons Maart 2017-uitgawe. As jy ook, soos Neil, so 'n spoggerige tafel wil wen, moet jy 'n foto van jou voltooide poging neem en dit met jou kontakbesonderhede stuur na **wegsleep@weg.co.za**. Ons digitale intekenare kan die blokraai aanlyn invul. Gaan loer by **http://bit.ly/2na1usa**.





Park in Botswana
Solfatoon / Duiwels
Pyn ervaar / Skaats
'n Sieraad in KZN
Gril / Rustiger
Suigeling / Anker
Hoër op / Nie diep nie
Wat suurstof gebruik
Uitverkore
Paartjie
Vermoënd / Knip
Universiteit van Kaapstad (afk.)
Weet / Die . . . is gaar
Mannetjie en . . . / Afneem
Baklei / Met . . . skrede
Laagwater
Tussenskakelaars
'n Gas (Ne) / Spotklank
Onvoltooid
Stigtelik / Strate
Titel vir 'n Britse man
Luidier
. . . en weer / Woud
Besit
Redigeer / Almagtige
Vyf aan elke voet
Beangs maak
Gallium (simbool)
Dorp in die Overstrand



'n Giftige struik
Heldedigte / Djati, bv.
Rodium (simbool)
Watervoëls
Onsin / Merkteken



Blomme met dorings
Kniesrige
Tjaila / Erbium (simbool)
Songod
Primaat
Lae brug / So 68 cm
Beenbekleedsels / Pika
Klimapparate
Arbeid . . .
Dit val nie ver van die boom
'n Streek in Oos-Kaap
Riviergras
Kaassoort
Na binne / Waarsku
Huwelik / Olm
Oos, . . ., tuis bes
Talm / Praat
Monnikskleed
Stoot
Hoogste kaarte
SA dans
Sny graan met hulle
Op die . . . plaas / Poegaai
Populier
Loof / Operalied

FOTO'S LEON BOTHA, DIRK KOK EN GERDA ENGELBRECHT

OPGESTEL DEUR GERDA ENGELBRECHT

## Kom sit aan

As jy hierdie blokraai korrek voltooi en voor 6 April vir ons stuur, staan jy die kans om dié **EEZI AWN K9**-kamptafel van R2 280 te wen. Hy is 113 x 75 cm groot, liggewig, stewig en gemaak van onbuigsame versterkte staal.



# WegSleep Koopgids

HAAK AAN...

• Kampeertoerusting • Voertuie & Toebehore • Yskaste • Sleepwaens • Kappies • Elektroniese Produkte • Tente •











LEIERS van seiltente in Afrika
SEDERT 1992
SLEEPWATENTE
SA SE NR.1 BESTE VERKOPER
(Sleepwa nie ingesluit nie)
Jnr tent pas op 1.3 m (h) R10460
Jnr tent pas op 1.45 m (h) R10620
Snr tent pas op 1.6 m (h) R14610
Est 1992
TM
TENTCO
QUALITY TENT MANUFACTURERS
GAZEBO'S
JNR
2.5 m x 2.8 m x 2.3 m
R1850
SNR
3 m x 2.8 m x 2.3 m
R2220
JUMBO
4 m x 2.8 m x 2.5 m
R2900
Beskikbaar in groen, blou kleure
SYMURE MET VENSTERS TE KRY
SNR DELUXE & VERLENGKOMBO
3m x 3m
Boogtentverlenging
2.8m en veranda 1.8m
R10 460
ONS VRIES ONS PRYSE!
EETKAMER
R4320 3 sye met muskietnet + vier soliede sye, 3 x 3.33 x 2.2 m
SNR DUBBELBOOGTENT VERLENGING
NUUT
R3925 slegs verlenging
Pas op enige 3m x 3m-boogtent
TERUG OP PUBLIEKE AANVRAAG
BUNDU-VELDAFDAK
R1680
SYMURE BESKIKBAAR
SAFARI-BOOGTENT
Swaardiensseil-reistent
2.1 x 2.1 x 1.5 m R3320
Ranger R3570
2.1 x 2.1 x 1.8 m
Junior boog R4370
2.5 x 2.5 x 1.8 m
Senior boog R5370
3.0 x 3.0 x 2.0 m
HEXIBOW SAFARI
R6260
4.8 m x 2.7 m x 2.2 m
ONGELOOFLIK RUIM
VERSKEIE SEILSAKKE
ONGELOOFLIKE WAARDE
AMMUNISIEKISTE
R165
Elk
DRAAGBARE TOILET
R899
Elk
EVA-VLOERMAT
R180 per pak
SKADUNETVOERING ALLEENLIK
NUUT
R1750
Pas op Snr Gazebo
GAZEBO'S
SNR 3 m x 2.8 m x 2.3 m
R2220
symure met vensters te kry
WANDERER-BOOGTENTE
AFRIKA SE NR.1 BESTE VERKOPER
JNR: 2.5 x 2.5 x 1.8m R3215
SNR: 3 x 3 x 2.1m R3820
RIPSTOPMATERIAAL
SAHARA DELUXE
AFRIKA SE NR.1 BESTE VERKOPER
R9935 6m x3m x 2.5m
Opsionele agterste badkamer
HIERDIE PRODUKTE IS TE KRY BY:
OUTDOOR WAREHOUSE
CAMP&CLIMB
agra
OFS CANVAS
Agri Land
LW: PRYS SAL VERSKIL VAN WINKEL TOT WINKEL.
PRYSE GELDIG SLEGS VIR APRIL 2017
BISSETSTR 21
JETPARK, BOKSBURG - JHB
TEL: +27 11 397 6451/2
FAKS: +27 11 397 6421
E-POS: info@tentco.co.za
GROOTHANDEL: colin@tentco.co.za
AGENTE: SIEN LYS OP WEBTUISTE
WWW.TENTCO.CO.ZA
nou op
Find us on: facebook
KLEURE, SPESIFIKASIES & VOORRAAD - BFW HANDELSNAVRAE WELKOM
MANUFACTURERS OF 100% SOUTH AFRICAN MADE CANVAS TENTS


'n 6-wiel-
banddruk-
moniteringstelsel
kos minder
as een band
sales@tireguard.co.za
www.tireguard.co.za


ewiks
caravan mover
www.ewiks.co.za
Beweeg jou groot of klein karavaan self sonder moeite deur net 2 skakelaars te gebruik. Word deur die karavaanbattery aangedryf en permanent gekoppel om op padbande te ry.
Vir 'n toerustingsentrum of doen-dit-self inligting, kontak asseblief:
Erik 082 487 49 50 sales@ewiks.co.za
Kyle 084 33 00 606 info@ewiks.co.za
30kg
MAKLIKE INSTALLERING
GOEDGEKEUR deur Jurgens Ci
Vervaardig in Suid-Afrika
* Standaard stelle, battery uitgesluit, en laaier weeg minder as 30 kg
Forward
Backward
LHS
RHS


DRUK MY EN EK STOOT JOU
Goeie nuus vir karavaan- en booteienaars
(0.75kW) 220 v vir karavane en bote
Totale sleepgewig: 1700kg
Prys: R11 000
(1.50kW) 220 v vir karavane en bote.
Totale sleepgewig: 3000kg
Prys: R14 600
EK IS HIER
12V DC MOTOR ROCKY JOCKY
SLEEPGEWIG 3000KG
PRYS R16 000
KONTAK DICK VAN DER WESTHUIZEN
083 254 0461
Video: www.campingisfun.co.za
email: dick.vdw1@gmail.com


CCTV Systems
CCTV
Security Recording System
Vanaf
R1650
Sien jou huis op jou slimfoon vanaf enige plek ter wêreld.
info@cctv-direct.co.za
www.cctv-direct.co.za


In die mark vir 'n karavaanskuiwer?
Die HEELTEMAL NUWE
powrtouch
EVOLUTION
auto
die volgende generasie
outomatiese karavaanskuiwer
GRATIS 5 JAAR GEEN GEKIBBEL ONDERDELE & WERK WAARBORG
SOMILL BK 058 821 0006, RIETFONTEIN, R51 DISTRIK BALFOUR
KOÖRDINATE S 26 58 4145 O 28 35 3631 • TEL: DIRK 082 494 6510 - LEON 082 490 1809 (KANTOORURE)
AGENTE:
WITBANK: 013 697 5123
KAAPSTAD: 082 824 5126
PRETORIA: 082 575 1924
NEWCASTLE: 034 132 5707
BLOEMFONTEIN: 082 773 0306
NELSPRUIT: 082 425 9790
PORTELIZABETH: 083 442 5346
MOSSELBAAI: 044 695 2602
PIETERSBURG (POLOKWANE): 084 441 5777

# Jeep & Chrysler spesialiste




American SUV

**Ons voorsien her-opgeboude enjins en ratkaste vir alle Jeep en Chrysler modelle**

Groot verskeidenheid van nuwe en tweedehandse onderdele beskikbaar

Onderdele en Bykomstighede Tel: +27(0)12 665 2780

Werkswinkel Tel: +27(0)12 665 2925

Epos: americansuv@mweb.co.za

www.americansuv.co.za



*motorwoonwavervaardiging op sy beste vanaf 2002*




Discoverer 4 - *slaap 4 volwassenes* beskikbaar in handrat of outomaties

Discoverer 6 - *slaap 6 volwassenes* handrat of outomaties




MOTORHOME-WORLD

Ons Doen Nie Motorhomes, Ons Is Motorhomes

T 021 5773863 F 021 5773864

Verkope | Ontwerp | Toebehore | Diens

www.motorhome-world.com

info@motorhome-world.com





Vlekvrye staal-kappies vanaf R17 999



- Dravermoë op dak: 500kg
- 100% water- en stofdig

RLD DESIGN

082 464 3792
riaan@rlddesign.co.za
www.rlddesign.co.za

Ekstras beskikbaar:
- Dakrakke
- Kombuiseenhede
- Dakgemonteerde tafels
- "Ammo"-kratrak-stelsels
- Laai-stelsels

Laai-stelsels vanaf R7999



AFRICAN NOMAD PTY LTD

- **ALLE tentherstelwerk.**
- **Doelgemaakte panele & afdakke.**
- **Doelgemaakte sakke & oortreksels vir AL jou toerusting.**

Meyerton, Gauteng
Tel: 016 363 0759
Sel: 082 778 0246
E-pos: sales@africannomad.co.za













**WegSleep-winkel**

Al dié produkte is beskikbaar by **winkel.weg.co.za**

**Jiskussing**



**R1000**

**Escape Gear-reissak**




**R950**

**Zofa**




**R699**

Die pryse hierbo is onderhewig aan verandering, maar die aanlynwinkelpryse is te alle tye korrek. Pryse sluit posgeld en verpakking uit.
Laat asseblief minstens 12 werkdae toe vir aflewering vandat jy jou bestelling geplaas het. Stuur navrae per e-pos na **verkope@media24.com**


GEHALTE, WEELDE,
EENVOUD
GECKO offroad
Ons maatskappybeleid is:
Gehalte, weelde, eenvoud
• Stofwerend
• Veelterrein
• Luuks
Toegerus met ʼn koninggrootte bed, binnestort (met 220V/ gasgeyser), afsonderlike chemiese toilet, warm- en kouewater-retikulering asook 12V, 220V en sonkraglaaistelsel.
www.gecko-offroad.co.za
info@gecko-offroad.co.za
Tel: (015) 276 5059
Faks: (015) 276 5075
Keith 082 662 6394
Alison 082 532 5290
Maak asseblief ʼn afspraak om te besigtig.


CAMPERS BUDDY
Produk van:
JDR TOOLING
Design Nos. A2014/00190 & F2014/00191
Swaardiens, draagbare vuurput
Geen los dele
Slegs buite-gebruik
Berg binnenshuis
Hou op droë plek
Gewig: 18 kg
Toe: 500x400x70mm
Oop: 490x430x330mm
Slegs
R1200.00
Kontak:
Tel: 012 804 9224
Sel: 079 384 0057
paul@jdrtooling.co.za
Faks: 0865 440 482
www.jdrtooling.co.za


KOM ONS RY SONDER 'N RATEL OF RITTELTIT
NUUT! RATKAS-SAALSAK
Die Ratkas-saalsak hou al jou losgoed bymekaar, byderhand en georganiseerd. Dit pas oor die sentrale ratkasskag met paksakke wat weerskante afhang. Niks hoef meer rond te lê en pla nie.
Kry dit en meer op
www.campcover.co.za
Epos Hannelie vir navrae:
hannelie@campcover.co.za
CAMP COVER


CARAVAN
SERVICES & REPAIRS
Ons doen versekeringswerk en privaat werk
Shop 15 - Detroit Plaza, Pretoria Road, Kempton Park
Karavaan dienste vanaf R950
Tel. 082 652 8139
info@caravanrepairs.co.za
www.caravanrepairs.co.za


CAMIL SUSPENSIONS
BETER BAKKIESKOKBREKERS
Moenie net jou bakkie se skokbrekers vervang nie – vervang dit met ʼn voor-en-agter-Camilskok-brekerstelsel.
Beleef die stabiliteit, ry-kwaliteit en laaivermoë van die stelsel wat ontwerp, getoets en vervaardig is in Suid-Afrika vir Afrika.
ONS SPESIALISEER IN TOYOTA, NISSAN, FORD, MAZDA, ISUZU & COLT.
Vir meer inligting, besoek www.camilsuspensions.co.za of skakel (012) 335-5431


OM HIER TE ADVERTEER, SKAKEL:
JOHANNESBURG
Lizel Pauw
082 876 8189
Jeanine Kruger
082 342 2299
Sharlene Smith
083 583 1604
KAAPSTAD
Sanetha Meintjies
084 416 5797
021 982 1575
Nick Fitzell
071 430 6311










## WegSleep-winkel

### Wynsak




**R90**

### Kamerasak



**R520**

### Drasak



**R304**

**Al dié produkte is beskikbaar by winkel.weg.co.za**

Die pryse hierbo is onderhewig aan verandering, maar die aanlynwinkelpryse is te alle tye korrek. Pryse sluit posgeld en verpakking uit. Laat asseblief minstens 12 werkdae toe vir aflewering vandat jy jou bestelling geplaas het. Stuur navrae per e-pos na verkope@media24.com


Nuwe plaaslike vervaardigers van luukse karavane
Bekostigbaar •
Luuks •
Kwaliteit •
Prakties •
Quantum Leisure
LUXURY CARAVAN MANUFACTURERS
Web: www.quantumleisure.co.za | Tel: 011 914 1106 | 071 583 3669
Adres: Commissionerstraat 516, Boksburg


Mobi Lodge
Gaan waar jy wil
WegSleep
"Woonwa van môre"
Caravan & OUTDOOR LIFE
"Jaw-dropping experience"
4x4 & Outdoor Show
Beste karavaan
CAPE Getaway SHOW 2016
Best Overlander
Mobi Lodge
www.mobilodge.com
foto's - video's - spesifikasies - bestellings
Mobi Lodge
skoue - toere
YouTube
Leon 0828 999 999
Marius 083 230 6131
demo's - bestellings

# WegSleep

HAAK AAN...

## Ry & bly-GIDS

● Woonwaparke ● Vakansie-akkommodasie ● Kampering ● Vakansie-oorde ● Wegbreekplekke ● Natuurreservate

Om in die **Limpopo & Noordwes** te adverteer, skakel **Thea** **078 450 7771**
















DUBE
PRIVATE GAME RESERVE
www.dubegame.co.za
SPESIALE AANBOD – MIDWEEK – BUITE SEISOEN – 5 NAGTE – 2 PERSONE – R480 PER STAANPLEK (SONDAG TOT VRYDAG)
SPESIALE AANBOD – MIDWEEK – BUITE SEISOEN – 4 NAGTE – 2 PERSONE – R1600 PER CHALET (MAANDAG TOT VRYDAG)
Natuurreservaat in malaria-vrye gebied. Bosveld-atmosfeer – minder as 'n uur van Pretoria en Johannesburg – naby Brits. Selfsorghuise en woonwapark met netjiese ablusieblokke – rolstoelvriendelike badkamer. Staproetes – fietsryroetes – voëlkyk – wildritte – volop wild
• Speelpark • Tafeltennis • "Pool"-tafels • Springmatte • Vlugbalbaan • Mini-gholf • Binnenshuise verhitte swembad • Jacuzzi's • Koue swembaddens
Sel: 073 171 8331/082 375 6179 • E-pos: info@dubegame.co.za
NOORDWES
BRITS


• 110 staanplekke met rolstoelvriendelike ablusies • Voëllewe, wildspesies, "vang en laat gaan-"dam • Stap, ry fiets, binne verhitte en koue swembad • 4- & 6-bed-chalet, 7 en suite-dubbelkamers met lugversorging, vir groepe met privaat swembad, kombuis en braai-area • Kiosk • 24-uur-sekuriteit • 15 min buite Brits • Nuwe Waterpark! Groot Supertube, "Twin race"-glybane, sprinkelpark vir kinders, opelug- verhitte swembad en 9-gat-minigholfbaan • Dagbesoekers welkom op bespreking. Net plek vir 'n beperkte aantal.
Bosveld Oase
Puik bestemming!
Bespreek nou:
072 215 2114
info@bosveldoasebrits.co.za | www.bosveldoasebrits.co.za
NOORDWES
BRITS


Klein Paradys
– Brits (15 km buite Brits)
'n Naweek strek vanaf Vrydag 8h00 tot Sondag 16h00
• 80 gewone staanplekke • 20 privaat ablusiestaanplekke
• Warm en kouewaterswembaddens • Tennisbaan • Mini-gholf • Glygeut • Sprinkelpark •
Visvang • Roeibote op dam • Chalets
(Alle aktiwiteite is gratis)
Tel: 012 252 1938 • 252 4625
www.kleinparadys.com | Faks: 086 5300 848 | E-pos: bookings@kleinparadys.com
NOORDWES
BRITS


OM HIER TE ADVERTEER, SKAKEL:
JOHANNESBURG
Thea Thomas
078 450 7771
KAAPSTAD
Sanetha Meintjies
084 416 5797
021 982 1575


Bush'n Buck
PRIVAAT WILDSPLAAS
Tel: 082 772 4747 | Faks: 086 238 9577
www.bushnbuck.co.za
Breek weg vir 'n naweek en kom bly in een van ons 15 selfsorgeenhede.
6 chalets het elk 'n private Jacuzzi. Karavaanpark met 58 staanplekke op gras en elektries omhein.
Besigtig wild en voëls met 'n gholfkarretjie of koel af in een van drie swembaddens
(1 onderdak en warm).
Kampchalets met dubbelbed, kroegyskas en waaier.
LIMPOPO
NABOOMSPRUIT

Om in die **Vrystaat** te adverteer, skakel **Thea 078 450 7771**

Noordwes, die tuiste van die Pilanesberg, die Vyf Grotes, 'n voëlparadys en wonderlike argeologiese ontdekkings.




- 3 swembaddens, sportkroeg & onthaalsaal
- Speelpark, visvang en kaai vir bote
- 6 x 4-persoon-chalets • 6 x 6-persoon-chalets • 38 x staanplekke

Besprekings: 082 312 4123
Epos: info@umfula.net | Web: www.umfula.net
GPS: S26 51.74' - E27 28.11'

VRYSTAAT — PARYS

Om in **KwaZulu-Natal** te adverteer, skakel **Sanetha 084 416 5797/ 021 982 1575**

Om in **Gauteng** te adverteer, skakel **Thea 078 450 7771**

Word geïnspireer deur alles wat Suid-Afrika se welvarendste provinsie bied, soos die Wieg van die Mensdom, wonderlike wildritte en safari's, 'n opwindende naglewe, heerlike restaurante, bekostigbare verblyf, townshiptoere en erfenis-ervarings.



KAMPTERREIN
**Willem'sRus**

25 groot afsonderlike staanplekke
Dinokeng Groot 5-wildreservaat
35km noord van Pretoria Tel: 081 702 2989
www.willemsrus.co.za | info@willemsrus.co.za

GAUTENG — PRETORIA

**SCOTTBURGH KARAVAAN PARK**




- Een kilometer-strandfront
- Rotspoele
- Beskutte swemplek
- Varswater-swembaddens
- Alle staanplekke hard of met gras
- Strandkothuis gemeubileer
- TV/video & elektrisiteit op alle staanplekke




**039 976 0291**
caravanpark@scottburgh.co.za
www.ScottburghCaravanPark.co.za

KWAZULU-NATAL — SCOTTBURGH

**Corian's** Pennington Caravan Resort

*Waar rus en natuurskoon op jou wag*



Tel: Cornelia 039 975 1107 | Faks: 039 975 1108
E-pos: corians@scottburgh.co.za
www.corians.co.za
Posbus 19, Pennington 4184

KWAZULU-NATAL — PENNINGTON

*Umtentweni Caravan Resort*

Tel./faks: (039) 695 0531
E-pos: info@umtentweni.co.za
**www.umtentweni.co.za**

KWAZULU-NATAL — PORT SHEPSTONE




KWAZULU-NATAL — BALLITO


Salt Rock Woonwapark
Die park reg op die strand
Slegs 50km Noord van Durban op die beroemde Dolfynkus
"Afslag vir Pensioenarisse buite seisoen"
* Getyswembad * Haainette * Lewensredders
Telefoon: 032 525-5025
www.saltrockbeach.co.za
Epos: hotel@saltrockbeach.co.za
KWAZULU-NATAL
DOLPHIN COAST


OM HIER TE ADVERTEER, SKAKEL:
Thea Thomas
078 450 7771
Sanetha Meintjies
084 416 5797
021 982 1575


Om in Oos-Kaap & Mpumalanga
te adverteer, skakel
Sanetha
084 416 5797


NATURE'S REST
Vakansie oord naaste aan Oos Londen! Geleë in 'n pragtige vallei op 'n rivier oewer, slegs 10 minute se stap van die strand af!
Ons beskik oor 35 karavaan / kampeer staanplekke wat uitkyk oor die rivier en wissel van vol en semi-skadu tot sonnig, asook 20 ten volle toegeruste selfsorgeenhede
TAFFEL TENNIS
SNOEKER TAFEL
SPEELGROND
VLUGBAL
Tel: 043 7369753/85 Faks: 043 7369796
E-pos: reservations@naturesrest.co.za
Webblad: http://www.naturesrest.co.za
SWEMBAD
TRAPBOOTJIES
SPRINGMAT
VOELKYK
OOS-KAAP
OOS-LONDEN


Yellow Sands
Caravan Park
Pensioenarisaanbiedinge vir 2017: R1500/maand of R50/pppn.
Geld slegs tydens lae seisoen
Yellow Sands Karavaanpark is 'n plek waar jy kan ontspan, vol pret en plesier vir die hele familie. Die karavaanpark word begrens deur die pragtige Indiese Oseaan en die rustige Kwelera-getyrivier en bied jou die beste van twee wêrelde.
Tel: (043) 734 3043 | Faks: 0866114887
E-pos: info@yellows.co.za | www.yellows.co.za
OOS-KAAP
OOS-LONDEN


HENBASE
Henbase 3565 Pty Ltd
Geriefswinkel asook drankwinkel op perseel
Swembad, braaiers, 2 x bomas, pool-tafel, wildsritte, gemeenskaplike DStv
Chalets vanaf R1 100-00 per nag
Karavaanstaanplekke R300-00 per nag
GEELVIS-PARADYS
JAGPAKKETTE 2017 NOU BESKIKBAAR!
11 km lange Vaalrivier-front
Geleë tussen Amersfoort en Morgenzon
Kampeerterrein: 10 geplaveide staanplekke, waarvan 2 privaat ablusiegeriewe het
20 A-krag/braaiers, asook waterpunt
Kontakpersoon:
Ansie: 083 416 9268
Webblad: www.henbase.co.za
E-pos: claassenj@mweb.co.za
MPUMALANGA

# Hartseer op Hopetown

**Waar jong manne saam is, is daar dikwels moeilikheid. Wanneer jong manne kamp en jag, is daar soms gróót moeilikheid, sê Dirk Kok.**

Die slim mense sê 'n jong man se storm-en-drangjare eindig eers in sy middel twintigs. Dan word hy minder roekeloos en meer verantwoordelik. Dit het te doen met biologie, psigologie, neurochemie, hormone, noodsaaklike ontwikkeling en sulke goed. In kort: Dis 'n natuurlike deel van grootword.

Die jeugtyd se roekeloosheid, kansvattery, oorgerustheid, dom besluite, arrogansie, vreesloosheid en hardekwasgeit eindig wanneer die prefrontale breinkorteks heeltemal ontwikkel het. Dit gebeur so op 25-jarige ouderdom, en eers dán dink jy mooi oor goed voor jy sommer net doen.

Dit verklaar waarom daar dikwels moeilikheid is waar 'n jong man is – en gróót moeilikheid waar 'n klompie jong manne saam is. Met 'n pa se kar, 'n kroeg of koelboks of die teenoorgestelde geslag in die prentjie is die kans op moeilikheid ekstragroot. Dit geld ook wanneer jong manne vir 'n paar dae saam gaan kamp. (Ons het mos almal al iewers langs luidrugtige en roekelose jong manne gekamp... En van ons was mos een of ander tyd self sulke jong manne.)

**MET 'N JAGNAWEEK EN GEWERE** in die prentjie raak die moeilikheidfaktor ook des te groter.

Vat nou maar Bart, Frikkadel en Leendert se Paasnaweek-jagtog. Hulle is van gr. 1 af saam in die koshuis op Bethlehem, skryf saam matriek en boer almal saam met hulle pa's met mielies in die Reitz-distrik. Wanneer hulle nié boer nie, speel hulle vir die dorp rugby, jol en jag rokke. En hulle jag bokke, want as boerseuns het hulle met gewere en jag grootgeword.

Frikkadel se pa, Basie, reël met iemand op Hopetown dat Frikkadel en dié se twee boesemvriende Paasnaweek op 'n plaas daar kan kamp en elkeen 'n koedoe skiet.

Koot en Mieta, wat al dekades op Brakputs by Hopetown boer, is gaaf. Al ken hulle nie dié mense op Reitz nie, is dit immers ook plaasmense. Die "drie kinders" hoef nie die R2 000-R6 000 te betaal wat ander jagters vir 'n koedoe betaal nie. Hulle kan R1 000 per bok betaal, en dit maak nie saak of dit 'n koei is of 'n bul met horings vir 'n Rowland Ward-trofeerekord nie. Die enigste reël is hulle skiet nie op die Sondag nie. Dis taboe.

Frikkadel se pa is ook gaaf en leen vir die drie sy nuwe Hilux-dubbelkajuit sodat hulle "darem lekker en in *style* kan ry".

> "Die enigste tyd wat moeilikheid dreig, is as Leonie die slag vir Frikkadel sê die donkie moet eens en vir altyd uit die huis uit."

Donderdagoggend groet Basie sy seun en die ander twee op die plaaswerf: "Geniet dit. En ry versigtig... niks vinniger as 120 km/h nie, Frikkadel. En onthou wat julle pa's julle geleer het. Moet ook nie dr. Lucas se raad oor geweerveiligheid staan en vergeet nie..."

Hy resiteer 'n stukkie uit een van wyle dr. Lucas Potgieter se geweerboeke.

By Dealesville se kant is die vermaning oor 120 km/h vergete. Die Hilux draf teen 140-150 km/h Noord-Kaap se kant toe.

"Dit lyk of ons al voor middagete daar gaan wees," skree Frikkadel dit uit bo die oorverdowende rockklanke van Bad Company se "Here Comes Trouble".

Hulle skree-gesels uitbundig bo die musiek uit oor die meisies wat hulle die vorige aand in die Spur op Bethlehem raakgekuier het en die koedoes wat wag.

**NET SOOS FRIKKADEL** voorspel het, hou hulle voor middagete by Brakputs se plaashuis stil. Op die rooi stoep wag die twee ou mense hulle in. Die verwelkoming is hartlik en hulle kry 'n bak vol vars kerrievetkoeke persent. Tannie Mieta is 'n bobaas kok en bakster én gasvrou vir troues op die plaas.

"Geniet dit. Onthou net: G'n skietery Sondag nie," groet tannie Mieta op die stoep toe die drie jong manne bakkie se kant toe staan om te gaan kamp opslaan.

"Reg so, Tannie. Dankie, Tannie."

Kort voor lank staan die tente in die veld en die vuurtjie brand. Die jagtery word glas-in-die-hand beplan.

"Ons loop almal saam, maar een ou skiet 'n bok per dag. Dan kry elke man sy dag en sy bok," stel Frikkadel voor. "Ek sal maar die minste wees en eers Maandag skiet."

Vrydagoggend is hulle vroeg aan die stap. Ure en kilometers later kry Bart sy bok – 'n mooi koei – effens verskuil agter swarthake. Dis 'n perfekte skoot agter die blad oor so 120 m. Kort voor lank hang die bok afgeslag in die plaashuis se koelkamer. By die kampplek word die vuur aangesteek, die koelboks nader gesleep en Bart se bok behoorlik gevier.

Leendert se koedoe – 'n stewige bul met mooi horings – val Saterdagmiddag laat in die rooi Kalaharisand aan die voet van 'n dolerietkoppie. Dis ook 'n goeie skoot – in die hoognek en ook oor 'n goeie afstand. Die kampvuur brand tot ounag hoog en die koelboks werk oortyd vir die viering van Leendert se bok wat nou langs Bart s'n in die koelkamer hang.

Sondagoggend slaap die manne hulle roes af en hang daarna doelloos rond, want, onthou: G'n skietery op Sondag nie.

Vroegmiddag kom die voorstel van Leendert se kant af om maar die vuur aan te steek en solank die koedoe te vier wat

Frikkadel nog moet skiet. Hulle vier en vier. Dit word laatmiddag… skemer… laatskemer… En hulle vier…

**UIT DIE BLOUTE** spring Frikkadel op langs die vuur. Binne 'n oogwink is hy in sy tent, weer uit en terug by die vuur – mét sy .30-06 in die hand. Die ander twee sit witgeskrik, maar voordat enigiemand iets kan vra, bulder Frikkadel: "Te hel daarmee!"

Ka-dwa! klap die skoot.

Langs die groentetuintjie, skuins duskant die tente, slaan 'n bokgedaante met 'n plof in die donker nag neer.

"Ek het hom!"

Blameer dit op storm-en-drang en daardie blou koelboks langs die vuur, maar moeilikheid is daar moeilikheid.

Op die rooi plaasstoep gil tannie Mieta huilend op Frikkadel: "Jou swerkater! Daai donkie het 'n naam gehad! En hy het die troukarretjie getrek… Daai donkie se naam was Hartseer!"

Frikadel, Bart en Leendert moet summier van die plaas af, maar nie voor Frikadel die heel duur koedoeprys van R6 000 vir Hartseer betaal nie. Want Hartseer was soos familie op Brakputs én het geld ingebring.

**TERWYL DIE DRIEMANSKAP** hulle tente in die donker opslaan en die bakkie pak, kom oom Koot en tannie Mieta met hulle Cruiser aangery.

Hulle en die werkers kom laai vir Hartseer op. Hulle gaan hom begrawe.

Dis die een woord op die ander. Frikkadel stribbel teë: "Óf Tannie gee my geld terug óf ek vat my donkie."

Uiteindelik ry hy en sy vriende op Brakputs weg met die karkasse van twee koedoes en die karkas van Hartseer.

Die koedoes word biltong.

Die taksidermis wil nie 'n donkietrofee maak nie: "Ag nee, hel man!"

Maar Frikkadel skop vas, en die taksidermis gee bes. Omdat g'n mens nog 'n donkietrofee wou hê nie, vra hy Frikkadel die R3 500 wat jy vir 'n sebratrofee betaal. "Dis mos naby genoeg."

Hartseer kry 'n ereplek tussen die ander jagtrofeë in die sitkamer van Frikkadel se plaashuis. En Hartseer is die enigste dier met sy sterfdatum op 'n gegraveerde plaatjie op die houtskild: "Hartseer. Geskiet te Hopetown…"

'n Jaar later trou Frikkadel en Leonie, een van die oulike jong vroue wat hy, Bart en Leendert die aand voor hulle Hopetown toe is in die Spur ontmoet het.

Dis 'n huwelik sonder moeilikheid. Al wanneer moeilik dreig, is as Leonie die slag vir Frikkadel sê die donkie moet eens en vir altyd uit die huis uit. Dan los sy dit maar, en Hartseer bly.

Twee jaar lank vra Leonie elke dan en wan Hartseer moet gaan. En elke keer dreig moeilikheid.

Dan swyg sy maar weer en skryf dit in die stilligheid toe aan storm-en-drang.

Sy's nie verkeerd nie. Toe sy weer sien, haal Frikkadel op 'n goeie dag vir Hartseer sonder 'n woord van die muur af – en Hartseer is uit hulle huis uit.

Dit doen Frikkadel so ewe op sy vyf en twintigste verjaardag.




SKETS FRED MOUTON




Sleepsel

# Wors op wiele

**As 'n man 12 jaar al op dieselfde plek handel dryf, raak jou koswa ietwat van 'n instelling, vertel Len Segers van Edgemead in Kaapstad.**

**Teks** Schalk Jonker **Foto** Zigi Ekron

"Ek trek elke Saterdag en Sondag my rooi koswa by die bekende Milnerton-vlooimark en verkoop boereworsrolletjies, hoenderburgers, koffie, tee en koeldrank. Ek doen dit 12 jaar al uit my getroue koswa.

Ek het die wa spesifiek hiervoor gekoop. Dit is voorheen gebruik deur 'n man wat Italiaanse kos hier by die vlooimark verkoop het. Ek het die wa by hom gekoop en die mense van Coca-Cola het hom oorgeverf en die naam aangebring.

Ek het baie van die wa gehou en dit was natuurlik 'n groot pluspunt dat hy reeds volledig toegerus was met 'n kombuis en 'n werkoppervlak van vlekvrye staal. Dit was dus nie nodig om enigiets aan die binnekant te verander nie.

Die BC-deel van ons naam, BC Boerewors, is 'n afkorting vir "Boerewors Corner", maar omdat 'n mens net tweedehandse goed by die vlooimark mag verkoop, spot ek dat die "BC" staan vir "Before Christ" en dat ons wors uit die Bybelse tyd dateer.

Die woonwa is 'n Turner Swift wat in die destydse Rhodesië vervaardig is. Hy is geregistreer en sy papierwerk is op datum. Ek sleep hom met my Isuzu KB250 mark toe en terug.

My knie gee my deesdae probleme. Daarom kan ek nie meer soos vroeër staan en kosmaak nie en het nou iemand wat help. Ek is meer aan die verkopekant van die onderneming… wat basies beteken ek sit net op my alie en vat die geld van die mense wat kos koop.

Dit gaan baie goed met ons koswa, en die feit dat ons al 12 jaar aan die gang is, wys ons doen iets reg en die mense is tevrede met ons kos.

Een deel van die suksesresep is dat ons nie sommer enige wors wat jy by 'n supermark koop, vir ons boereworsrolletjies gebruik nie. Ek laat my wors spesiaal maak by 'n vrou wat biltong en ander vleisprodukte hier by die vlooimark verkoop. My wors is uniek.

As jy 'n draai wil maak en my spesiale wors wil proe, moet jy my Saterdae en Sondae van 9 vm. se kant af kom opsoek. En dis beter om vóór 1 nm. daar te wees, want dit gebeur baie dat ek voor middagete al uitverkoop is."

Het jy iewers 'n rare sleepsel gesien? Vertel ons daarvan en stuur vir ons 'n foto na **wegsleep@weg.co.za** óf *WegSleep*, Posbus 740, Kaapstad 8000.







**Vergeet van die res**
***en kry die beste!***

BPA FREE

COLD 24 HOURS
THE ONE & ONLY IN THE WORLD
HOT 18 HOURS

100% VERVANGINGSWAARBORG
www.atlasware.co.za

Tel: +27 12 345 3108 • enquiries@atlasware.co.za

KAAP AGRI
Sedert 1912 Since 1912
Kloppers expert
trappers essential outdoor gear
WILDEBEES
isiGidi group
Print · Design · Events · Fashion
AGRIMARK
RENCO OUTDOOR & 4X4

# Comet Caravans




## PAASFEES-WINS-KOPE

***Sluit by ons aan vir 'n week van pret en mal KARAVAAN-, SLEEPWA- & WINKEL-aanbiedinge vanaf***

**28 MAART 2017 tot die 2de April 2017**







- Nuwe & gehalte- gebruikte karavane
- Finansiering beskikbaar op perseel
- Campworld-winkel vir opwindende produkte

**www.cometcaravans.co.za**

E-pos: comet@wbs.co.za Tel: 011 826 6241/2/3 of 087 722 9923

Oosthuizen, Boksburg 1460 | GPS: S 26˚, 10,551' E 28˚, 14, 200'